

**MONUMENTE EN GEDENKTEKENS OPGERIG
TYDENS DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK EN
VOORTREKKEREEUFEEES, 1938**

Deur

VICTORIA REGINA HEUNIS

99150035

Ingedien vir die graad

MAGISTER ARTIUM IN KULTUURGESKIEDENIS

By die

Departement Historiese en Erfenisstudies

Universiteit van Pretoria

Pretoria

2008

Studieleier: Me. M. van Heerden

Mede-studieleier: Prof. O.J.O. Ferreira

INHOUD

BLADSY

OPSOMMING EN TREFWOORDE

ix

BEDANKINGS

xi

VOORWOORD

xii

HOOFSTUK 1

INLEIDING

- | | |
|---|---|
| 1. Definisies en terminologie | 1 |
| 1.1 Die term ‘herdenking’ | 1 |
| 1.2 Die term ‘monument’ | 2 |
| 1.3 Die term ‘gedenkteken’ | 3 |
| 2. Die betekenis van monumente en gedenktekens | 4 |

HOOFSTUK 2

DIE HERDENKING VAN DIE GROOT TREK IN SUID-AFRIKA BY WYSE VAN DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK EN DIE OPRIGTING VAN GEDENKTEKENS

- | | |
|---|----|
| 1. Die ATKV se betrokkenheid by die Simboliese Ossewatrek | 9 |
| 2. Die Simboliese Ossewatrek - <i>Op die pad van Suid-Afrika</i> | 11 |
| 3. Die oprigting van klipstapels langs die roete van die Simboliese Ossewatrek | 15 |

HOOFSTUK 3

’N VERGELYKING TUSSEN DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK TER HERDENKING AAN DIE GROOT TREK IN SUID-AFRIKA EN DIE *NATIONAL OLD TRAILS ROAD* TER HERDENKING AAN DIE WESWAARTSE UITBREIDING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

- | | |
|---|----|
| 1. Die DAR se betrokkenheid by die <i>National Old Trails Road</i> | 18 |
| 2. Die <i>National Old Trails Road</i> | 19 |

3. **Die oprigting van die *Madonna of the Trail*-monumente langs die *National Old Trails Road*** 21
4. **'n Vergelyking tussen die Simboliese Ossewatrek-herdenkingsgeleentheid in Suid-Afrika en die *National Old Trails Road*-herdenkingsgeleentheid in die VSA** 26

HOOFSTUK 4

DIE ONTWAKING VAN 'N EIE AFRIKANERIDENTITEIT EN -KULTUUR GEDURENDE DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK EN VOORTREKKEREEUFEES IN 1938

1. **Die Groot Trek as grondslag vir die wording van die Afrikaner** 29
2. **Die kulturele ontwaking van die Afrikaner en die meegaande ontwikkeling van Afrikanernasionalisme in die vroeë twintigste eeu** 31
3. **Die kulturele impak en betekenis van die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefees** 33
4. **Die oprigting van monumente en gedenktekens gedurende die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefees** 35

HOOFSTUK 5

'N INTERPRETERING VAN DIE DATABASIS: DIE VERSKILLENDE Tipes MONUMENTE EN GEDENKTEKENS WAT TYDENS DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK EN VOORTREKKEREEUFEESVIERINGE IN 1938 OPPERIG IS

1. **Monumente** 37
 - 1.1 **Ontwerp en vorm** 37
 - 1.2 **Simboliek en betekenis** 40
 - 1.2.1 **Simboliek van die ossewa** 40
 - 1.2.2 **Betekenis van die monumente as tydskapsules** 42
 - 1.3 **Voorbeelde van Groot Trek-monumente wat in 1938 opperig is** 44
 - 1.3.1 **Die Voortrekkermonument, Pretoria** 45
 - 1.3.2 **Bloedriviermonument, KwaZulu-Natal** 52
 - 1.3.3 **Karel Landman-monument, Alexandria** 56
 - 1.3.4 **Retief-monument, Port Elizabeth** 59

1.4	Voorbeelde van Eeufeesgedenkmonumente wat in 1938 opgerig is	61
1.4.1	Eeufeesgedenkmonument by die Hoërskool Langenhoven, Pretoria	61
1.4.2	Eeufeesgedenkmonument by die Helpmekaar Kollege, Braamfontein, Johannesburg	63
1.4.3	Eeufeesgedenkmonument by die N.G. Kerk, Lindley	65
1.4.4	Eeufeesgedenkmonument by die N.G. Kerk, Marquard	66
1.4.5	Eeufeesgedenkmonument by die plaas Dikepping, Kuruman	67
1.4.6	Eeufeesgedenkmonument by die standplaas Zaaillager, Estcourt	68
1.4.7	Eeufeesgedenkmonument agter die Stadsaal, Potchefstroom	69
1.4.8	Eeufeesgedenkmonument oorkant die Poskantoor, Reddersburg	71
1.5	Voorbeelde van Anglo-Boereoorlogmonumente wat in 1938 opgerig is	72
1.5.1	Oudstrydersmonument, Cottesloe, Johannesburg	73
1.5.2	Burgermonument, Harrismith	75
2.	Klipstapels	77
2.1	Ontwerp en vorm	77
2.2	Simboliek en betekenis	79
2.3	Voorbeelde van klipstapels wat toegemessel is	82
2.3.1	Voortrekkermonument klipstapel, Pretoria	82
2.3.2	Bloedrivier-klipstapel, KwaZulu-Natal	84
3.	Standbeelde	85
3.1	Ontwerp en vorm	85
3.2	Simboliek en betekenis	86
3.3	Voorbeelde van standbeelde wat opgerig of verskuif is	86
3.3.1	Voortrekkermeisie, Oranje Meisieskool, Bloemfontein	86
3.3.2	Johanna van der Merwe-standbeeld, Moorreesburg	87
3.3.3	Verskuiwing van die Krugerstandbeeld, Pretoria	88
4.	Waspore in sement	89
4.1	Ontwerp en vorm	89
4.2	Simboliek	90

4.3	Voorbeeld van waspore in sement wat opgerig is	90
4.3.1	Waspore by die Merensky Biblioteek, Universiteit van Pretoria, Pretoria	91
5.	Gedenkstone	92
5.1	Ontwerp en vorm	92
5.2	Simboliek	95
5.3	Voorbeeld van 'n gedenksteen	95
5.3.1	Langenhoven-gedenksteen, Meiringspoort, De Rust	95
6.	Gedenkgeboue	96
6.1	Ontwerp en vorm	96
6.2	Simboliek en betekenis	96
6.3	Voorbeeld van 'n gedenkgebou	97
6.3.1	Voortrekkerkerk, Boksburg-Noord, Johannesburg	97
7.	Ander gedenktekens	99
7.1	Gedenktekens teen heuwels	99
7.2	Gedenkbome	100
7.3	Gedenk-sonwysers	100
7.4	Gedenk-ereboë	101

HOOFSTUK 6

DIE BEWARING EN RELEVANSIE VAN DIE VOORTREKKEREEUFEES-GEDENKTEKENS IN 'N POST-APARTHEID SUID-AFRIKA

1.	Die bewaring van die monumente en gedenktekens	102
2.	Die politieke kaping van die monumente en gedenktekens	108
3.	Die relevansie van die monumente en gedenktekens	112
3.1	Die toerismepotensiaal van die monumente en gedenktekens	112
3.2	Die kulturele betekenis van die monumente en gedenktekens	113

SLOT	116
-------------	-----

BRONNE	246
---------------	-----

OPSOMMING

Die Simboliese Ossewatrek wat op 8 Augustus 1938 by die Van Riebeeck-standbeeld in Kaapstad begin het en op 16 Desember 1938 met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria geëindig het, het tydens die honderdjarige herdenking van die Groot Trek grootliks tot die oplewing van Afrikanernasionalisme en Afrikaneridentiteitsvorming bygedra. Tydens die Voortrekkereuefeesvieringe in 1938 het die waens na beraming by meer as vyfhonderd dorpe en plekke aangedoen waar entoesiasies feesgevier is met historiese optogte en opvoerings, kerkdienste, toesprake en feesredes en die lê van 'n klipstapel of die onthulling van 'n monument of gedenkteken wat spesiaal vir die geleentheid opgerig is. Die doel van die studie was om eerstens 'n gedetailleerde databasis saam te stel oor die minder bekende monumente en gedenktekens wat in 1938 dwarsoor Suid-Afrika opgerig is en om hulle sover moontlik behoorlik te dokumenteer. Tweedens is die relevansie, kulturele betekenis en bewaring van die tasbare onverskuifbare erfenis in 'n post-apartheid Suid-Afrika geëvalueer en bespreek.

TREFWOORDE

1938

Afrikanererfenis

Afrikanernasionalisme

Gedenkteken

Groot Trek-herdenking

Klipstapel

Monument

Simboliese Ossewatrek

Voortrekkereuefees

Voortrekkermonument

ABSTRACT

The symbolic ox-wagon trek that started on 8 August 1938 at the Van Riebeeck statue in Cape Town and ended with the foundation stone laying of the Voortrekker Monument in Pretoria on 16 December 1938, contributed to the revival of Afrikaner Nationalism and the forming of an Afrikaner identity. During the Voortrekker Centenary celebrations in 1938 the wagons visited more than five hundred towns where the inhabitants enthusiastically celebrated the event with historical pageants and processions, church services, speeches and usually stone cairns were layed or a monument or memorial was unveiled to commemorate the occasion. The main aim of this study was to compile a detailed database about these often unknown monuments and memorials that were erected all over South Africa in 1938 and to document them as far as possible. The second aim was to evaluate and discuss the relevance, cultural significance and preservation of these unmovable heritage structures in a post-apartheid South Africa.

KEYWORDS

1938

Afrikaner Heritage

Afrikaner Nationalism

Great Trek Commemoration

Memorial

Monument

Stone cairn

Symbolic ox-wagon trek

Voortrekker Centenary

Voortrekker Monument

BEDANKINGS

Die onderwerp vir die studie is deur my voorliefde vir monumente en gedenktekens geïnspireer en ook deur die talle navrae wat die Voortrekkermonument Navorsingsafdeling deurentyd ontvang rakende die monumente en gedenktekens wat in 1938 opgerig is. Daar was nie een samevattende inligtingsbron oor die monumente en gedenktekens nie en ook nie 'n databasis of lys wat vinnige naslaanwerk vergemaklik het nie. Verskeie bronne moes telkens geraadpleeg word om die inligting te verkry. Hopelik sal hierdie studie die leemte aanvul.

Baie dankie aan my ouers, familie en vriende wat my ondersteun het en foto's geneem het waar hulle ook al 'n monumentjie gesien het – sonder hulle aanmoediging sou die studie nie moontlik gewees het nie. Spesiale dank ook aan my man, M.C., wat my deurentyd bygestaan en aangemoedig het en wat meer bekommerd oor my studie as sy eie was.

Baie dankie aan al die individue, argiewe, biblioteke, museums, organisasies en verenigings wat so behulpsaam was en my van inligting verskaf het. Spesiale dank aan Esta Jones by die Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG) in Bloemfontein, Jeanette Geyer by die ATKV Museum in Hartenbos en Estelle Pretorius, Riette Zaaiman en Cecilia Kruger wat by die Erfenisstigting Navorsingsentrum betrokke is, asook die Bestuur van die Voortrekkermonument. Baie dankie ook aan die Voortrekkerbeweging, die ATKV en die Rapportryers wat ingestem het om die vraelyste aan hulle lede te stuur. Dankie aan die verskeie individue wat op die vraelyste gereageer het en inligting en foto's verskaf het. Spesiale dank ook aan my studieleiers, me. M. van Heerden en prof. O.J.O. Ferreira, wat my goeie raad en kritiek gegee het en op wie se knoppie ek altyd kon druk as ek raad nodig gehad het. Groot dank is ook aan Estelle Pretorius verskuldig wat my verhandeling taalversorg het.

Laaste, maar beslis nie die minste nie, dank ek die Here wat my navorsing geseën het en my die krag gegee het om deur te druk – alle eer en dankbaarheid kom Hom toe.

VOORWOORD

Die Groot Trek was 'n uiters belangrike historiese gebeurtenis in die Afrikaner se geskiedenis en het bygedra tot die wording en identiteitsvorming van die Afrikanerkultuurgroep in Suid-Afrika.¹ Die honderdjarige herdenking van die Groot Trek het met die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefeesvieringe van 1938 grootliks bygedra tot die oplewing van Afrikanernasionalisme, oftewel, 'n Afrikaner-rennaissance, wat tot die groei, herbelewing en herinterpretasie van die Afrikanerkultuur gelei het. Op 8 Augustus 1938 het die Simboliese Ossewatrek van die Van Riebeeck-standbeeld in Kaapstad af vertrek en vier maande en vyf dae daarna, op 13 Desember 1938, het die waens in Pretoria gearriveer.² Die hoogtepunt van die Eeuefeesvieringe was die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938, asook die hoeksteenlegging van die Bloedriviermonument op dieselfde dag.³ Die waens het na beraming by meer as vyfhonderd dorpe en plekke aangedoen waar entoesiasties feesgevier is met optogte, opvoerings, kerkdienste, toesprake en feesredes, en is daar gewoonlik ook 'n klipstapel spesiaal vir die geleentheid opgerig of 'n monument of gedenkteken onthul.⁴

Heelwat materiaal is reeds oor die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefees van 1938 gepubliseer. Met die evaluering en ontleding van die sekondêre bronne wat hoofsaaklik vanuit die Afrikanergeskiedskrywing en -oogpunt geskryf is, is vasgestel dat daar nie in besonder op die buite-wetenskaplike historiese bewussyn en die tasbare kulturele nalatenskap van die herdenkingsfeesvieringe van 1938 gefokus is nie. Buite-wetenskaplike historiese bewussyn word soos volg deur Van Jaarveld beskryf: “Die wetenskaplike geskiedskrywing oor die Voortrekkers is maar een vorm van die historiese bewussyn naas vele ander. Dié dateer uit die 20ste eeu. Hiernaas vind ons ook 'n buite-wetenskaplike historiese bewussyn in die alledaagse leefwêreld van die Afrikaners wat veral rondom die

¹ S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, p. 18.

² G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, pp. 32, 195.

³ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 202.

⁴ S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, p. 25.

jaarlikse viering van 16 Desember vorm aangeneem en uitdrukking in die letterkunde, dilettante geskiedskrywing, monumente, museums en kultuur- en feestesprake gevind het”.⁵ In die meeste sekondêre bronne is meer aandag gewy aan die politieke, sosiaal-maatskaplike, ekonomiese en godsdienstige impak wat die geleentheid meegebring het en die oplewing van Afrikanernasionalisme.

Dit is nie moontlik om met die spesifieke studie die totale buite-wetenskaplike historiese bewussyn en tasbare nalatenskap op kulturele gebied te dek nie. Komponente soos replika voortrekkerkleredrag, aandenkings en memorabilia, digkuns en musiek, toneelopvoerings, straatnaamveranderinge en persoonlike herinneringe en mondelingse oorleweringe van persone wat self die feesvieringe meegemaak het, is nie ondersoek nie en kan as materiaal vir ’n opvolgstudie dien. Die afbakening is deur tyd en finansiële beperkingsfaktore genoodsaak. Daar is egter besluit om met die studie slegs op die tasbare onverskuifbare erfenis te fokus, naamlik die monumente en gedenktekens wat tydens die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefees van 1938 opgerig is, asook monumente en gedenktekens wat later opgerig is, maar waarvan die idee in 1938 reeds ontstaan het of waarvan die hoeksteen of klipstapel gelê is. Volgens Kapp is meer as ’n honderd sulke gedenktekens langs die trekpad opgerig.⁶

In die inleidende hoofstuk (hoofstuk 1) word die terme ‘herdenking’, ‘monument’ en ‘gedenkteken’ gedefinieer en die redes vir die oprigting en betekenis van monumente word kortliks bespreek. Sekondêre bronne wat vir die hoofstuk geraadpleeg is, is die *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* en die artikels *Monumente en nasionalisme* deur Botha en *A critique of monuments* deur Maré.⁷

Hoofstuk 2 gee ’n oorsig oor die die Simboliese Ossewatrek en die Voortrekkereuefeesvieringe wat in 1938 plaasgevind het. Die artikel *Die Simboliese*

⁵ F.A. van Jaarsveld, ’n Afrikanerperspektief op die Groot Trek: Simbool en ritueel, *Historia* 33(2), November 1988, p. 12.

⁶ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 266.

⁷ F.F. Odendaal *et al.* (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, Midrand, 1994; M.C. Botha, Monumente en nasionalisme, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(2), Julie 1985; E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004.

Ossewatrek van 1938 deur Van Rensburg het waardevolle inligting verskaf en is hoofsaaklik gebruik om die aard en verloop van die feesviering toe te lig en te beskryf.⁸ Verskeie addisionele sekondêre bronne is ook vir agtergrondinligting geraadpleeg. De Witte se boek, *Langs die pad van Suid-Afrika*, is in 1939 uitgegee en is gebaseer op sy persoonlike ervaringe en interpretasie as joernalis op die trekroete en verskaf 'n waardevolle visuele uitbeelding van die Simboliese Ossewatrek.⁹ Die boek van Ferreira, *'n Volk se hulde*, is in 1975 uitgegee en dek hoofsaaklik die werksaamhede van die Sentrale Volksmonumentekomitee, maar lewer ook 'n insiggewende inset oor die Voortrekkereuefees, asook die Simboliese Ossewatrek en die betekenis van die gebeurtenis.¹⁰ Messina se MA-verhandeling, *Die Voortrekkereuefees 1938*, is in 1981 geskryf en toon 'n wetenskaplike benadering tot die Afrikaner se betrokkenheid en herbelewing van die Groot Trek tydens die Voortrekkereuefees.¹¹ Die rolprent, *'n Nasie hou koers*, wat in 1938 deur die Voortrekkerbeweging vervaardig is, is ook besigtig.¹²

In hoofstuk 3 word 'n vergelyking getref tussen die gedenktekens wat opgerig is tydens die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefeesviering om die gebeurtenis van die Groot Trek in Suid-Afrika te herdenk, en die monumente wat langs die *National Old Trails Road* opgerig is om die weswaarste uitbereiding in die Verenigde State van Amerika te herdenk. Omdat die hoofstuk slegs 'n klein afdeling van die algehele verhandeling vorm, word die aspek kortliks bespreek met spesifieke verwysing na die twaalf monumente wat deel van die *Madonna of the Trail* monumentegroep vorm en langs die *National Old Trails Road* opgerig is.¹³ Paul Scolari se proefskrif, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930* is as die hoofbron gebruik.¹⁴

⁸ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), 1972-03.

⁹ T. de Witte, *Langs die pad van Suid-Afrika*, Pretoria, 1939.

¹⁰ O.J.O. Ferreira, *'n Volk se hulde*, Johannesburg, 1975.

¹¹ E. A. Messina, *Die Voortrekkereuefees 1938*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland, 1981.

¹² Nasionale Film-, Video- en Klankargief, Pretoria: Rolprent: *'n Nasie hou koers*.

¹³ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, Universiteit van Pittsburgh, 2005, p. 185.

¹⁴ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, Universiteit van Pittsburgh, 2005.

In hoofstuk 4 word die opkoms en groei van Afrikanernasionalisme en identiteitsvorming van die Afrikanerkultuurgroep kortliks bespreek, met spesifieke fokus op die kulturele klimaat wat deur die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefees geskep is en die invloed wat die oprigting van monumente en gedenktekens in 1938 gehad het. Relevante artikels wat geraadpleeg is, is Kapp se *Die betekenis van die eeufees op Kultuurgebied* en Grundlingh se *From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrializing South Africa, 1938-1988*.¹⁵ Daarbenewens is die artikel *Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments* deur Marschall gebruik om die instelling van die Groot Trek as oorsprongsmite deur die institusionalisering van monumente te bespreek.¹⁶

Die interpretasie van die databasis in hoofstuk 5 en die databasis (Bylaag I) loop hand aan hand. Die hoofstuk handel oor die ontwerp en vorm, asook die simboliek en betekenis van die verskillende tipes monumente en gedenktekens wat opgerig is met verwysings na spesifieke voorbeelde uit die databasis. Die monumente wat opgerig is, word in drie katagorieë ingedeel, naamlik Groot Trek-monumente, Eeufeesgedenkmonumente en Anglo-Boereoorlogmonumente. Die tradisionele gebruik om klipstapels op te rig waarvan die klippe dan dikwels deel was van 'n gedenkteken wat later opgerig is, word ook in detail bespreek. Benewens die monumente en klipstapels word die ander tipe gedenktekens wat ook opgerig is (soos gedenkkerke, -naalde, -suile, -plate en -stene, standbeelde en waspore afgedruk in sement), bespreek. Die leemte wat geïdentifiseer is by die bestaande sekondêre bronne oor die monumente en gedenktekens wat tydens die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefeesvieringe opgerig is, word deur die hoofstuk en die meegaande databasis aangespreek.

Die hoofdoel van die studie was om die monumente en gedenktekens wat in 1938 opgerig is te identifiseer, na te vors en te dokumenteer, sodat daar 'n databasis bestaan van die besonderse gedenktekens. Verskeie sekondêre bronne is gebruik om die raamwerk van

¹⁵ P.H. Kapp, Die betekenis van die eeufees op Kultuurgebied, *Die Taalgenoot*, Julie 1968; A.Grundlingh and H Sapire, *From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrializing South Africa, 1938-1988*. s.l., 1989.

¹⁶ S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005.

die databasis saam te stel. Mostert se *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika* is in 1940 uitgegee en is as die hoof bron van inligting oor die Simboliese Ossewatrek gebruik.¹⁷ Duvenage se boek, *Die Gedenktrek van 1938*, is met die 150-jarige herdenking van die Groot Trek in 1988 uitgegee en het ook toeliggende inligting verskaf.¹⁸ Addisionele sekondêre bronne wat geraadpleeg is om leemtes in die databasis aan te vul is *Afrikanerbakens* met Swart as redaksievoorsitter, Van Tonder se *Fotobeeld van 300 monumente, standbeelde en gedenktekens langs die die pad van Suid-Afrika*, asook Nienaber en Le Roux se *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*.¹⁹ Hoewel al drie die boeke waardevolle inligting en foto's oor die gedenktekens bevat, word slegs in 'n sinnetjie of twee na 'n spesifieke monument of gedenkteken verwys en is die inligting ontoereikend en onvolledig. 'n Reeks artikels getiteld *Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek* deur Van Tonder wat van Augustus 1969 tot September 1974 in *Die Taalgenoot* gepubliseer is, is ook bygewerk.²⁰

Hoewel die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in 1938 die hoogtepunt van die Eeufeesvieringe was, word die Voortrekkermonument nie in die studie as sodanig uitgesonder nie, maar is eerder op die kleinere monumente gefokus wat opgerig is, om soveel moontlik inligting oor dié onbekende en soms vergete monumente te verkry. Die bronne wat oor die Voortrekkermonument geraadpleeg is, is onder meer Grobler se *Ontdek die Voortrekkermonument*, die Amptelike Gids van *Die Voortrekkermonument* en Van Tonder se *Veertien gedenktekens van Suid-Afrika* wat die Voortrekker- en Bloedriviermonumente beskryf.²¹ Benewens die gepubliseerde bronne is gedenkprogramme en -brosjures, tydskrifte en koerantknipsels van 1938 by die Erfenisstigting Navorsingsentrum (geleë op die Voortrekkermonument Erfenisterrein) en die ATKV Hartenbosmuseum ook geraadpleeg.

¹⁷ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, Kaapstad, 1940.

¹⁸ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, Pretoria, 1988.

¹⁹ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, Goodwood, 1989; J.J. van Tonder, *Fotobeeld van 300 monumente, standbeelde en gedenktekens langs die die pad van Suid-Afrika*, Krugersdorp, 1974; P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, Pretoria, 1983.

²⁰ J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek, *Die Taalgenoot*, Augustus 1969 – September 1974.

²¹ J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, Pretoria, 2001; Beheerraad van die Voortrekkermonument, *Die Voortrekkermonument: amptelike gids*, Pretoria, 1972; J.J. van Tonder, *Veertien gedenktekens van Suid-Afrika*, Kaapstad, 1961.

Primêre inligting is ingesamel deur die privaatversamelings van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) by die Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG) in Bloemfontein te raadpleeg.²² Die ATKV se privaatversameling het waardevolle inligting opgelewer, aangesien die vereniging in 1967 en 1968 briewe aan stadsrade en munisipaliteite gestuur het om 'n opname te maak van die ligging, toestand en versorging van die sogenaamde Trekbakens wat tydens die Simboliese Ossewatrek van 1938 opgerig is, om “sodoende te verseker dat dit nie verwaarloos raak en vir ons nageslagte verlore gaan nie”.²³ Hoewel die dokumentasie van die Simboliese Ossewatrek by die ATKV Museum in Hartenbos ook nagegaan is, is vasgestel dat die meeste van die inligting reeds in Mostert se *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika* opgeneem is.²⁴

Die fisiese besigtiging van die monumente en gedenktekens bly egter die primêre bron van inligting. As gevolg van beperkende faktore soos afstand (die gedenktekens is dwarsoor die hele land versprei), befondsing en tyd, is vraelyste aan die onderskeie takke van belanghebbende kultuurorganisasies uitgestuur om inligting te verkry, naamlik die Voortrekkerbeweging, die ATKV en die Rapportryers. Ongelukkig was die terugvoer nie na wense nie en slegs 'n paar vorms is teruggestuur. Die vorms wat wel ontvang is en die monumente wat self besoek kon word, is gedokumenteer en in die databasis opgeneem. Die databasis is dus so goed moontlik saamgestel met die primêre en sekondêre inligting tot beskikking, maar kan geensins as volledig beskou word nie. Dit is onmoontlik om al die monumente en gedenktekens self te besoek en daar is dus heelwat leemtes in die databasis. Daar kon byvoorbeeld nie altyd met sekerheid vasgestel word of van die klipstapels wat in 1938 opgerig is wel later in een of ander gedenkteken opgeneem is nie. Die huidige toestand van monumente en gedenktekens kon ook nie altyd bepaal word nie, tensy die monument of gedenkteken self besigtig kon word nie. Die databasis vorm egter 'n grondslag en gee 'n goeie oorsig, sodat verdere navorsing oor die monumente en gedenktekens in die toekoms gedoen kan word en die databasis voortdurend aangevul kan

²² Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379, Privaatversameling van Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging.

²³ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Trekbakens: Simboliese Ossewatrek 1938, p.1: V.P.B. Horne – Stadsklerk, Barkly-Wes, 1967-10-30.

²⁴ ATKV Hartenbosmuseum, Hartenbos: Lêers ongenommer, Argief van die Simboliese Ossewatrek.

word. Benewens die leemtes in die databasis is ook besluit om plek- en dorpsname te gebruik soos dit in 1938 bekend gestaan het, maar waar moontlik is hedendaagse spelwyses gebruik en die ou naam tussen hakies aangedui. Hedendaagse herbenamings van plekke en dorpe is dus nie bygewerk nie en is die databasis alfabeties volgens die oorspronklike dorps- en pleksname ingedeel. Daar is besluit om die databasis alfabeties te rangskik, sodat die naslaan van gedenktekens by 'n spesifieke plek of dorp vinnig kan geskied. 'n CD met foto's is ook aangeheg en kan in oorleg met die databasis (Bylaag I) geraadpleeg word, deurdat die nommer van die foto en die nommer in die databasis ooreenstem. Die foto's van die monumente en gedenktekens wat opgerig is, dien as 'n visuele rekord.

Gedurende die evaluering van die bronne het die volgende vrae ontstaan: Speel die gedenktekens wat in 1938 opgerig is, nog steeds 'n relevante rol in 'n post-apartheid Suid-Afrika met 'n nuwe Suid-Afrikaanse identiteit? En maak die huidige erfenisbeleid en wetgewing voorsiening vir die bewaring van die gedenktekens? In die laaste hoofstuk (hoofstuk 6) word die studie se tweede doelwit aangespreek, deurdat die relevansie, bewaring en kulturele betekenis van die Voortrekkereëufesmonumente en -gedenktekens in 'n post-apartheid Suid-Afrika geëvalueer en bespreek word. Bestaande erfeniswetgewing in Suid-Afrika, naamlik die *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne Wet no. 25 van 1999*, is geraadpleeg om vas te stel in hoe 'n mate die wet vir die bewaring van die monumente en gedenktekens voorsiening maak.²⁵ Relevante artikels is ook geraadpleeg om nasionale menings en kritiek ten opsigte van die kulturele betekenis en relevansie van die monumente en gedenktekens te bepaal, naamlik *Translating the past: apartheid monuments in a post-apartheid South Africa* deur Coombes en referate gelewer by 'n Geskiedeniswerkwinkel getiteld *Myths, monuments, museums: New Premises?* by die Universiteit van die Witwatersrand, 16-18 Julie 1992.²⁶

²⁵ Republiek van Suid-Afrika, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne Wet no. 25 van 1999, *Staatskoerant* 406(19974), 1999-04-28.

²⁶ A.E. Coombes, *Translating the past: apartheid monuments in a post-apartheid South Africa*, in A. Brah en A.E. Coombes (eds.) *Hybridity and its discontents: politics, science, culture*, London, 2000.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1. Definisies en terminologie

1.1 Die term 'herdenking'

Die term 'herdenk' word soos volg deur die *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) gedefinieer: “1 Opnuut, weer in die gedagte, voor die gees bring: ’n Gebeurtenis, voorval herdenk. 2 Die herinnering, gedagtenis aan iets vier: *Hulle herdenk hulle troudag*. 3 Onder eerbetoon in herinnering roep: *’n Groot staatsman herdenk*”.¹ Die term 'herdenking' is dus die fisiese handeling of daad waartydens herdenk word of waar ’n gedagtenisviering plaasvind, soos ’n herdenkingsfees of die oprigting van ’n gedenkteken.² Savage skryf in sy artikel die volgende oor herdenkings: “Dictionary definitions tell us that to commemorate is to ‘call to remembrance’, to mark an event or person or group by a ceremony or an observance or a monument of some kind. Commemorations might be ephemeral or permanent; the key point is that they produce collective memory in some conspicuous way”.³

Daar is dus ’n duidelike verhouding tussen herdenkings en die oprigting van monumente of gedenktekens wat veroorsaak dat dit prominent in die kollektiewe geheue van ’n spesifieke gemeenskap, kultuurgroep of nasie figureer. Dit word soos volg uitgewys deur Armstrong en Nelson: “The ritual and the monument can embody the essence of events. Monuments can provide a site for a form of permanence in a landscape and imprint events in collective memory. [...] Monuments remind, warn, and suture; they provide the public space for recognition, reunion and mourning”.⁴ Die honderdjarige herdenking van

¹ F.F. Odendaal *et al.* (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 363.

² F.F. Odendaal *et al.* (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 363.

³ K. Savage, ‘History, memory and monuments: An overview of the scholarly literature on commemoration’, <http://www.cr.nps.gov/history/resedu/savage/htm>, 2006-11-30.

⁴ A. Ioan, *Sacred Space*, p. 29, soos aangehaal in E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 75.

die Groot Trek in 1938 met die meegaande Voortrekkereufeesvieringe en Simboliese Ossewatrek was 'n belangrike gebeurtenis en die oprigting van monumente en gedenktekens het daartoe bygedra dat die historiese gebeurtenis duidelik in die Afrikanerkultuurgroep se kollektiewe geheue ingeprent is.

1.2 Die term 'monument'

Die term 'monument' is afkomstig van die Latynse woord *monere* wat “remind, warn, advise,” maar ook “admonish” beteken. Die afgeleide term van *monere* is *monumentum* wat monument beteken.⁵ 'n Monument kan eerstens gedefinieer word volgens die doel en funksie waarvoor dit opgerig is, naamlik om toeskouers aan 'n spesifieke individu of gebeurtenis te herinner.⁶ Die HAT definieer die term 'monument' min of meer in dieselfde trant: “[’n] Gedenkteken opgerig ter herdenking van ’n gebeurtenis of ter verering van ’n persoon of persone.”⁷ Let wel dat daar in die definisie na ’n monument verwys word as ’n gedenkteken (sien ook verduideliking van die term ‘gedenkteken’).

Tweedens word ’n monument beskryf en gedefinieer as ’n fisiese/tasbare, visuele en onverskuifbare voorwerp soos ’n argitekturele struktuur of standbeeld wat in die openbaar tentoongestel word.⁸ Die beskrywing kom ook duidelik na vore in die definisie van ’n internet-ensiklopedie wat ’n monument definieer as “a statue, building or edifice created to commemorate a person or important event”.⁹

Die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* (WAT) neem altwee die faktore in ag en beskryf die essensie van ’n monument die beste: “1 Struktuur, bv. ’n gebou of standbeeld, opgerig om ’n bep. gebeurtenis te gedenk of ’n bep. persoon of groep persone te vereer... 2 Iets, gew. ’n gebou, wat historiese of nasionale waarde het en wat gew. tot ’n

⁵ H. Hattemer, ‘The Vietnam Veterans Memorial’, <http://www.georgetownwebdesign.com/ed/vietnam1.html>, 2007-10-09; J.T. White, *A complete Latin-English and English-Latin dictionary*, p. 235.

⁶ M. Stocker, *Public monument*, p. 41, soos aangehaal in E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 74.

⁷ F.F. Odendaal *et al.* (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 676.

⁸ E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 74.

⁹ Wikipedia, ‘Monument’, <http://en.wikipedia.org/wiki/Monuments>, 2006-10-16.

gedenkwaardigheid verklaar is... 3 Iets wat van buitengewone blywende waarde is of wat 'n voortdurende herinnering is aan 'n bep. persoon of gebeurtenis".¹⁰

Vir die doel van hierdie studie word die term monument gebruik om na 'n struktuur, gebou of standbeeld te verwys wat opgerig is ter herdenking aan 'n spesifieke gebeurtenis of verering van 'n spesifieke persoon wat met die Groot Trek verband hou. Met dié studie word dus spesifiek op die monumente gefokus wat in 1938 opgerig is, asook monumente wat later opgerig is, maar waarvan die idee in 1938 reeds ontstaan het, of waarvan die hoeksteen of klipstapel in 1938 gelê is.

1.3 Die term 'gedenkteken'

Die Engelse term 'memorial' word deur die *Concise Oxford Dictionary* beskryf as "an object, institution, or custom established in memory of a person or event".¹¹ Danto tref 'n duidelike verskil tussen die terme 'monument' en 'gedenkteken': "Monuments make heroes and triumphs, victories and conquests, perpetually present and part of life. The memorial is a special precinct, extruded from life, a segregated enclave where we honour the dead. With monuments we honour ourselves".¹² Die ooreenstemmende verduideliking van 'n 'memorial' kom ook na vore in 'n internetbron wat dit soos volg definieer: "A memorial is an object served as a memory of something, usually a person (who has died) or an event".¹³ Hierdie definisies is 'n baie eng en beperkte interpretasie van die term 'memorial', veral wanneer dit met die Afrikaanse term 'gedenkteken' vergelyk word.

Die vertaling van die term 'memorial' na Afrikaans in die *Tweetalige Woordeboek* is 'n "gedenkteken; aandenking; gedenkstuk; herdenking; aantekening, nota; gedenkskrif; herrinnering; versoekskrif, petisie, adres; memorie".¹⁴ Die term 'gedenkteken' word volgens die HAT beskryf as: "Enigiets wat ter herinnering aan iets of iemand dien, veral

¹⁰ D.J. van Schalkwyk *et al.* (reds.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal X*, p. 525.

¹¹ D. Thompson (ed.), *The concise Oxford dictionary*, p. 850.

¹² A.C. Danto, *The state of the art*, p. 112, soos aangehaal in E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 75.

¹³ Farlex, 'Memorial', <http://encyclopedia.thefreedictionary.com/memorial>, 2006-10-16.

¹⁴ D.B. Bosman *et al.* (reds.), *Tweetalige woordeboek Afrikaans-Engels*, p. 1414.

'n monument of standbeeld".¹⁵ Die WAT se beskrywing vir 'n gedenkteken is dieselfde: "iets wat ter herinnering of gedagtenis aan iem. of iets dien, veral 'n monument of standbeeld".¹⁶ Enigiets is 'n relatiewe breë begrip en kan enigiets van 'n gedenkgraf tot 'n gedenkbord insluit. Die hoofdoel en funksie van 'n gedenkteken is dus om 'n spesifieke persoon of gebeurtenis te herdenk, maar die fisiese en tasbare grootte, verskuifbaarheid, inherente aard en plek van die gedenkteken bepaal nie noodwendig die betekenis en sin van 'n gedenkteken nie. Vir die doel van hierdie studie word die term 'gedenktekens' as versamelnaam gebruik vir die gedenkmonumente en -standbeelde, asook die ander strukture soos gedenknaalde, -plate, -kerke, -suile en -stene, klipbakens, klipstapels en ossewaspore in sementblokke wat opgerig is ter herdenking en herinnering aan die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereufees van 1938.

2. Die betekenis van monumente en gedenktekens

Verskeie eienskappe word onlosmaaklik verbind met die konsep van 'n monument en die blote bestaan van monumente weerspieël die werking daarvan. Eerstens is alle monumente huldigend of herdenkend van aard.¹⁷ Monumente word hoofsaaklik opgerig met die voorneme om funksioneel te wees in die sin dat hulle as die geheue (*aides-mémoires*) vir 'n gemeenskap of kultuurgroep dien wat 'n spesifieke gebeurtenis of persoon herdenk.¹⁸ Monumente dien dus as visuele vergestaltungen van gemeenskappe en kultuurgroepe se herinneringe en houding teenoor hulle verlede en herkoms.¹⁹ Daar is dan ook verskeie redes waarom monumente opgerig word, onder meer om 'n militêre oorwinning of nederlaag te herdenk, om 'n belangrike historiese gebeurtenis te herdenk, of om 'n prominente lewende of afgestorwe persoon te herdenk.²⁰

¹⁵ F.F. Odendaal *et al.* (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p. 242.

¹⁶ P.C. Schoonees *et al.* (reds.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal III*, p. 62.

¹⁷ N.J. Coetzee, Die voorstelling van die Voortrekkers in die kuns, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers*, p. 182.

¹⁸ E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 74.

¹⁹ S. Michalksi, *Public monument: art in political bondage 1870-1977*, voorblad, soos aangehaal in E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 77.

²⁰ E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 74.

Die monumente wat in 1938 opgerig is, het myns insiens 'n tweeledige funksie of doel gehad. Eerstens is monumente opgerig om historiese gebeurtenisse of prominente persone wat 'n groot rol tydens die Groot Trek gespeel het, te herdenk en te vereer soos die hoeksteenleggings op 16 Desember 1938 van die Voortrekkermonument in Pretoria, die Bloedriviermonument by die Bloedrivier/Ncome-slagveld in KwaZulu-Natal en die Karel Landman-monument by Alexandria, Port Elizabeth getuig.²¹ Die tweede funksie was om die gebeurtenis van die Voortrekkereufees en die besoek van die ossewaens aan dorpe langs die roete van die Simboliese Ossewatrek in 1938 te herdenk en te vier met die honderde gedenkmonumente en gedenktekens wat opgerig is, soos die gedenkmonument voor die Stadsaal in Theunissen, die toegemesselde klipstapel by die Hervormde Kerk in Potchefstroom en die ossewaspoor voor die Merensky-gebou by die Universiteit van Pretoria, om maar 'n paar te noem.²²

In die tweede plek het monumente 'n vererende of verheerlikende betekenis.²³ Dikwels word spesifieke gebeurtenisse of persone vereer en as 't ware opgehemel. In die geval van die Voortrekkereufeesvieringe in 1938 is monumente beplan en opgerig om Voortrekkerleiers soos Andries Pretorius en Karel Landman te vereer, en is klem geplaas op spesifieke historiese gebeure tydens die Groot Trek, soos die Slag van Bloedrivier waartydens die Voortrekkers die oorwinning behaal het. Van Jaarsveld verwys soos volg na die Voortrekkereufeesvieringe waar die verering van die Voortrekkers besondere afmetings aangeneem het: "Hulle is enersyds as onbereikbare ideale gestaltes voorgestel en andersins as model vir 'n onsekere toekoms voorgedou. Dit is in sulke tye dat die historiese bewussyn 'n vererende, narcistiese en bewarende funksie bo 'n krities-ontledende vervul het".²⁴ Monumente kan ook eensydig wees en kan die verheerlikende betekenis wat hulle vir 'n spesifieke groep mense inhou, heeltemal die teenoorgestelde uitwerking en betekenis op 'n ander groep mense hê. Dit word duidelik geïllustreer deur

²¹ V.R. Heunis, *Databasis van die monumente en gedenktekens wat tydens die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereufees van 1938 opgerig is*, Bylaag I.

²² V.R. Heunis, *Databasis van die monumente en gedenktekens wat tydens die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereufees van 1938 opgerig is*, Bylaag I.

²³ N.J. Coetzee, Die voorstelling van die Voortrekkers in die kuns, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers*, p. 182.

²⁴ F.A. van Jaarsveld, 'n Afrikanerperspektief op die Groot Trek: Simbool en ritueel, *Historia* 33(2), November 1988, p. 12.

die stelling wat Molema in 1952 met betrekking tot die Van Riebeeck-feesvieringe gemaak het: “... that all monuments, all the celebrations and all the feasts of the white man have a diametrically opposite meaning to the black man, because every monument of the white man perpetuates the memory of annihilation of some black community, every celebration of victory the remembrance of our defeat, his every feast means our famine and his slaughter our tears”.²⁵

In die derde plek doen monumente gewoonlik ’n beroep op die toeskouer se emosies. Volgens Coetzee is die emosionaliteit verantwoordelik vir die meegaande irrasionaliteit wat monumente ontketen.²⁶ Van Rensburg skryf dat “opstuwende geesdrif en diepe ontroering” langs die trekroetes ervaar is en die oprigting van monumente en gedenktekens gedurende die Voortrekkereuefeesvieringe in 1938 sou ongetwyfeld bygedra het tot die oorweldigende emosies wat by die publiek ontlok is.²⁷

Vierdens is geen monument ideologies neutraal nie, maar gewoonlik eerder ideologies oorlaai en dus inherent propagandisties.²⁸ Monumente speel ’n belangrike emosionele en sosiale rol in die samelewing en word dikwels deur die politieke party aan bewind of persoon wat dit laat oprig, gebruik om politieke ideologieë te propageer.²⁹ Maré kom tot dié gevolgtrekking: “In fact most memorials are designed for the indoctrination of those for whose viewing they are intended, and may thus be aptly defined as ‘politics on pedestals’”.³⁰ Die oprigting van monumente en gedenktekens as kultuurbakens gedurende die Voortrekkereuefeesjaar het met ’n opwelling van emosie gepaard gegaan en ’n gevoel van nasietrots het onder die Afrikaner posgevat, wat bygedra het tot die ontwikkeling van ’n nasionale volksgesindheid en Afrikanernasionalisme. Volgens Botha loop monumente en nasionalisme hand aan hand en is daar ’n natuurlike wisselwerking tussen die twee

²⁵ Karis and Carter, *From protest to challenge*, Document 89, p. 478, soos aangehaal in L. Witz, *Apartheid's festival, contesting South Africa's national pasts*, p. 166.

²⁶ N.J. Coetzee, Die voorstelling van die Voortrekkers in die kuns, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers*, p. 182.

²⁷ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 26.

²⁸ N.J. Coetzee, Die voorstelling van die Voortrekkers in die kuns, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers*, p. 182.

²⁹ E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 74.

³⁰ J. Merrick, *Politics on pedestals: royal monuments in eighteenth-century France*, soos aangehaal in E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 74.

begrippe: “Manifestasies van nasionalisme roep om monumente en monumente verwek nasionalisme”.³¹ Die mens is nie net ’n sosiale wese nie, maar ook ’n nasionale wese wat ’n liefde het, trots is op en getrou is aan alles wat eie aan ’n volk is, soos die land, taal, helde, geskiedenis en kultuur.³² Ferreira maak dié stelling: “Hulle [monumente] is die sintese, die samevattende beliggaming van volksideale en volkswense, van wat ’n volk verrig het en wat ’n volk nog wil doen”.³³ Monumente lê dus die dade van die verlede vas en dit word op ’n tasbare manier aan die huidige en toekomstige geslagte vertolk. Monumente, as produkte van skeppende estetiese beeldhouwerk of argitektuur, is die tasbare vergestaltung van die stuwinge in ’n nasie. Die monumentale kunsvorm dien as ’n uiting vir nasietrots. Monumente wat hieraan voldoen, verryk die nasie se kultuurlewe en stimuleer dan sy nasionalisme. Volgens Botha is ’n geslaagde monument een wat aan die behoefte voldoen om direk tot die nasie en sy lede te spreek deur die dade van die verlede vas te lê en aan die toekomstige geslag te vertolk, sodat dit as ’n rigtingaanwyser dien. Monumente wat hieraan voldoen wakker nasionalisme aan en voldoen aan die kernvereistes van ’n monument, naamlik “om in ere te hou, te herinner aan en te besiel”.³⁴ In teenstelling hiermee is Maré van die oortuiging dat die ideaal sal wees om die herinneringe van die verlede in monumente uit te beeld sonder om ’n spesifieke ideologie of persoon te vereer, of om eerder ’n biblioteek op te rig wat meer funksioneel en esteties sal wees en wat boonop nie met inherente propagandistiese ideologieë oorlaai is nie.³⁵ Dit is egter baie moeilik om die inherente karakter van monumente te verander en om hulle a-polities of ’n neutrale voorkoms te gee – juis omdat hulle bestaansrede en simboliek gewoonlik diep in een of ander ideologie of sienswyse gewortel lê wat met die regerende party se doelwitte ooreenstem.

In die vyfde plek oefen die visuele en estetiese voorkoms van monumente en gedenktekens ook ’n impak uit. Daar is nie baie duidelike riglyne in terme van estetiese

³¹ M.C. Botha, Monumente en nasionalisme, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(2), Julie 1985, p. 32.

³² M.C. Botha, Monumente en nasionalisme, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(2), Julie 1985, p. 32.

³³ O.J.O. Ferreira, *’n Volk se hulde*, p. 269.

³⁴ M.C. Botha, Monumente en nasionalisme, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(2), Julie 1985, pp. 32, 35.

³⁵ E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 93.

kriteria waarvolgens monumente as suksesvolle kunswerke of argitektoniese skeppings geëvalueer kan word nie. Maré skryf: “... there does not appear to be any movement to develop a theoretical basis upon which to evaluate monuments according to their contexts and art-historical value, probably because the intrinsic artistic value of most monuments is negligible and because some ideological issues may still be political sensitive”.³⁶ Hoewel beide Ferreira en Kapp daarop wys dat baie van die 1938-monumente en -gedenktekens nie juis estetiese waarde of argitektoniese skoonheid het nie, spreek die gedenktekens direk tot die ‘Afrikanervolk’ se hart en siel en het dit ’n simbool van die ideale van die Afrikaners geword.³⁷ ’n Verslaggewer skryf die volgende oor die gedenkmonument by Marquard: “Hierdie gedenkteken sal vir ons nageslag ’n bemoediging wees. Al is hy nie so mooi nie, hy is gebou met klippe wat gebring is uit die harte van die Afrikaner”.³⁸

Nie alle monumente beskik oor die laaste eienskap van godsdienstige betekenis nie, maar daar is wel dié wat ’n inherente godsdienstige karakter het.³⁹ Die senotaaf as gewyde middelpunt van die Voortrekkermonument is ’n sprekende voorbeeld van die inherente godsdienstige karakter van die Monument en Moerdijk het selfs na die senotaaf as ’n altaar verwys.⁴⁰ Die Voortrekkermonument word as die simboliese rusplek vir die Voortrekkerhelde voorgedra en Coetzee verwys daarna as ’n ‘Boere Valhalla’ en dit word selfs deur party mense ’n ‘Afrikaner-heiligdom’ genoem.⁴¹ Nie net die Voortrekkermonument het ’n godsdienstige karakter nie, maar die klipstapels wat langs die roete van die Simboliese Ossewatrek opgerig is, dui ook op die verbond tussen die Voortrekkers en God wat in die vorm van die Geloofte gesluit is wat deur die Voortrekkers voor die Slag van Bloedrivier afgelê is.

³⁶ E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 76.

³⁷ O.J.O. Ferreira, ‘n Volk se hulde, pp. 99; P.H. Kapp, Die betekenis van die Eeufees op kultuurgebied, *Die Taalgenoot*, Julie 1968, p. 5; A.A. Landman, Die Voortrekkermonument, simbool van sy tyd, *Lantern* 37(4), Oktober 1988, p. 63.

³⁸ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 8: *Onthul monument ter ere van ossewatrek*, p. 1280.

³⁹ N.J. Coetzee, Die voorstelling van die Voortrekkers in die kuns, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers*, p. 182.

⁴⁰ J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, pp. 14, 52.

⁴¹ N.J. Coetzee, Die voorstelling van die Voortrekkers in die kuns, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers*, pp. 182-183.

HOOFSTUK 2

DIE HERDENKING VAN DIE GROOT TREK IN SUID-AFRIKA BY WYSE VAN DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK EN DIE OPRIGTING VAN GEDENKTEKENS

1. Die ATKV se betrokkenheid by die Simboliese Ossewatrek

Teen 1930 het 'n behoefte by die algemene spoorwegwerker ontstaan "... aan 'n georganiseerde geleentheid tot aktiewer handhawing, uitbouing, kweking en verdeling van die Afrikaner se volkseie – sy godsdienst, sy taal, sy tradisies, ja, alles wat die onmiskenbare lewenspatroon van die Boerevolk uitmaak".¹ Veral die spoorweglui het gevoel dat Engels 'n statussimbool geword het en dat dit dikwels bo Afrikaans verhef is deurdat bestuursposte deur Engelssprekendes bekleed is en op die Afrikaanssprekende werknemers se taal en gebruike neergesien is. Die situasie het daartoe gelei dat die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens (SAS & H) op 19 Augustus 1930 gestig is, met die hoofdoel om die Afrikaanse taal en taalbelange binne en buite die spoorwegdiens te bevorder. Addisionele doelstellings waarna die vereniging gestreef het, was om hulle lede se belangstelling in die Afrikaanse kuns en kultuur te prikkel, asook om na hulle lede se kulturele en intellektuele welsyn om te sien. Die vereniging het vinnig gegroei en 'n verdere agt takke is in die vereniging se stigtingsjaar gestig en op 16 en 17 Februarie 1931 is die eerste kongres in Johannesburg gehou.²

Die gedagte om 'n gedenkteken ter ere van die Voortrekkerpioniers op te rig, het reeds in die negentiende eeu ontstaan. Hoewel 'n paar kleiner monumente in Natal opgerig is, het Transvaal nog steeds 'n behoefte gehad om 'n waardige gedenkteken op te rig wat die Groot Trek en die Voortrekkers sou herdenk.³ Verskeie individuele pogings is aangewend vir die oprigting van 'n monumentale gedenkteken tydens die honderdjarige herdenking

¹ A.P.J. van Rensburg, *Monumentaal die bouwerke*, p. 13.

² A.P.J. van Rensburg, *Monumentaal die bouwerke*, p. 15; G.D.J. Duvenage, *Die Gedenkrek van 1938*, p. 11.

³ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 12.

van die Slag van Bloedrivier in 1938.⁴ Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) wat ook by die oprigting van monumente betrokke geraak het, het die leiding geneem deur 'n konferensie te belê vir die verteenwoordigers van die verskillende monumentekomitees en kultuurorganisasies om "'n sentrale liggaam vir die oprigting en instandhouding van volksmonumente tot stand te bring en om te besluit in verband met die oprigting van 'n nasionale Voortrekkergedenkteken by die Eeufees in 1938".⁵ Tydens die konferensie in Bloemfontein op 4 April 1931 is besluit om 'n Sentrale Volksmonumentekomitee (SVK) te stig wat nog steeds 'n noue band met die FAK gehandhaaf het. Die SVK was verantwoordelik vir die beplanning, koördinerende en oprigting van 'n aangewese gedenkteken ter herinnering aan die Groot Trek en die Voortrekkers.⁶ Eers in 1936 het die SVK besluit dat die aangewese monument ter ere van die Voortrekkers in Pretoria opgerig sou word en die argitek Gerard Moerdijk is aangestel om die monument te ontwerp. Dit was duidelik dat die monument nie in 1938 voltooi sou wees nie, maar dat die hoeksteenlegging van die monument op 16 Desember 1938 sou plaasvind en 'n landswye fees daarmee gepaard sou gaan.⁷

Die SVK het belanghebbende organisasies genader en voorstelle gevra vir die aanbidding van die Voortrekkereeufeesvieringe sodat dit die breë publiek se belangstelling sou wek.⁸ Henning Klopper, hoofvoorsitter van die ATKV (SAS & H), het dit "...uitdruklik beklemtoon dat die Afrikanerspoorwegwerker 'n prominente rol in die feesvieringe moes vervul, vanweë hul minderwaardige finansiële, maatskaplike en intellektuele stand in die breë samelewing."⁹ Dus wou die ATKV (SAS & H) wat hoofsaaklik 'n kultuurorganisasie was, graag op 'n sinvolle manier kultureel by die Voortrekkereeufeesvieringe betrokke raak. Klopper, wat as die vader van die Simboliese Ossewatrek bestempel word, het die droom gekoester "...van die dag dat 'n Afrikaner-gesin van sy geslag in 'n Voortrekkerwa op die spore van die kakebeenwaens van die

⁴ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 12.

⁵ O.J.O. Ferreira, 'n Volk se hulde, p. 5.

⁶ O.J.O. Ferreira, 'n Volk se hulde, pp. 5-6.

⁷ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 12.

⁸ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 12.

⁹ E. A. Messina, *Die Voortrekkereefees 1938*, M.A.-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland, 1981, p. 83.

19de eeu sou trek om sodoende die Groot Trek te laat herleef”.¹⁰ Die droom sou bewaarheid kon word in die vorm van ’n ossewatrek wat simbolies was van die watrek van die Voortrekkervoorouers en wat ook sou kon bydra om die “... Afrikanervolk opnuut tot selfbewussyn te bring”.¹¹ Volgens Van Rensburg was dit nie ’n verrassing dat die spoorwegmanne wat daaglik met die transportkultuur gemoeid was, ’n tema uit die vervoerwese sou kies nie, naamlik die ossewa, wat die oorspronklike vervoermiddel van die Voortrekkers was.¹² Die voorstel is by die ATKV-kongres van 6 April 1937 geopper toe die ATKV (SAS & H) se aandeel aan die Voortrekkereufees beprek is. Die geesdrif vir die voorstel was dadelik merkbaar en die kongres het eenparig besluit: “Dat die A.T.K.V. met ’n stinkhoutwa en rooi Afrikanerosse in die optog van die Voortrekkereufees sal deelneem”.¹³ Namens die ATKV (SAS & H) het Klopper die SVK genader met die voorstel om ’n Simboliese Ossewatrek na Pretoria te organiseer, sodat dit met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938 kon eindig. Die SVK was ingenome met die voorstel en het dit ondersteun.¹⁴

2. Die Simboliese Ossewatrek – *Op die pad van Suid-Afrika*

Aanvanklik is beoog om slegs met een wa van Johannesburg na Pretoria aan die Voortrekkereufees deel te neem, maar uiteindelik het die aanvangspunt geleidelik suidwaarts geskuif. Twee waens sou op 8 Augustus 1938 van die standbeeld van Jan van Riebeeck af uit Kaapstad vertrek met die einddoel om onderskeidelik teen 16 Desember 1938 betyds te wees vir die hoeksteenlegging van die Bloedriviermonument in Natal (tans KwaZulu-Natal) en die Voortrekkermonument in Pretoria. Klopper is as hoofleier van die Trek aangewys en mnr. Tienie van Schoor as onderleier.¹⁵ Na analogie van C.J. Langenhoven se werk *Op die pad van Suid-Afrika* is dié titel as leuse vir die Simboliese Ossewatrek gebruik.¹⁶ Hoewel gepoog is om by die oorspronklike trekroetes van die Voortrekkers te hou, het talle versoeke van dorpe en streke buite die hoofroetes gekom,

¹⁰ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 13.

¹¹ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 13.

¹² A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, pp. 12-13.

¹³ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 14.

¹⁴ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, pp. 12, 14.

¹⁵ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, pp. 14-15.

¹⁶ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 14.

wat daarop aangedring het dat die waens daar aandoen, ten einde die erediens en feestelikhede wat deur die plaaslike reëlingskomitees georganiseer is, by te woon. Gevolglik is van die oorspronklike roetes afgewyk en meer waens is aangevra om aan die toenemende aanvraag te voldoen.¹⁷ “Hulle [die ATKV se] oorspronklike gedagte van ’n enkele feeswa op die pad van die Voortrekkers na die noorde is verruim tot ’n Ossewatrek oor al die geskiedkundige paaie van Suid-Afrika ... Die simbool het ver van die werklikheid afgedwaal, maar wat hy in aansien ingeboet het, het hy in betekenis gewin”.¹⁸ Die waens het ook by ander plekke van historiese betekenis aangedoen wat nie noodwendig direk aan die Groot Trek of die Voortrekkers gekoppel kon word nie, maar wat wel op ander belangrike historiese gebeure en belangrike persone in die Afrikanergeskiedenis gedui het, soos Slagtersnek, Anglo-Boereoorlogslagvelde, Konsentrasiekampkerkhoe, die Vrouemonument, ensovoorts.¹⁹

Uiteindelik het nege waens aan die Simboliese Ossewatrek deelgeneem en is altesaam veertien trekroetes vasgestel.²⁰ Die veertien trekroetes het soos volg daar uitgesien:²¹

- 1) Kaaplandse hooftrek: Kaapstad tot Graaff-Reinet
- 2) Noordweste-trek: Moorreesburg tot Klerksdorp
- 3) Hoeko-trek: Hoeko (Ladismith) tot Klerksdorp
- 4) Oos-Kaaplandse hooftrek: Graaff-Reinet tot Aliwal-Noord
- 5) Grensboere se trek: Grahamstad tot Aliwal-Noord
- 6) Dirkie Uys-trek: Belville tot Kaapstad
- 7) Langklooftrek: Hartenbos tot Graaff-Reinet
- 8) Vrystaatse hooftrek: Aliwal-Noord tot Parys
- 9) Vrystaters se trek: Graaff-Reinet tot Bloemfontein
- 10) Oos-Vrystaatse trek: Thaba Nchu tot Winburg
- 11) Natal-trek: Winburg tot Bloedrivier

¹⁷ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, pp. 14, 16, 19.


¹⁸ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 22.

¹⁹ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 24.

²⁰ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, pp. 20, 22.

²¹ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, s.p.

- 12) Sarel Cilliers-trek: Vegkop tot Pretoria
- 13) Louis Trichardt-trek: Carolina tot Pretoria
- 14) Transvaalse hooftrek: Parys tot Pretoria



Figuur 1: 'n Kaart van die veertien trekroetes van die Simboliese Ossewatrek, 1938.

Uit: G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938* (Pretoria, 1988), s.p.

Die feesvieringe het tot 'n nasionale gebeurtenis gegroei wat ongelooflike afmetings aangeneem het. Feitlik elke uithoek van Suid-Afrika is geraak en ongeveer vyfhonderd dorpe en plekke is op spesiale versoek deur die waens besoek. Die entoesiasme en geesdrif wat met die feesvieringe gepaard gegaan het, het soos 'n veldbrand versprei en

die waens is reeds by die eerste aandoenplek van die roete, naamlik Goodwood in Kaaptad, deur meer as 20 000 mense verwelkom.²²

Gedurende die eerste twee maande van die Simboliese Ossewatrek het ongeveer 250 000 mense die feesvieringe bygewoon, terwyl Bloemfontein 20 000 toeskouers getrek het, 40 000 mense het by Bloedrivier saamgekom, 100 000 in Durban en Johannesburg en uiteindelik 'n allemintige 130 000 mense by die Voortrekkermonument in Pretoria.²³ Die aard van die feesvieringe wat met die Simboliese Ossewatrek gepaard gegaan het, was verskillend in die suide en die noorde van Suid-Afrika. In die suide (Kaapland) het die Trek 'n meer godsdienstige karakter gehad met eredienste wat gehou is, maar toe die Oranjerivier oorgesteek is, het die fees 'n militêre karakter gekry met groot perdekommendo's wat die waens ingewag het.²⁴

Haas in elke dorp waar die waens aangedoen het, is spontaan 'n reëlingskomitee gestig wat vir die organisering en uitvoering van feestelikhede verantwoordelik was. Daar was nie veel amptelike aanmoediging nodig nie en die waens is keer op keer gulhartig en spontaan deur die plaaslike gemeenskap en publiek ontvang wat met hart en siel aan die verrigtinge deelgeneem het.²⁵ Die waens is met Afrikaanse volksliedjies en volksdane begroet, toesprake en lesings is aangebied, toeskouers het tradisionele Voortrekkerdrag gedra, mans het spesiaal baarde vir die geleentheid gekweek, straatname is na bekende Voortrekkerleiers verander, kinders is by die waens gedoop ('n paar is selfs Eeufesia of Ossewania gedoop), paartjies het by die waens getrou en kerkklidmate is voorgestel, spesiale gedenkkoeverte is uitgereik en kultuurhistoriese oudhede, asook geskenke vir die Trek is vir die toekomstige museums by Hartenbos en die Voortrekkermonument ingesamel.²⁶ “Die hele volk is in die ossewafeeste betrek” en dit was vir elke deelnemer

²² A. Grundlingh en H. Sapire, *From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrialising South Africa, 1938-1988*, p. 2.

²³ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 22.

²⁴ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 22.

²⁵ A. Grundlingh en H. Sapire, *From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrialising South Africa, 1938-1988*, p. 2.

²⁶ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, pp. 18, 24-26; A. Grundlingh en H. Sapire, *From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrialising South Africa, 1938-1988*, pp. 2-3.

en toeskouer 'n onvergeetlike ervaring of hy/sy nou die tou kon lei, 'n entjie op die waens kon saamry, sakdoekkies in die teer van die wiele kon smeer of net die waens op 'n afstand kon beskou.²⁷

Die hoogtepunt van die Eeufeesvieringe is bereik toe sewe waens op 14 Desember 1938 by die feesterrein by Monumentkoppie in Pretoria gearriveer het en die feesprogram 'n aanvang geneem het met onder meer 'n klipstapeling op die terrein en 'n fakkelloop wat deur die Voortrekkerjeugbeweging georganiseer is. Om twintig oor twaalf op Geloftedag, 16 Desember 1938, het die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op Monumentkoppie plaasgevind.²⁸ Geklee in Voortrekkerdrag het mev. J.C. Preller, J.C. Muller en K.F. Ackerman, die drie vroulike afstammeling van onderskeidelik Hendrik Potgieter, Andries Pretorius en Piet Retief, die hoeksteen gelê.²⁹

3. Die oprigting van klipstapels langs die roete van die Simboliese Ossewatrek

In bykans elke dorp wat deur die waens langs die *Pad van Suid-Afrika* besoek is, is een of ander vorm van 'n gedenkteken opgerig. Mnr. Dirk Mostert van die ATKV het 'n beroep gedoen op die dorpe waar die waens aangedoen het om iets te skep waarmee die gedagtenis van die Simboliese Ossewatrek behoue sou bly en hy het na die gedenktekens as trekbakens verwys. Dit was die algemene tendens om klipstapels spontaan op te rig en die waens se wielspore en hoofwaardigheidsbeksleërs se voetspore op nat sementblaaie vas te lê.³⁰

Die ATKV se hoofbestuur het besluit dat die plaaslike reëlingskomitee van elke dorp voorrang moes gee aan die oprigting van klipstapels tydens die besoek van die waens.³¹ Die eenvoudige klipstapels is gestapel om "... 'n diepe gewaarwording te versinnebeeld of 'n betekenisvolle gebeurtenis in voortdurende herinnering te roep ... 'n teken van hulle

²⁷ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, pp. 23-24; A. Grundlingh en H. Sapire, *From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrialising South Africa, 1938-1988*, pp. 2-3.

²⁸ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, pp. 201-202.

²⁹ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, pp. 202-203.

³⁰ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 56.

³¹ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 43.

verbond en hulle geloof”.³² In die geval was die gebeurtenis wat in herinnering geroep is, die Gelofte wat deur die Voortrekkers afgelê is voordat die Slag van Bloedrivier op 16 Desember 1838 plaasgevind het. Dikwels is die klippe van die klipstapels gebruik om in ’n gedenkmonument ingemessel te word, of die klipstapels is in hulle oorspronklike vorm toegemessel en tydens die besoek van die waens of by ’n latere geleentheid onthul.³³ Die gedenkteken by Worcester is die eerste klipstapel wat langs die trekroete opgerig is en het as patroon vir die meeste van die klipstapels gedien wat daarna opgerig is.³⁴



Figuur 2: Die klipstapeling op die kerkplein by Worcester.

Uit: Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 1, p. 41.

³² P.H. Kapp, Die betekenis van die Eeufees op Kultuurgebied, *Die Taalgenoot*, Julie 1968, p. 5.

³³ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 43.

³⁴ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 266.

HOOFSTUK 3

'N VERGELYKING TUSSEN DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK TER HERDENKING AAN DIE GROOT TREK IN SUID-AFRIKA EN DIE *NATIONAL OLD TRAILS ROAD* TER HERDENKING AAN DIE WESWAARTSE UITBREIDING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

Die Groot Trek het in 1834 begin en het tot en met 1854 geduur, toe die onafhanklikheid van Transvaal en die Oranje-Vrystaat erken is deur die ondertekening van onderskeidelik die Sandrivier Konvensie in 1852 en die Bloemfonteinse Konvensie in 1854.¹ Hoewel die Groot Trek oor 'n tydperk van ongeveer twintig jaar geskied het, is 'n georganiseerde nasionale poging aangewend om die Groot Trek in 1938 te herdenk om sodoende die Voortrekkerpioniers en die gebeure rondom die Groot Trek in dié spesifieke jaar in die kollektiewe geheue van die Afrikanergemeenskap uit te lig. Die datum, 16 Desember 1838, is van kardinale belang geag, omdat die datum op die keerpunt dui in die eerste helfte van die Groot Trek toe die Voortekkers die Zulumag van Dingane tydens die Slag van Bloedrivier verslaan het. Muller verwys na die oorwinning oor Dingane, dat dit "...in 'n sekere sin die ontplooiing van die Groot Trek afgesluit [het]".² Dit wat dus 'n natuurlike gevolgtrekking dat die Voortrekkerereuefeesvieringe en herdenking van die Groot Trek in Suid-Afrika vir die jaar 1938 beplan is, met die hoogtepunt van die feesvieringe op 16 Desember 1938.

In teenstelling met die Groot Trek in Suid-Afrika het die weswaartse uitbreiding in die Verenigde State van Amerika (VSA) oor 'n baie langer tydperk geskied – van die einde van die 18de eeu af tot en met die einde van die 19de eeu. Aanvanklik was die uitbreiding na die weste stadig, maar tussen 1840 en 1865 het die toeloop toegeneem en ongeveer 350 000 emigrante het hulle weg na die Stille Oseaan gebaan en het die era van die Wilde

¹ C.F.J. Muller, Die Groot Trek-Tydperk, 1834-1854, in C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 149.

² C.F.J. Muller, Die Groot Trek-Tydperk, 1834-1854, in C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 169.

Weste begin.³ Met die vergelyking is daar gepoog om vas te stel of 'n nasionale herdenkingsgeleentheid in die VSA plaasgevind het nie. Dit kom egter voor of daar nie 'n georganiseerde herdenking op nasionale grondslag in die VSA plaasgevind het wat aan 'n spesifieke jaar en datum gekoppel kan word nie, maar dat herdenkingsgeleentede na willekeur deur die verskillende gemeenskappe georganiseer is wat by die weswaartse uitbreiding betrokke was. Hoewel 'n presiese soortgelyke gebeurtenis soos die Simboliese Ossewatrek nie in die VSA plaasgevind het nie, is daar wel 'n herdenkingsgeleentheid in die VSA wat sekere ooreenkomste toon, naamlik die *National Old Trails Road* wat deur die DAR opgerig is.⁴

1. Die DAR se betrokkenhed by die *National Old Trails Road*

Die *National Society of the Daughters of the American Revolution* (DAR) is op 11 Oktober 1891 gestig en in teenstelling met die ATKV waarvan die lede hoofsaaklik spoorwegmanne was, het die DAR uit vroue-lede bestaan wat 'n direkte genealogiese band gehad het met voorouers wat aan die Amerikaanse Rewolusie deelgeneem het. Die organisasie het vinnig gegroei en teen 1911 was die ledetal 80 000 en was dit reeds sedert 1904 as 'n nasionale organisasie gevestig.⁵ Die DAR se missie was: "To keep the fires that fueled the spirit of independence of their ancestors burning in the hearts of their fellow countrymen and women in the 20th century, they promoted patriotism, an individual citizen's emotional bond to the nation-state, through programs in education and historic preservation".⁶

In 'n poging om die Amerikaanse pionierfamilie wat aan die weswaartse uitbreiding deelgeneem het te herdenk, het die DAR van 1909 tot 1929 die ou pioniersroetes wat van

³ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 2; H. Brogan, *The Penguin history of the United States of America*, p. 225.

⁴ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 185

⁵ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 150.

⁶ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 150.

oos na wes oor die Verenigde State van Amerika voorgekom het, geïdentifiseer en gemerk, sodat 'n transkontinentale outomobiel-gedenkhoofweg, die *National Old Trails Road*, op die uitleg van die ou trekroetes aangelê kon word.⁷ “Coinciding the exponential growth and geographic expansion of the organization’s membership, the campaign to locate and mark the National Old Trails Road, and in so doing bring the pioneer western expansion of the nation into the orbit of American patriotism, was the most ambitious historic preservation and monument-making endeavor of the early D.A.R. period, and it continues to stand out as the most ambitious undertaking of its kind ever tackled by the organization”.⁸

Die projek het by 'n groepie plaaslike DAR Missouri-lede begin onder leiding van mev. John van Brunt wat met die identifisering en uitmerking van die *Santa Fé Trail* onder die aandag van die Staatstak van die DAR van Missouri gekom het. Die Missouri DAR-tak het toe ook betrokke geraak deur as 'n drukgroep op te tree en het hulle beywer vir die konstruksie van die moderne outomobiel-pad op die uitleg van die oorspronklike trekroete. Nadat sukses behaal is met die bou van 'n hoofweg langs die historiese *Boone’s Lick Road* en die *Santa Fé Trail* het die Missouri-tak van die DAR aan 'n meer ambisieuse padbouprojek begin werk om 'n transkontinentale nasionale pad al langs die historiese trekroetes van die weswaartse uitbreiding te bou. Die projek is deur die Verenigde State se Huis van Verteenwoordigers beskryf as “... a National Ocean to Ocean Highway over the Pioneer Trails of the nation...”.⁹

2. Die *National Old Trails Road*

Wat begin het as 'n plaaslike poging van die Missouri DAR-tak om die gedagte van die pioniers wat die Midwesterse streek ingetrek het te bewaar en te herdenk, het uitgebrei tot 'n onderneming om die Amerikaanse pioniers wat aan die weswaartse uitbreiding in sy

⁷ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 149.

⁸ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, pp. 150-151.

⁹ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 151.

geheel deelgeneem het, op 'n nasionale skaal te herdenk.¹⁰ Die Nasionale Vereniging van die DAR het die veldtog om 'n nasionale gedenkhoofweg te laat aanlê oorgeneem as een van sy nasionale prioriteite in 1912 en 'n *National Old Trails Committee* is gestig om die herdenkingspoging te bestuur. In 1913 is die *National Old Trails Road Association* in Missouri gestig met die toekomstige president Harry S. Truman aan die hoof, wat die DAR in hulle strewe moes bystaan.¹¹

Die *National Old Trails Road*-projek het uit 'n moderne outomobiel-pad bestaan met vyf historiese trekroetegroeperinge wat deur twaalf state in die VSA loop. Die volgende vyf groeperinge is geïdentifiseer:¹²

- 1) *Wahington Road*, ook bekend as *Braddock Road*, loop deur Maryland en westelike Pennsylvania
- 2) *National of Cumberland Road* loop van Cumberland, Maryland af tot by St. Louis, Missouri
- 3) *Boone's Lick Road* van St. Louis af, loop wes na Old Franklin, Missouri
- 4) *Santa Fé Trail* loop suid-wes vanaf Kansas City tot in die staat van New Mexico
- 5) *Old Spanish Trail* loop van die eindpunt van die *Santa Fé Trail* in New Mexico af deur Arizona na Kalifornië

Die DAR-takke het op 'n staat-tot-staat-basis die verantwoordelikheid aanvaar om die historiese roetes te identifiseer, na te vors en die pad op 'n gepaste manier vir herdenkingsdoeleindes te merk. Die *National Old Trails Association* het weer op sy beurt die verantwoordelikheid oorgeneem om die hoofweg te bou deur die stigting van konstruksieklubs en met behulp van privaat instansies soos die Sakekamer, Staatsoutomobielklubs en Outovervaardigers, asook Staatshulp. Die Federale Regering het nie direk by die projek betrokke geraak nie en ook nie federale hulp verleen nie. Teen 1914 is 'n kaart met die voorgestelde paduitleg gedruk en teen 1915 het die voorsitter van

¹⁰ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 151.

¹¹ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 152.

¹² P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 152.

die DAR se *National Old Trails Road Committee* aangevoer dat die hoofweg dwars oor die kontinent loop.¹³



Figuur 3: 'n Kaart van die voorgestelde *National Old Trails Road Ocean-to-Ocean Highway*, 1910.

Uit: P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, (D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005), p. 182.

3. Die oprigting van die *Madonna of the Trail*-monumente langs die *National Old Trails Road*

Die *National Old Trails Road* was reeds teen 1915 voltooi, maar die DAR se proses om die pad te merk sodat dit die weswaartse uitbereiding van die Amerikaanse pioniers sou herdenk, het tot in 1929 voortgeduur.¹⁴ Die DAR het gepoog om die pad só te merk dat dit die herdenkingsdoel daarvan sou uitlig en dat dit 'n nasionale inslag sou kry: “After

¹³ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, pp. 153-154.

¹⁴ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 154.

all, the erection of monuments for the purpose of creating a fixed representation of American patriotism in the public realm was at the heart of the D.A.R.'s mission".¹⁵ Om roetemerkers langs 'n pad van meer as 3 000 myl (4 828 km) op te rig, was 'n groot uitdaging vir die vereniging. Aanvanklik sou die roete gemerk word deur die telefoonpale langs die pad rooi, wit en blou te verf, maar omdat die instandhouding van die pale problematies was, is besluit om eerder die pad met permanente strukture te merk. Daar is toe besluit om eerder gietysterpadtekens te maak wat rooi, wit en blou geverf is met die DAR se teken op, dit op pale te monteer en om die tekens een myl uitmekaar al langs die transkontinentale roete op te rig. Teen 1924 het die vereniging nog gesukkel om die \$30 000 in te samel om die 3 050 roetemerkers op te rig.¹⁶ Die nuwe voorsitter van die *National Old Trails Road Committee*, mev. J.T. Moss, het in 1924 voorgestel dat daar met die gedagte van roetemerkers weggedoen moet word en is besluit: "To erect in each of the twelve states through which the National Old Trails Route [passed]... one marker of dignified and pretentious proportions to cost approximately \$1,000 each".¹⁷ Ongeveer \$12 000 is vir die projek ingesamel en Moss het begin met die ontwerp van 'n toepaslike monument. Teen 1927 het sy die nodige goedkeuring van die DAR vir die *Madonna of the Trail*-ontwerp gekry. Uiteindelik is die herdenkingsgeleentheid afgesluit met die inwyding van identiese *Madonna of the Trail*-monumente in elkeen van die twaalf state waardeur die *National Old Trails Road* loop.¹⁸ Die monumente het uiteindelik in die oorspronklike herdenkingsdoelwit geslaag, naamlik om die pioniers se weswaarste uitbereiding in die Verenigde State te herdenk; "... to honor the sturdy pioneers who braved untold hardships to establish new homes in the wilderness, in the process helping the United States to realize its potential as a continental nation".¹⁹

¹⁵ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 154.

¹⁶ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 155.

¹⁷ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 156.

¹⁸ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 156.

¹⁹ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 156.

Die *Madonna of the Trail*-standbeelde beeld 'n pioniersvrou uit wat 'n baba in haar linkerarm en 'n geweer in haar regterhand vashou, terwyl haar jong seun aan haar rokspante vasklou. Afgesien van die basis is die standbeeld tien voet hoog en weeg ongeveer vyf ton. Die standbeeld en die basis is van Missouri-graniet gemaak wat 'n warm pienk skynsel het. Die inskripsies aan die voor- en agterkant van die standbeeldbasis is dieselfde by al twaalf monumente, maar die kantinskripsies bevat inligting wat plaaslik van toepassing is.²⁰ Die voorkant lees soos volg:²¹

*N.S.D.A.R. MEMORIAL
TO THE
PIONEER MOTHERS
OF THE
COVERED WAGON DAYS.*

Die agterkant lees soos volg:²²

*THE NATIONAL
OLD TRAILS ROAD*

Die gedagte van die pionier-moedersfiguur het eintlik by 'n skets in die tydskrif *The Century* van 1913 ontstaan, getiteld *Madonna of the Prairies*. Die tydskrif het die DAR die reg gegee om die spesifieke uitbeelding as model vir die voorgenome monument te gebruik. Moss het die monument in samewerking met haar seun en die beeldhouer August Leimbach ontwerp.²³

The *Madonna of the Trail*-beeld verskil heelwat van die skets wat in die *The Century* verskyn het. Die vrou wat die hooffiguur vorm, word nou eerder as 'n fors en stoere figuur uitgebeeld, met 'n sterk kakebeen en kragtige uitdrukking op haar gesig, wat na

²⁰ Wikipedia, "Madonna of the Trail", http://en.wikipedia.org/wiki/Madonna_of_the_Trail, 2006-11-29; U.S. Route 40, "Madonna of the Trail", <http://www.route40.net/history/madonnas/introduction/shtml>, 2007-04-03.

²¹ U.S. Route 40, "Madonna of the Trail", <http://www.route40.net/history/madonnas/introduction/shtml>, 2007-04-03.

²² U.S. Route 40, "Madonna of the Trail", <http://www.route40.net/history/madonnas/introduction/shtml>, 2007-04-03.

²³ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 157.

haar gesin kan omsien. Sy ry ook nie meer in die relatief gemaklike wa nie, maar loop nou doelgerig en met moed en durf die wilde landskap in (voorgestel deur die distel waarop sy trap). Die groot geweer wat sy vashou, dra ook by tot die gedagte dat sy as 'n sterk vrou uitgebeeld word en betree sy as 't ware die tradisionele patriargale en manlike terrein van beskerming en bravade. Dus word die pionier-moedersfiguur nou nie meer met sagte vroulike karaktertrekke geassosieer nie, maar kry sy eerder karaktereienskappe wat gewoonlik deur mansfigure geopenbaar is.²⁴ Hierdie uitbeelding van die vrou word waargeneem as 'n nuwe tendens in die ontwerp van publieke standbeelde in die 1920's om daardeur die heldedade van pioniersvroue te herdenk. "For the first time in the United States significant numbers of public monuments would represent and recognize female figures for the deeds they had done rather than as passive symbols of one or other abstract concepts".²⁵ Sy word as 'n patriotiese soldate-figuur uitgebeeld, maar word ook steeds as 'n pionier-moedersfiguur saam met haar twee kinders, wat die inherente gedagte van die gesin, huislikheid en vestiging uitstraal.²⁶ "Indeed, whereas *The Century* image continues the practice of representing the female solely based on the attribute of motherhood through the figure poses and demeanor of the Madonna and Child tradition, the pose and demeanor of Moss' *Madonna of the Trail* is a radical departure, modeled instead on the male soldier that emerged after the Civil War".²⁷

Die twaalf identiese monumente van die *Madonna of the Trail* is in die volgende state en op die volgende datums opgerig:²⁸

- 1) Springfield, Ohio - 4 Julie 1928
- 2) Wheeling, West Virginia - 7 Julie 1928
- 3) Council Grove, Kansas - 7 September 1928
- 4) Lexington, Missouri - 17 September 1928

²⁴ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 158.

²⁵ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 159.

²⁶ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 161.

²⁷ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 158.

²⁸ Wikipedia, "Madonna of the Trail", http://en.wikipedia.org/wiki/Madonna_of_the_Trail, 2006-11-29.

- 5) Lamar, Colorado 2 September 1928
- 6) Albuquerque, New Mexico - 27 September 1928
- 7) Springerville, Arizona - 29 September 1928
- 8) Vandalis, Illinois - 26 Oktober 1928
- 9) Richmond, Indiana - 28 Oktober 1928
- 10) Washington County, Pennsylvania - 8 Desember 1928
- 11) Upland, California - 1 Februarie 1929
- 12) Bethesda, Maryland - 19 April 1929



Figuur 4: *Madonna of the Trail*-monument, ontwerp deur August Leimbach, 1927.

Uit: P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation (University of Pittsburgh, 2005), p. 183.

4. 'n Vergelyking tussen die Simboliese Ossewatrek-herdenkingsgeleentheid in Suid-Afrika en die *National Old Trails Road*-herdenkingsgeleentheid in die VSA

Beide die ATKV, wat vir die organisering van die Simboliese Ossewatrek verantwoordelik was, en die DAR, wat vir die oprigting van die *National Old Trail Road* verantwoordelik was, was kultuurorganisasies wat op verskillende maniere nasionalisme en patriotisme onder hulle lede wou bevorder. Die ATKV het op musiek, toneel, boeresport en volksdansen staatgemaak, terwyl die DAR opvoedkundige programme aangebied het en die historiese bewaring van onder meer monumente gepropageer het.

Beide die Simboliese Ossewatrek en die *National Old Trails Road* was op die transportkultuur gebaseer. Die ATKV het verkies om die trekroetes in oorspronklike ossewaens aan te durf en om die feesgangers weer na vervloë dae en die leefwyse van die Voortrekkers terug te neem. Die joernalis Schalk Pienaar het die volgende gewaarwording by die waens beskryf: “Dit is ’n merkwaardige gevoel om op die voertuig van ’n eeu gelede die pad van die geskiedenis te volg. Die pas van die stampende en krakende ossewa is ’n kragtige narkose. Die gedagte wil maar altyd terug na die dae toe hierdie ondervinding geen romantiek nie, maar werklikheid was”.²⁹ Tog het moderne motorvervoer grootliks daartoe bygedra dat honderde mense die Voortrekkereufeesvieringe op verskillende dorpe kon bywoon en is tienduisende kilometers deur feesganger-motoriste afgelê en miljoene liters petrol en olie verbruik. “Die simboliese ossewatrek was dus nie alleen vir ’n nuwe volksoplewing verantwoordelik nie, maar die ossewatrekke het ook ’n kragtige oplewing in die handelswêreld laat ontstaan”.³⁰ Die DAR het vanuit die staanspoor besluit om op moderne motorvervoer te fokus deur ’n trans-kontinentale outomobiel-pad aan te lê. Die toename in die gebruik en bekostigbaarheid van motorvoertuie en meer toeganklike padvervoer, asook die toename van ontspanningstoerisme as gevolg van die ontwikkelende pad- en motorkultuur, het ’n groot rol gespeel om die beeld van die

²⁹ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 19.

³⁰ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 8: *Belangrike rol van motor in die simboliese trekke*, p. 1362.

pionier van die weswaartse uibreiding as 'n belangrike nasionale simbool in die vroeë 20ste eeu te vestig.³¹ 'n Opvallende verskil tussen die twee herdenkingsgeleenthede is dat die Simboliese Ossewatrek-roetes van die oorspronklike trekroetes van die Voortrekkers afgewyk het, terwyl die *National Old Trails Route* so getrou mootlik op die oorspronklike trekroetes van die Amerikaanse pioniers gebaseer is.

Beide die Simboliese Ossewatrek en die *National Old Trails Road* het van 'n plaaslike onderneming tot 'n herdenking op nasionale skaal gegroei. In die geval van die Simboliese Ossewatrek sou aanvanklik slegs een wa van Johannesburg na Pretoria trek ter viering van die Voortrekkereuefees, maar uiteindelik was daar nege waens, veertien trekroetes en is by honderde dorpe van die Kaap tot in Pretoria aangegaan, sodat die hele land aan die feesvieringe kon deel hê. Dieselfde geld vir die *National Old Trails Route* wat aanvanklik plaaslik met die *Santa Fé Trail* in Missouri begin is en spoedig in 'n nasionale 'Ocean-to-Ocean Highway' ontwikkel het.

Die gedenktekens wat onderskeidelik in Suid-Afrika en die VSA opgerig is, verskil drasties van mekaar ten opsigte van die ontwerp en vorm wat dit aangeneem het, maar hulle het wel 'n religieuse konnotasie. Hoewel die ATKV riglyne voorgeskryf het en 'n poging aangewend het om die klipstapels wat langs die roete van die Simboliese Ossewatrek opgerig is, te standaardiseer, het dit nie gerealiseer nie en het elke dorp se reëlingskomitee self besluit oor die vorm van die gedenkteken wat opgerig is. Die gemeenskaplike faktor wat kenmerkend van meeste van die gedenktekens is, is dat hulle hulle oorsprong in 'n klipstapel het wat opgerig is met die fokus op die godsdienstige agtergrond van die Voortrekkers en die rol wat die Gelofte en geloof tydens die Groot Trek gespeel het. Die DAR het twaalf identiese vroue-standbeelde langs die *National Old Trails Road* opgerig met die fokus op die rol en eienskappe van die pioniersvrou tydens die weswaartse uitbreiding. Die standbeelde het egter ook 'n indirekte religieuse ondertoon en kan vergelyk word met die Rooms-Katolieke *Madonna*-figuur.

³¹ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, pp. 149, 166.

Met beide die herdenkingsgeleentheid word slegs die blanke pioniers met gedenktekens vereer en word die ander inheemse groepe soos die Zulu's en Ndebeles waarmee die Voortrekkers en die Indiane waarmee die Amerikaanse pioniers in aanraking gekom het, nie in aanmerking geneem nie. Die Simboliese Ossewatrek het uitsluitlik bygedra om die blanke Afrikaner se identiteit te vorm en te definieer. Grobler skryf onder meer dat die hoeksteenlegging hoofsaaklik 'n eksklusiewe Afrikanergeleentheid was,³² maar dieselfde kan gesê word vir die res van die Eeufeesvieringe wat oor die res van die land plaasgevind het. Dieselfde geld vir die vorming van blanke Amerikaners se identiteit met die herdenking van die Amerikaanse weswaartse uitbreiding deur middel van die *National Old Trails Route* en die *Madonna of the Trail*-monumente. Scolari beweer die volgende: “Likewise, the D.A.R.’s National Old Trails Road promoted a narrow version of history, western expansion and American identity. As evidenced by the *Madonna of the Trail*, an authentic national identity resided in an imagined rural, white, Christian heartland”.³³

Volgens Grundlingh en Sapire word feesvieringe wat 'n spesifieke historiese gebeurtenis herdenk, nie sommer opsigself 'n belangrike historiese mylpaal nie. Maar die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereeufeesvieringe in 1938 was 'n uitsondering op die reël en staan die gebeurtenis in Afrikanergeskiedskrywing uit, saam met ander gebeure soos die Anglo-Boereoorlog (1899-1902), die Rebellie (1914-1915), die Nasionale Party se bewindoorname (1948) en Republiekwording (1961).³⁴ Volgens Kapp het geen fees ooit weer die Afrikanervolk tot in sy diepste wese geroer soos die Voortrekkereeufees van 1938 nie.³⁵ 'n Korrespondent van 'n Amerikaanse tydskrif het in 1938 vir Henning Klopper gesê: “This is the most remarkable thing that has occurred in this century amongst all nations and in all countries of the world”.³⁶ Die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereeufees was dus 'n unieke, besondere gebeurtenis en enig in sy soort.

³² J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 20.

³³ P. Scolari, *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*, D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005, p. 179.

³⁴ A. Grundlingh en H. Sapire, *From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrialising South Africa, 1938-1988*, p. 2.

³⁵ P.H. Kapp, Die betekenis van die Eeufees op Kultuurgebied, *Die Taalgenoot*, Julie 1968, p. 6.

³⁶ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 23.

HOOFSTUK 4

DIE ONTWAKING VAN 'N EIE AFRIKANERIDENTITEIT EN -KULTUUR GEDURENDE DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK EN VOORTREKKEREEUFES IN 1938

1. Die Groot Trek as grondslag vir die wording van die Afrikaner

Ferreira verwys soos volg na 'antieke mites': “'n Mite is 'n verhalende oorlewering wat op die godsdiens en die wêreldbeskouing van 'n volk betrekking het. Dit is 'n fiktiewe verhaal, repeterende tema of karakter tipe wat tot die volksbewussyn spreek omdat dit die betrokke groep se kulturele ideale beliggaam of gemeenskaplike emosies uitdruk”.¹ Assmann beweer dat 'oorsprongmites' enige weergawe van die verlede is wat as oorsprongsgeskiedenis voorgegee word – afgesien daarvan of dit fiktief of feitlik is.² Marschall skryf dat: “What distinguishes modern myths, such as foundation myths or myths of (revolutionary) origin, from ancient myths is that the latter are all-encompassing and taken for granted, while modern myths can be re-evaluated, changed and adapted. Being subject to conscious addition and invention by contemporaries, they belong more precisely to the realm of ideology, rather than the realm of religion into which the myths of ancient societies can be placed. Yet what links the two, thus justifying usage of the term 'foundation myth', is that they tend to be generally believed in and are beyond the need for verification”.³

Volgens Marschall vorm elke nuwe politieke bestel sy eie groepsidentiteit deur 'n proses van selektiewe herinnering asook die versinning van 'n bruikbare en toepaslike

¹ O.J.O. Ferreira, *Adamastor*, p. 13.

² J. Assmann, *Das kulturelle Gedächtnis. Schrift, Erinnerung und politische Identität in frühen Hochkulturen*, p. 76, soos aangehaal in S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, pp. 21-22.

³ S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, p. 21.

geskiedenis.⁴ Dit word bewerkstellig deur die versinning van ’n oorsprongsmite wat die bestaande politieke bestel se oorsprong naspoor en voorstel.⁵ “This idea... is deeply engrained in our consciousness and imported unnoticed into memory, and practices of commemoration. This search for the foundational moment for the establishment of the self can be found in individuals and in nations alike”.⁶

Die Afrikaner se “nasionale bewussyn, eenheidstrewes, republikenisme en vryheidstrewes” is deur herinneringe van die verlede en sy geskiedenis gestimuleer.⁷ In ’n poging om homself te vind het die Afrikaner homself ook afgevra: Wie is ek en waar kom ek vandaan? Die historiese gebeurtenis van die Groot Trek het sentraal in die geheue van die Afrikaner gestaan.⁸ In die spesifieke geval het die Afrikaner-nasionaliste hulle identiteit dus in die Groot Trek (1834-1854) gevind.⁹ Volgens Coetzee is die Groot Trek beskou as die eerste stap na die ontwikkeling van ’n Afrikanernasionalisme en die omstandighede geskep deur die Anglo-Boereoorlog het die nasionalisme verder laat toeneem. Muller skryf dat die Afrikaner die Groot Trek-tydperk as ’n heroïese periode gesien het waaruit hy sy nasionale besieling geput het. Die Groot Trek het op die eerste eintlike republikeinse tydperk uitgeloop en die behoud van die Afrikaneridentiteit is toe verseker.¹⁰ Die verhouding tussen historiese en nasionale bewussyn word duidelik hierdeur gedemonstreer. Die Groot Trek as oorsprongsmite het die Afrikaner se bestaan sowel as sy kultuur en beleid gelegitimiseer, oriëntering verleen aan sy plek in Suid-Afrika en die wêreld en die Afrikaner se identiteitsvorming as groep (‘volk’)

⁴ S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, p. 18.

⁵ S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, p. 18.

⁶ S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, p. 21.

⁷ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 18.

⁸ F.A. van Jaarsveld, ’n Afrikanerperspektief op die Groot Trek: Simbool en ritueel, *Historia* 33(2), November 1988, p. 11.

⁹ N.J. Coetzee, Die voorstelling van die Voortrekkers in die kuns, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers*, p. 180; F.A. van Jaarsveld, ’n Afrikanerperspektief op die Groot Trek: Simbool en ritueel, *Historia* 33(2), November 1988, p. 11.

¹⁰ C.F.J. Muller, Die Groot Trek-Tydperk, 1834-1854, in C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, p. 153.

ondersteun.¹¹ Die hoofemas van die Groot Trek-oorsprongsmitologie sluit die volgende in: “... die begeerte na vryheid van onderdrukking, die ervaring van ontberinge en swaarkry, en die nederige begeerte om grond en ’n eie woonplek te besit”.¹² Met die verstedeliking van die Afrikaner in die vroeë 1930’s as gevolg van droogtes en die depressie, het hulle nog steeds ’n hunkering na ’n eie stukkie grond en verbintenis met die landskap gehad. ’n Kenmerkende nostalgie is ook ontketen deur die identifikasie en vereenselwiging met die Boer as Voortrekker en die ware Afrikaner. W.H. Coetzer verwys daarna as ’n “nostalgic patriotic fervour”.¹³

2. Die kulturele ontwaking van die Afrikaner en die meegaande ontwikkeling van Afrikanernasionalisme in die vroeë twintigste eeu

Duvenage beweer dat kultuur vir die jong en opkomende Afrikanerintelligentsia en -jeug van die vroeë twintigste eeu sinoniem met nasionalisme was.¹⁴ Kulturele aktiwiteite het begin toeneem en daar is aan die behoefte vir kultuurgedrewe organisasies voldoen deur die stigting van onder meer die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) in 1929 en die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) in 1930.¹⁵ Die FAK sou op die voorgrond tree om die kultuuraktiwiteite van die Afrikaner te koördineer en te organiseer met die doel “... om alle beskikbare kragte op kultuurgebied in ’n sentrale Afrikaanse organisasie saam te bind met die oog op die handhawing en bevordering van die Afrikanervolkslewe”.¹⁶ Die FAK het ook van 1932 af die Afrikaner Broederbond se kultuuraktiwiteite behartig en ’n noue verbintenis het tussen die twee organisasies bestaan.¹⁷ Hertzog het egter beweer dat die Afrikaner Broederbond ’n eksklusiewe organisasie was met ’n geheime aard en dat die organisasie politiek onder die dekmantel

¹¹ F.A. van Jaarsveld, ‘n Afrikanerperspektief op die Groot Trek: Simbool en ritueel, *Historia* 33(2), November 1988, p. 11.

¹² S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, p. 18.

¹³ N.J. Coetzee, Die voorstelling van die Voortrekkers in die kuns, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers*, p. 180.

¹⁴ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 17.

¹⁵ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, pp. 10-11, 17.

¹⁶ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, pp. 10, 17.

¹⁷ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 9.

van kultuur bedryf.¹⁸ Daar kan daarna as sogenaamde ‘kultuurpolitiek’ verwys word.¹⁹ Op dié manier het die Afrikanerpolitici en -kultuurorganisasies op politieke sowel as kulturele gebied saamgewerk “en die Afrikanerjeug geïnspireer en geaktiveer tot trots, identiteitsbewussyn en daadkrag vir die stryd om nasionale onafhanklikheid en Afrikanersupremasie”.²⁰ Veral die jeug het ’n geestelike tuiste by die onderskeie kultuurverenigings gevind en ’n politieke tuiste by die Nasionale Party.²¹ J.G. Strijdom het reeds in 1936 beweer: “Die opkomende geslag is besiel met nasietrots en nasiediens en daarom moet en sal nasionalisme weer binne enkele jare seëvier”.²²

Die honderdjarige herdenking van een van die belangrikste historiese gebeurtenisse in die Afrikaner se geskiedenis, naamlik die Groot Trek, het die ideale geleentheid gebied om as katalisator te dien vir die groei en ontwaking van ’n eie Afrikanerkultuur – wat weer tot die suksesvolle etniese mobilisasie van die Afrikaner bygedra het, die groei van Afrikanernasionalisme en die ontwikkeling van ’n eie Afrikaneridentiteit.²³ Volgens Grundlingh en Sapire was die Eeufeesvieringe wat in 1938 plaasgevind het “a massive cultural and political spectacle which left a decided imprint on Afrikaner political development”.²⁴ Die Simboliese Ossewatrek wat deur die ATKV georganiseer is en wat ’n kardinale deel van die Eeufeesvieringe gevorm het, het grootliks tot die opwelling van ’n nasionale gevoel onder die Afrikaners bygedra en selfs Henning Klopper, die vader van die Simboliese Ossewatrek-idee (en hoofvoorsitter van ATKV, asook ’n stigterslid van die Afrikaner Broederbond) het aangevoer dat die unieke Simboliese Ossewatrek meer moes wees as net ’n blote ossewatrek, maar dat dit eerder ook ’n wekroep moes wees vir die Afrikanervolk en ter hereniging van die hele Afrikanerdom moes dien.²⁵

¹⁸ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 17.

¹⁹ A. Grundlingh en H. Sapire, *From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrialising South Africa, 1938-1988*, p. 4.

²⁰ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 18.

²¹ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 18.

²² G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 18.

²³ A. Grundlingh en H. Sapire, *From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrialising South Africa, 1938-1988*, p. 1.

²⁴ A. Grundlingh en H. Sapire, *From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrialising South Africa, 1938-1988*, p. 2.

²⁵ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 13; A. Grundlingh en H. Sapire, *From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrialising South Africa, 1938-1988*, p. 5.

Prof. J.F. Burger se feesrede wat hy op 16 Desember 1938 in Kaapstad gelewer het, beskryf die ontwikkeling van 'n eie Afrikaneridentiteit en -nasionalisme gedurende die Eeufeestydperk soos volg: “In hierdie 20e eeu belewe ons volk sy renaissance. Ons het bewus geword van ons taal en sy onverwagte moontlikhede, van ons eie aard en sy deugde, van ons geskiedenis en sy roemryke gebeure. Maar dit is eers met die ossewatrekke deur ons land in hierdie jaar wat vir die Afrikaner sy geskiedenis gewys het soos dit werklik was, wat vir hom gewys het hoe hy self was en is, wat die Afrikaner aan homself geopenbaar het”.²⁶

3. Die kulturele impak en betekenis van die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefes

Hoewel die Voortrekkereuefes nie noodwendig nuwe kultuurvorme geskep het nie, het die fees wel bygedra om van die ou Afrikanertradisies en kulturele gebruike te laat herleef. Kapp skryf: “Dit was ook so op kultuurgebied waarvan die Afrikaner opnuut bewus geword het van soveel dinge wat reeds lank sy eie volksbesit was, maar wat weinig aandag en waardering geniet het”.²⁷ Volgens Swart het die Voortrekkereuefes 'n kulturele verruiming en verryking tot gevolg gehad, wat tot pragtige en blywende kultuurneerslae gelei het.²⁸ Dit is nie die hoofdoel van die studie om op al die kulturele uitvloeisels van die Voortrekkereuefes te fokus nie en word slegs na 'n paar hoofpunte verwys.

Volgens Kapp is die heringebruikneming van die dra van Voortrekkerdrag een van die grootste kulturele vondste van die jaar. Hoewel die dra van Voortrekkerdrag by spesiale geleenthede reeds vroeër in die eeu begin posvat het, soos by die Dingaansdagfees op 16 Desember 1929 by die Vrouemonument in Bloemfontein, het die impetus vir die dra van Voortrekkerdrag in 1938 só toegeneem dat Voortrekkerdrag die tradisionele feesdrag van die Afrikaner geword het. So ook het die Afrikaner sy eie volksdanse ontdek, oftewel herontek, en was Volkspoele nog 'n belangrike kulturele bydrae tot die Eeufesverrigtinge.

²⁶ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 711.

²⁷ P.H. Kapp, Die betekenis van die Eeufes op Kultuurgebied, *Die Taalgenoot*, Julie 1968, p. 3.

²⁸ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 15.

Selfs tradisionele sportsoortse soos jukskei het weer as volkspel herleef en is as 'n aktiewe sport aangebied. Afrikaanse musiek (onder meer Boeremusiek en sang) het in die tydperk 'n oplewing beleef en het so 'n onmiskenbare deel van die feesverrigtinge gevorm dat dit van die Afrikaner 'n singende volk' gemaak het. Tradisionele volksliedjies het weer bekend geraak en nuwe Afrikaanse liedjies en komposisies het na vore gekom, kore het spontaan ontstaan en boeremusieksorkeste is gestig. Die Afrikaner het weer volksmusiek gehad waarop hy trots kon wees.²⁹ Die breë publiek het ook tydens die Eeufesverrigtinge daarop aangedring dat die *Stem van Suid-Afrika*, geskryf deur C.J. Langenhoven en getoonset deur M.L. de Villiers, as nasionale volkslied aanvaar moes word.³⁰ Ook op letterkundige gebied het die Eeufes daartoe bygedra dat verskeie historiese romans, gedigte en toneelstukke die lig gesien het. Die Afrikaanse leserspubliek het toegeneem en biblioteke het 'n buitengewone aanvraag beleef, terwyl 'n rekordgetal geskiedenisboeke oor die Afrikaner se geskiedenis deur Nasionale Pers verkoop is. Die suiwere gebruik en bevordering van die Afrikaanse taal het met die Eeufes toegeneem. Selfs die Afrikaanse rolprentbedryf is 'n hupstoot gegee met die maak van die rolprent 'n *Nasie hou koers*. Dis onder leiding van Hans Rempel in samewerking met die Voortrekkerjeugbeweging vervaardig en handel oor die hoogtepunte van die Eeufesvieringe.³¹

Toesprake gedurende die feesvieringe het ook gewild geword en hoewel daar nie juis aardskuddende politieke aankondigings gemaak is in die talle toesprake wat gehou is nie, is die Afrikanergemeenskap simbolies en op 'n emosionele vlak herenig en saamgesnoer.³² Die oplewing in die belangstelling in die geskiedenis van die Afrikaner, nie net in die Groot Trek-geskiedenis nie, het op allerlei maniere gemanifesteer, byvoorbeeld deur toesprake, spesiale uitgawes van koerante en tydskrifte, spesiale publikasies en historiese vertellings. Die Eeufes het ook daartoe gelei dat die wetenskaplike studie van die Afrikaner se geskiedenis aandag gekry het en die

²⁹ P.H. Kapp, Die betekenis van die Eeufes op Kultuurgebied, *Die Taalgenoot*, Julie 1968, pp. 3, 5.

³⁰ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 30.

³¹ P.H. Kapp, Die betekenis van die Eeufes op Kultuurgebied, *Die Taalgenoot*, Julie 1968, p. 5.

³² A. Grundlingh en H. Sapire, *From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrialising South Africa, 1938-1988*, p. 3; A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 16.

mondelingse herinneringe van oudstryders wat aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het, is opgeteken. Daarmee saam is waardevolle voorwerpe wat aan Voortrekkervoorouers behoort het ingesamel sodat dit uiteindelik in toekomstige museums by die Voortrekkermonument in Pretoria en die ATKV se hoofkwartier in Hartenbos opgeneem kon word.³³ Die Eeufees het ook daartoe bygedra dat nuwe kultuurorganisasies tot stand gekom, het soos Kappie-kommando's, Baardkwekersverenigings, die Afrikaanse Jongmanne-organisasie, asook die bekende Ossewa-Brandwag wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) in 'n politieke organisasie en drukgroep in Suid-Afrika ontwikkel het. Die Voortrekkereeufees van 1938 het die grondslag gelê vir die formaat waarop kulturele volksfeeste daarna gehou is en baie van die 1938-feesgebruike is by toekomstige volksfeeste as maatstaf gebruik.³⁴

4. Die oprigting van monumente en gedenktekens gedurende die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereeufees

Marschall beweer dat “[t]he source and vehicle for myth is heritage” en dat monumente en ander produkte van die erfenissektor gebruik word om oorsprongsmite te visualiseer.³⁵ Die Groot Trek is veral gedurende die vroeë twintigste eeu gepropageer en aangemoedig as die oorsprongsmite vir die Afrikanervolk en is deur die oprigting van monumente en gedenktekens tydens die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereeufeesvieringe van 1938 in 'n tasbare werklikheid verander en vasgelê.³⁶ Marschall skryf dat “Monuments – notably the well-known Voortrekker Monument near Pretoria and countless smaller monuments scattered throughout the country – were established to visualize and institutionalize this memory.”³⁷ Die stelling word deur Coetzee beaam wat beweer: “Die herskepping van die Voortrekkergees is volbring met

³³ P.H. Kapp, Die betekenis van die Eeufees op Kultuurgebied, *Die Taalgenoot*, Julie 1968, p. 5.

³⁴ P.H. Kapp, Die betekenis van die Eeufees op Kultuurgebied, *Die Taalgenoot*, Julie 1968, p. 6.

³⁵ S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, pp. 20-22.

³⁶ S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, p. 18.

³⁷ S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, p. 23.

die reuse-entoesiasme wat die Simboliese Ossewatrek in dié tyd veroorsaak het en ook die vele monumente wat opgerig is”.³⁸

Tydens die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefeesvieringe is meer as ’n paar honderd monumente en gedenktekens opgerig – by skole, voor stadsale, in munisipale tuine, by kerke en op privaat grond en plase om sodoende die herinnering aan die Groot Trek tasbaar te visualiseer. Die gedenktekens is dikwels op geskiedkundige plekke opgerig wat nie baie toeganklik was nie, met die gevolg dat van die gedenktekens vergete geraak het en ander weer verwaarloos is.³⁹ Die gedenktekens wat opgerig is, het gewissel van die hoeksteenlegging van ’n monument tot ’n eenvoudige klipstapel of waspore in ’n sementblok vasgelê. Omtrent by elke dorp wat deur die ossewaens besoek is, is ’n gedenkteken opgerig of was daar reeds sprake daarvan om ’n toepaslike gedenkteken in die toekoms op te rig. In sommige gevalle is die ideale nie altyd verwesenlik nie, soos die kleinere borsbeeld van Andries Pretorius wat net buite Graaff-Reinet opgerig is in plaas van die sierlike ruitersstandbeeld wat in die vooruitsig gestel is.⁴⁰ Monumente is nie net opgerig nie, maar ook verskuif, soos die hewige stryd wat in 1938 ontstaan het rondom die plasing van die Paul Kruger-standbeeld, wat uiteindelik daartoe gelei het dat die standbeeld op 10 Oktober 1954 na Kerkplein in Pretoria verskuif is.⁴¹

Die monumente en gedenktekens wat tydens die Voortrekkereuefeesvieringe opgerig is, het bygedra tot die ontwikkeling van ’n eie Afrikaneridentiteit. Marschall skryf: “It was the shared heritage of the Voortrekkers, construed as divinely ordained, that constructed the Afrikaner nationalist identity. The celebration of the Great Trek – through monuments and rituals – functioned as a powerful unifier and assisted in forging a coherent Afrikaner identity”.⁴²

³⁸ N.J. Coetzee, Die voorstelling van die Voortrekkers in die kuns, in J.S. Bergh (red.), *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers*, pp. 180-181.

³⁹ S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, pp. 23, 25; P.H. Kapp, Die betekenis van die Eeufees op Kultuurgebied, *Die Taalgenoot*, Julie 1968, p. 5.

⁴⁰ P.H. Kapp, Die betekenis van die Eeufees op Kultuurgebied, *Die Taalgenoot*, Julie 1968, p. 5.

⁴¹ O.J.O. Ferreira, *’n Volk se hulde*, pp. 99.

⁴² S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, pp. 24-25

HOOFSTUK 5

'N INTERPRETERING VAN DIE DATABASIS: DIE VERSKILLENDE Tipes MONUMENTE EN GEDENKTEKENS WAT TYDENS DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK EN VOORTREKKEREEUFEEESVIERINGE IN 1938 OPPERIG IS

1. Monumente

1.1 Ontwerp en vorm

Die monumente wat opperig is, het nie 'n spesifieke voorgeskrewe ontwerp of vorm gehad nie. Die besluit oor die vorm wat die monument moes aanneem, die tipe boumateriaal wat gebruik is en die fondse beskikbaar vir die oprigting van die monumente, het hoofsaaklik by die verskillende dorpe se Eeufesreëlingskomitees berus. Dikwels is plaaslike boumateriaal vir die oprigting van die monumente gebruik en in sommige gevalle is interessante klippe uit die omgewing verkry of klippe is van historiese plekke gebring om in gedenktekens ingemessel te word.¹ Voorbeelde hiervan is die Eeufesgedenkmonument by die N.G. Kerk in Oudtshoorn waar stalagtiete, afkomstig van die Kangogrotte, bo-op die monument gemonteer is, asook die Eeufesgedenkmonument by die N.G. Kerk in Lindley wat gebou is met klippe afkomstig van Sarel Cilliers se eerste huis, die oorspronklike graf van Anna Steenkamp, die Liebenberg-koppie en Johanna de Beer se huis.²

Omdat die ossewa as vervoermiddel tydens die Simboliese Ossewatrek gebruik is, het dit die verbeelding van die publiek aangegryp. Dit is dus 'n natuurlike afleiding dat die vorm van die ossewa 'n prominente rol gespeel het in die ontwerp en uitbeelding van die monumente wat opperig is en dat dit die gees van die Simboliese Ossewatrek en

¹ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 24.

² J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Oudtshoorn, *Die Taalgenoot*, September 1971, p. 13; D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 571.

Voortrekkereuefeesvieringe weerspieël.³ Een van die bekendste monumente wat die vorm van 'n graniet kakebeenwa het, is sekerlik die Bloedriviermonument wat deur Coert Steynberg ontwerp is, voor die museumkompleks by die Bloedrivierslagveld in KwaZulu-Natal.⁴ Afbeeldings van ossewaens en trektonale, gebaseer op die tradisionele vorm van die kakebeenwa, is ook op monumente gegraveer of in reliëf aangebring, soos in die geval van die Eeufeesgedenkmonumente by die N.G. Kerk in Lindley, die N.G. Kerk in Frankfort, Voortrekkerstraat in Lydenburg en voor die Stadsaal in Theunissen waar 'n illustrasie van 'n ossewa op gepoleerde granietstene aangebring is.⁵ Miniatuur afbeeldings van ossewaens is ook uit sandsteen gemaak en is dan op monumente gemonteer, soos gesien kan word op die Eeufeesgedenkmonumente by die N.G. Kerk in Calvinia, die N.G. Kerk in Vredefort, die Laerskool Senekal in Senekal en die kerkplein in Somerset-Wes.⁶ Ander mediums is ook vir beeldhouwerke gebruik, soos in die geval van die brons ossewa en osse wat op die Eeufeesgedenkmonument in Bethulie gemonteer is, wat deur mnr. H.J.J. Myburgh uit koeëldoppe gegiet is.⁷

Benewens die vorm van die ossewa figureer die onderdele van die wa ook dikwels op monumente. Veral die wawiel verskyn in verskillende vorme soos die gebruik van 'n halwe graniet-wawiel met inskripsies in die vellings op die Eeufeesgedenkmonumente by die Dirkie-Uys plein in Petrus Steyn en Voortrekkerstraat in Vrede.⁸ In sommige gevalle is selfs oorspronklike wawiele en remskoene op monumente gemonteer, soos die houtwiel wat op die Eeufeesgedenkmonument in Smithfield voorkom en die ysterremskoene wat op die Eeufeesgedenkmonumente in Parys en voor die N.G.Kerk in

³ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 266.

⁴ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 238.

⁵ P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, p. 60; P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, p. 34; Voortrekkerstraat, Lydenburg: Eeufeesgedenkmonument, besoek 2006-12-30; Le Roux-straat, Theunissen: Theunissen Eeufeesgedenkmonument, besoek 2005-05-29.

⁶ Foto: *Calvinia Eeufeesgedenkmonument*, A.J. van Wyk, 2006-10-02; P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, p. 94; Persoonlike inligting: Mev. M.G. Prinsloo, Primêre Skool Senekal, Senekal, 2005-04-04; J.J. van Tonder, *Fotobeeld van 300 monumente, standbeelde en gedenktekens*, p. 123

⁷ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 268.

⁸ J.J. van Tonder, *Fotobeeld van 300 monumente, standbeelde en gedenktekens*, p. 120; P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, p. 93

Excelsior gemonteer is.⁹ By party monumente is ook ander interessante verbandhoudende voorwerpe aangebring, soos in die geval van die Eeufesgedenkmonumente in die Kaap by Citrusdal en Swellendam waar gietyster- voorlaaierkanonne gemonteer is.¹⁰

Die fakkelloop wat deur die Voortrekkerbeweging in 1938 georganiseer is, het ook 'n blywende indruk op die publiek gelaat en figureer die beeld van 'n brandende fakkel op enkele van die monumente, soos die Eeufesgedenkmonument in Colesberg wat 'n loodglaspaneel van 'n brandende fakkel voorop het.¹¹ Die Voortrekkerbeweging se wapen is 'n wiel met 'n fakkel daarop en volgens dr. N.J. van der Merwe, die Hoofleier van die Voortrekkerbeweging in 1938, simboliseer die ossewa (wat deur die wiel voorgestel word) die stoflike stryd van die Afrikaner, terwyl die die fakkelloop die Afrikaner se geestelike roeping as ligdraers in Suid-Afrika versinnebeeld, om die “besondere lig van die Christelike beskawing in Suid-Afrika te bring”.¹² Die Voortrekkerbeweging se aandeel aan die sukses van die Voortrekkereeufesvieringe word herdenk deurdat talle monumente die leuse asook die wapen van die Voortrekkerbeweging vertoon, soos die gedenkmonumente op die plaas *Kraanvoëlkuil* in Beaufort-Wes en die een by *Kruidfontein* in Ceres wat tydens die fakkelloop opgerig is.¹³

Die godsdienstige inslag van die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereeufesvieringe het dikwels sterk na vore gekom in die ontwerp van monumente in die vorm van 'n oop Bybel. Eeufesgedenkmonumente waarby oop klipbybels voorkom, is te vinde by Petrusburg en die N.G. Suidkerk in Heilbron wat ook die volgende inskripsie op die

⁹ P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, p. 76; Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Trekbakens: Simboliese Ossewatrek 1938, p.1: Stadsklerk, Parys Munisipaliteit – Hoofsekretaris, A.T.K.V., 1967-09-26; Geskrewe inligting: D. Ferreira, dries010@telkomsa.net, 2006-08-31.

¹⁰ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Trekbakens: Simboliese Ossewatrek 1938, p.1: Stadsklerk, Citrusdal – Hoofsekretaris, A.T.K.V. 1967-10-17; Foto: *Swellendam Eeufesgedenkmonument*, A.J. van Schalkwyk, 2006-08-27.

¹¹ Torrenberg- en Hospitaalweg, Colesberg: Eeufesgedenkmonument, besoek 2007-04-28.

¹² Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 8: *Betekenis van die fakkelloop*, p. 1313.

¹³ Beaufort-Wes Museum, Beaufort-Wes: PC 721, foto: *1938 Monument Beaufort-Wes, 1938*; Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 7: *Kommando van Ceres neem fakkel oor*, p. 1119.

Bybel het: “U woord is ’n lamp vir my voet en ’n lig vir my pad”.¹⁴ Die vorm van die Geloftekerk in Pietermaritzburg is ook in party van die ontwerpe gebruik, soos gesien kan word in die miniatuur replikas van die Geloftekerk wat by die Hoërskool Sarel Cilliers in Hobhouse en by Leeudoringstad opgerig is.¹⁵

Selfs die vorm en argitektuur van die Voortrekkermonument het as inspirasie vir sekere van die monumente gedien wat opgerig is, byvoorbeeld die miniatuur replika van die Voortrekkermonument wat ook deur Gerard Moerdijk ontwerp is by die Helpmekaar Kollege in Johannesburg en die Eeufeesgedenkmonument in Springs.¹⁶

1.2 Simboliek en betekenis

1.2.1 Simboliek van die ossewa

Die wa met sy kakebeenvormige lere en seiltentjie het ’n driedelige funksie gehad en was die Voortrekkers se woning, vesting en kerk tydens die Groot Trek. By die wa is daar geboorte geskenk, huwelike voltrek, begrafnis gehou en was die wa as ’t ware die middelpunt van die Voortrekkers se gesinslewe op die trek. Die waens is as ’n vesting en beskermingsmeganisme gebruik, deurdat die waens in ’n walaer getrek is wanneer gevare gedreig het om sodoende beskerming aan die mense binne die laer te bied. Die wa het ook as ’n kerk gedien en môre- en aandgodsdienste, kerkdienste en nagmaal is by die wa gehou, terwyl die Statebybel ’n ereplek in die voorkis van die wa ingeneem het.¹⁷ Die wa simboliseer ook ’n altaar waar baie lewens opgeoffer is vir die vryheidsideaal van die Voortrekkers, met spesifieke verwysing na die aanvalle by Bloukrans en Weenen.¹⁸

¹⁴ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 390; P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, p. 42.

¹⁵ P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, p. 45; Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Trekkakens: Simboliese Ossewatrek 1938, p.1: Stadsklerk, Leeudoringstad Munisipaliteit – Hoofsekretaris, A.T.K.V., 1967-10-12.

¹⁶ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 268; J.J. van Tonder, *Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Springs, Die Taalgenoot*, November 1969, p. 9.

¹⁷ O.J.O. Ferreira, *Die Bloedriviermonument, Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 14.

¹⁸ J.J. van Tonder, *Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Elsburg, Die Taalgenoot*, Julie 1970, p. 22.

Vir die Afrikaner van die vroeë twintigste eeu is die ossewa as 'n simbool van die 'kannie-dood-gees' van die Afrikaner gesien.¹⁹ Dr. Van Hoepen het die naweek van 29-30 Oktober 1938 as feesredenaar by Petrusville opgetree en het "op die simboliese betekenis van die wa gewys, wat 'n beeld gee van die volharding en vertrouwe van die Afrikaner in sy voortbestaan, sy toekoms, sy volk en sy God. Die ossewa is ook die simbool van nasieliefde en samehorigheid".²⁰ Volgens Ferreira is die ossewa 'n simbool van die Afrikaners se nasiewording en sy onblusbare vryheidstrewe en is dit vir die Afrikaners 'n "Immanuel-teken" wat beteken "God is met ons".²¹

Die gees van die Voortrekkereuefeesvieringe en die simboliek van die ossewa wat so prominent in die ontwerp en vorm van die monumente figureer, kom duidelik na vore in die aanhaling van 'n gedig *Die Trek van Boerewaens* deur prof. J.D. du Toit (Totius), waarvan 'n faksimile-uitgawe aan die Voortrekkerwaens oorhandig is met hulle besoek aan Potchefstroom van 9 tot 13 November 1938:²²

*Die trek van die Boerewaens
wat wentel deur die wye,
gevreesde doodsvalleie
en ánder skatte dra:
die heil'ge Boek as Leider,
die swaard as hul bevryder;
in wildheid eindeloos
'n moeder met haar kroos;
die skat van hoë sede;
taaiheid in teënhede;
hoog-voor die vryheidshoop,
en... Afrika gaan oop –
dié trek van Boerewaens,
húl was die nagverdrywers van jou, groot Afrika!*

¹⁹ J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Elsburg, *Die Taalgenoot*, Julie 1970, p. 22.

²⁰ J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Petrusville, *Die Taalgenoot*, Oktober 1971, p. 15.

²¹ O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 26.

²² Gedig: Totius, *Die Trek van die Boerewaens*.

1.2.2 Betekenis van die monumente as tydksules

Een van die verskynsels wat tydens die Simboliese Ossewatrek voorgekom het, was om in die hoekstene van die monumente of in die monumente self sekere voorwerpe en aandenkings te plaas wat eers in 2038 oopgemaak moet word. Volgens Duvenage was die verskynsel 'n "nuwigheid" op die trek.²³ Van die monumente het dus 'n addisionele funksie verkry en is in tydksules omskep. Die gebruik van tydksules is eeue oud en verwysings daarna kom al voor in die literêre werk *The Epic of Gilgamesh* waarin melding gemaak word van 'n manuskrip wat in die mure van Uruk weggesteek is. Selfs die piramides van Egipte en Mexiko kan as tydksules beskou word, omdat antieke voorwerpe daarin versteek is. Die term 'tydksule' en die gebruik van moderne tydksules is deur die Westinghouse Maatskappy bekend gemaak wat in 1939 'n 800 pond metaalbal met historiese feite, statistieke, boodskappe en populêre voorwerpe van die era gevul het en dit begrawe het op die terrein waar die World's Fair in New York plaasgevind het. Die kapsule moet eers oor vyfduisend jaar oopgemaak word. Hedendaags speel die internet en wêreldwye web ook 'n groot rol en is elektroniese tydksules geskep, soos die *Yahoo Tydksule* wat in 2006 gesluit is en eers in 2020 geaktiveer sal word.²⁴

Die term tydksule word soos volg deur die Oxford woordeboek van 1989 beskryf: "A container used to store for posterity a selection of objects thought to be representative of life at a particular time".²⁵ Die Oxford woordeboek van 1995 beskryf die term soos volg: "A box etc. containing objects typical of the time, buried for discovery in the future".²⁶ Die doel van tydksules word deur die *International Time Capsule Society* soos volg uiteengesit: "Properly prepared time capsules preserve the salient features of history and can serve as valuable reminders of one generation for another. Time capsules give individuals, families and organizations an independent voice to the future".²⁷ Tydksules verskaf dus aan toekomstige geslagte die geleentheid om 'n kykie te kry in

²³ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 159.

²⁴ Geskrewe inligting: Opvoedkundige afdeling, McGregor Museum, Posbus 316, Kimberley, 2007.

²⁵ Geskrewe inligting: Opvoedkundige afdeling, McGregor Museum, Posbus 316, Kimberley, 2007.

²⁶ D. Thompson (ed.), *The concise Oxford dictionary*, p. 1460.

²⁷ Geskrewe inligting: Opvoedkundige afdeling, McGregor Museum, Posbus 316, Kimberley, 2007.

die doen en late van vorige geslagte en is 'n wyse om die verlede te onthou en in 'n sekere sin ook te herdenk. Die doel van die monument-tydkapsules wat in 1938 opgerig is, is om tydens die tweehonderdjarige Groot Trek-herdenking in 2038 die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefeesvieringe van 1938 in herinnering te roep. Tog het die politieke, ekonomiese, kulturele, demografiese en tegnologiese landskap en omstandighede in Suid-Afrika intussen drasties verander. In 1938 het Suid-Afrika op die vooraand van die Tweede Wêreldoorlog gestaan en het die Voortrekkereuefeesvieringe bygedra tot 'n groeiende Afrikanernasionalisme en is die monumente opgerig met die bedoeling dat hulle deur toekomstige geslagte bewaar en versorg sal word. In die jaar 2007 leef ons egter in 'n demokratiese Suid-Afrika waar die Afrikaner-regime nie meer aan bewind is nie en word die monumente wat opgerig is dikwels in die vergetelheid gelaat en word die geskiedenis van gebeure soos die Groot Trek nie eers meer in skoolleerplanne ingesluit nie. Die vraag is dus: Wat sal die Afrikaners van 2038 van die Afrikaners van 1938 dink en die erfenis wat hulle met soveel ywer en toewyding nagelaat het?

'n Verskeidenheid aandenkings is in die hoekstene en monumente geplaas om die Afrikaners van 2038 met hoop en trots te besiel. Die volgende voorwerpe is in 'n driepootpot in die Oudstrydersmonument by Cottesloe geplaas: *Die Transvaler*, *Vaderland* en *Rand Daily Mail* van 19 November 1938; 'n kersfeeskaartjie met 'n afbeelding van die Voortrekkermonument; 'n herdenkingsboek van die Transvaal Onderwysvereniging; 1938-eksemplare van *Kerkblad*, *Voorligter*, *Taalgenoot* en *SA Railways and Harbours*; 'n Afrikaanse en Hollandse Bybel en Psalmboek; 'n boek van Andrew Murray; 'n foto en glasnegatief van Paul Kruger; 'n brosjure en besoekersgids van Johannesburg en 'n kaart van die roetes van die Simboliese Ossewatrek.²⁸ Met die verskuiwing van die Langenhoven Hoërskool Eeufeesgedenkmonument na nuwe skoolgronde, is die volgende items in die monumentjie gevind: 'n 1938-Eeufeeskommetjie met die handtekeninge van die personeellede van 1938, 'n looddigte koker met 'n kopie van die *Stem van Suid-Afrika*, 'n *Op die pad van Suid-Afrika*-kaart

²⁸ Geskrewe inligting: E. Itzkin, Assistent-Direkteur van Johannesburg se Onbeweegbare Erfenis, Posbus 517, Newtown, 2007-09-05.

uitgegee deur Pegasus, 'n gedenkkoevert met 'n brief gerig aan die toekomstige hoof vir wanneer die monumentjie afgebreek word (eintlik bedoel vir 2038), die uitnodiging na die onthulling van die monument en naamlyste van die kinders en personeel van 1938.²⁹ In Ohrigstad het die plaaslike inwoners dit selfs goed gedink om plaaslik gestookte mampoer saam met dokumente en klerasie in 'n betonkas te verseël.³⁰

Die hoekstene van die Voortrekkermonument en die Bloedriviermonument wat albei op 16 Desember 1938 gelê is, het ook as tydskapsules gedien. Dr. J.D. Kestell het namens mev. Tibbie Steyn die volgende voorwerpe in die holte onder die Voortrekkermonument se hoeksteen geplaas: die Klopper-Bybel, 'n vergulde afskrif van die Gelofte, 'n afskrif van die traktaat tussen Piet Retief en Dingane, 'n kopie van die Dagboek van Jan van Riebeeck en 'n afskrif van *Die Stem van Suid-Afrika* in 'n waterdigte loodkoker.³¹ Onder die hoeksteen van die Bloedriviermonument is 'n koperbuis met 'n afdruk van die Gelofte en 'n plan en spesifikasies van die monument geplaas.³²

1.3 Voorbeelde van Groot Trek-monumente wat in 1938 opgerig is

Die monumente wat in 1938 opgerig of waarmee begin is, kan in drie hoofkategorieë ingedeel word. Die eerste kategorie is Groot Trek-monumente wat opgerig is met die primêre doel om spesifieke Voortrekkerhelde te vereer en om gebeurtenisse en veldslae uit die Groot Trek te herdenk. Op grond van die Databasis (Bylaag I) kan afgelei word dat die monumente fisies groter en monumentaal is as die kleiner gedenkmonumente wat opgerig is; die monumente dikwels op 'n histories-betekenisvolle plek opgerig is; die monumente van duursame materiaal gebou is; gewoonlik professionele argitektoniese beplanning en tekeninge gehad het; groter fondinsamelings van stapel gestuur is om die duurder monumente op te rig en die monumente argitektonies, esteties en visueel meer aanskoulik is. Die hoeksteenleggings van die monumente het in 1938 plaasgevind en die plegtige inwydingsgeleenthede het in 'n latere stadium plaasgevind, nadat die bouwerk

²⁹ Persoonlike inligting: Mnr. W.J.H. Kath, hoof van die Hoërskool Langenhoven, Paul Krugerstraat, Pretoria, 2005-11-01.

³⁰ C. Kruger, *Ohrigstad: Kamee van 'n Kontrei*, p. 43.

³¹ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, pp. 202-203.

³² D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 625.

voltooi was. Die bekendste voorbeelde van monumente wat in hierdie kategorie val, is die Voortrekkermonument in Pretoria, die Bloedriviermonument in KwaZulu-Natal, die Karel Landman-monument in Alexandria en die Piet Retief-monument in Port Elizabeth.

1.3.1 Die Voortrekkermonument, Pretoria

Die Voortrekkermonument is op Monumentkoppie langs Eeufesweg in Pretoria geleë en kan op 'n helder dag 40 km ver gesien word.³³ Die Sentrale Volksmonumentekomitee (SVK) is op 4 April 1931 gestig met die hoofdoel om 'n waardige monument op te rig ter ere aan die Voortrekkers wat tydens die Eeufeesherdenking van die Groot Trek in 1938 onthul moes word. Die argitek Gerard Moerdijk se ontwerp is deur die komitee goedgekeur, maar die voorgestelde monument was baie groter en duurder as wat aanvanklik beplan is. Vervolgens is besluit om slegs die hoeksteen van die monument in 1938 te lê.³⁴ Hoewel verskeie persone aanspraak gemaak het op die plasing van die monument in hulle omgewing, het die Situskomitee van die SVK besluit op Pretoria en was een van die deurslaggewende faktore die toeganklikheid en bereikbaarheid van die terrein.³⁵

Die politieke situasie in 1938 het daartoe gelei dat die eerste minister, genl. J.B.M. Hertzog, nie die hoeksteenlegging waargeneem het nie, maar eerder drie vroulike afstammeling van Voortrekkerleiers.³⁶ Die hoeksteen van twee en 'n half ton is om twintig oor twaalf op 16 Desember 1938 deur mev. J.C. Preller, 'n agterkleindogter van Piet Retief, mev. J.C. Muller, 'n kleindogter van Andries Pretorius, en mev. K.F. Ackerman, 'n agterkleindogter van Hendrik Potgieter, op die noordoostelike hoek van die fondament gelê. Drie silwertroffeltjies met ivoorhandvatsels is deur Gerard Moerdijk aan die hoeksteenlegsters oorhandig; die hoeksteen is gelê, en daarna het elkeen van die

³³ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 170.

³⁴ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 172.

³⁵ O.J.O. Ferreira, *'n Volk se hulde*, p. 46.

³⁶ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 172.

hoeksteenlegsters verklaar dat die hoeksteen goed en heg gelê is. Die volgende vergulde letters op die hoeksteen is deur adv. E.G. Jansen voorgelees:³⁷

*'n Agterkleindogter van Piet Retief
'n Kleindogter van Andries Pretorius
'n Agterkleindogter van Andries Hendrik Potgieter
het gesamentlik hierdie hoeksteen gelê op 16 Desember 1938*

Dr. J.D. Kestell het met skriflesing en gebed geopen waarna prof. J.D. du Toit (Totius) sy preek gelewer het. Daarna het adv. Jansen die woord gedoen, boodskappe van onder andere koningin Wilhelmina van Nederland voorgelees, die jonkheer Beelaerts van Blokland is aan die woord gestel, ds. J.J. Prinsloo het 'n dankgebed gedoen en die Gelofte is voorgelees. Die reuse skare het toe verskeie liedere gesing en die hoeksteenplegtigheid is met die sing van die *Die Stem* afgesluit.³⁸



Figuur 5: Die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938.

Foto: Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 12, p. 2150.

³⁷ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, pp. 202-203; Eeufeesweg, Pretoria: Voortrekkermonument, besoek 2007-09-30; Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 7: *Hoeksteen klaar om gelê te word*, p. 1150.

³⁸ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 203; D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, pp. 778-780.

Moerdijk het hom soos volg oor die grootsheid van Voortrekkermonument uitgespreek: “’n Gedenkteken wat duisend jaar en langer moet staan om aan die nageslagte die geskiedenis en betekenis van die Groot Trek te verduidelik, moet groots van gees wees en eer bring aan die wat dit toekom”.³⁹ Moerdijk is deur die profiel van Kranskop by Nylstroom beïnvloed wat as inspirasie gedien het vir die silhoeët van die Monument en mense verwys ook dikwels na die Art-Deco styl van die Monument.⁴⁰ Hy het probeer om die grootsheid van die kontinent Afrika in die Monument te versinnebeeld en het inspirasie gekry uit die Zimbabwe-ruïnes in Suidelike Afrika waar die illusie van grootsheid geskep is deur kleinerwordende granietstene te gebruik na mate die bouwerk hoër word en mure wat skuins na bo loop. Moerdijk het dieselfde boumetode van kleinerwordende granietblokke en mure wat skuins na bo loop, op die Voortrekkermonument toegepas om die beeld van ’n grootse en majestueuse konstruksie weer te gee.⁴¹ Op internasionale gebied is die Monument al dikwels vergelyk met die Völkerschlachtendenkmal in Leipzig, Duitsland, wat heelwat ooreenstemmende kenmerke met die Voortrekkermonument vertoon.⁴²

W.F. du Plessis van Bloemfontein was die hoofbouaannemer en feitlik al die bouwerk is deur die meesterbouer Cornelis Pretorius gedoen.⁴³ Die totale koste van die Monument was £359 600 (R719 200) waarvan die staat £338 000 (R676 000) bygedra het.⁴⁴ Die Monument is een-en-veertig meter hoog en die graniet is afkomstig uit granietgroewe naby Messina en Pietersburg in die Limpopo Provinsie. Die marmer in die Senotaafsaal kom van die plaas Kairo en die marmer in die Haldesaal van Marble Hall.⁴⁵

Die Monument word deur ’n laermuur van vier-en-sestig ossewaens omring, dieselfde hoeveelheid waens waaruit die walaer by Bloedrivier met die slag tussen die Voortrekkers en die Zulu op 16 Desember 1838 bestaan het. Volgens Grobler is die walaer simbolies van die weerstand teen bedreigings vir die Afrikanerkultuur en

³⁹ Beheerraad van die Voortrekkermonument, *Die Voortrekkermonument: Amptelike gids*, p. 32.

⁴⁰ J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 14.

⁴¹ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 170; J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 26.

⁴² J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 26.

⁴³ J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 22.

⁴⁴ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 172.

⁴⁵ J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 24.

simboliseer dit die beskerming van die Voortrekkerwaardes soos versinnebeeld deur die senotaaf oftewel die ‘altaar’. Die muur is oorspronklik deur E.C. Pienaar en A.C. Bouman ontwerp en is van sintetiese graniet gemaak wat bestaan uit stukkie blou graniet uit Namakwaland, wit marmer van Marble Hall en wit sement uit Amerika.⁴⁶ Die ysterhek in die opening van die walaermuur is in die vorm van assegaaië gegiet en simboliseer die mag van die Zulukoning Dingane wat die Voortrekkers se weg na die binneland van Suid-Afrika wou versper.⁴⁷

Die vier meter hoë brons Moeder-en-kinderbeeldegroep van ’n Voortrekkermoeder met haar seuntjie en dogtertjie het ’n ereplek in die middel onder die hoofingang van die monument gekry. Die prominente plasing van die beeldegroep dui op die groot rol wat die Voortrekkervrou en -kind tydens die Groot Trek gespeel het. Volgens Moerdijk sou geen volksverhuising sonder hulle plaasgevind het nie en sou daar nie ’n blanke gemeenskap in die binneland van Suid-Afrika tot stand gekom het nie. Die beeldhouer was Anton van Wouw en die beeld is deur die firma R. Vignali in een stuk gegiet.⁴⁸

Die swartwildebeeste aan weerskante van die standbeeld is deur Ernst Ullman gemodelleer en deur Sinclair en Kie in graniet uitgebeitel. Die swartwildebeeste simboliseer gevare wat deur die vrou en haar kinders getrotseer is en die gevare wat die blanke beskawing in Suid-Afrika bedreig het. Die simboliek van die swartwildebeeste is geïnspireer deur die oorlewering dat Piet Retief vir Dingane gevra het watter rumoer buite die Zulukoning se vesting hoorbaar was die aand nadat die trakaat tussen Retief en Dinagene onderteken is, en Dingane het geantwoord dat dit sy regiment van swartwildebeeste was. Dit was vermoedelik die regiment wat Piet Retief en sy manskappe later vermoor het.⁴⁹

Die vier vyf en ’n halwe meter hoë graniet-hoekfigure stel Piet Retief, Andries Pretorius, Hendrik Potgieter en die Onbekende Voortrekker voor en is deur Frikkie Kruger

⁴⁶ J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, pp. 8, 36.

⁴⁷ J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 34.

⁴⁸ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, pp. 170 en 172; J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 38.

⁴⁹ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 172; J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 40.

gemodelleer en deur die klipkappers Yzel en Zederberg uitgebeitel. Die hoekfigure simboliseer 'n erewag wat die Monument bewaak.⁵⁰

Bokant die boogvensters aan die buitekant van die Monument is 'n sig-sag-lynie wat volgens Moerdijk gebruik is om water as die simbool van vrugbaarheid aan te dui. Dit was vir hom simbolies van die Bybelse opdrag om vrugbaar te wees en te vermeerder, wat hy ook op die Voortrekkers van toepassing gemaak het, deurdat hulle 'n Christelike beskawing in die binneland van Suid-Afrika moes vestig.⁵¹ Die ligte wat bo-op die Monument aangebring is om vliegtuie te waarsku, flikker die woorde *Ons vir jou Suid-Afrika* in morsekode.⁵²

Die buffelkop bokant die deur van die hoofingang is deur die beeldhouer Hennie Potgieter gemodelleer. Moerdijk het die buffel beskou as die gevaarlikste verdediger van sy trop in die Suid-Afrikaanse diereryk en simboliseer dus die verdediging van die Afrikanerkultuur teen gevaarlike invloede van buite af.⁵³

Binne-in die Monument is die Haldesaal wat met 'n koepel oordek word. Die koepel simboliseer die mag en omvang van die Groot Trek. In die koepel is 'n opening waardeur 'n sonstraal elke jaar op 16 Desember om twaalfuur op die middel van die bewoording *Ons vir jou Suid-Afrika* op die senotaaf skyn. Die vloer van die Haldesaal is met wyerwordende sirkelpatrone uitgelê en stel watergolfies voor wat uitkring soos wanneer 'n klip in water gegooi word. Dit simboliseer die invloed van die Voortrekkers se trek na die binneland van Suid-Afrika.⁵⁴

Teen die mure van die Haldesaal is sewe-en-twintig panele wat een van die langste historiese friese in die wêreld vorm. Die voorskets vir die fries is deur W.H. Coetzer gemaak en is daarna deur die vier beeldhouers Peter Kirchoff, Frikkie Kruger, Laurika Postma en Hennie Potgieter eers in klei geboetseer en toe in een-derde grootte

⁵⁰ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 172; J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 40.

⁵¹ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 170; J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 48.

⁵² J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 22.

⁵³ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 172; J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 49.

⁵⁴ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 170; J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 50.

gipspaneeltjies gegiet. Tydens die proses moes van Coetzer se tekening afgewyk word omdat perspektief in beeldhouwerk verkry word deur agterste figure kleiner te maak en hulle deels agter die voorstes te laat verdwyn, terwyl die skilderkuns van kleure en lyne gebruik maak om diepte te verkry. Vanaf die een-derde paneeltjies is volgrootte gipspaneel geboetseer en na Italië gestuur waar dit deur Italiaanse voorkappers onder die toesig van Romano Romanelli in wit Italiaanse marmer, afkomstig van Quercetta, uitgekap is. In 1949 is die voltooide friespaneel teruggestuur en het Hennie Potgieter die paneel geïnstalleer. Die fries beeld die geskiedenis van die Groot Trek visueel uit en sekere voorvalle en gebeurtenisse word kronologies uitgelig. Die paneel moes 'n geheel vorm met 'n begin, klimaks en einde. Die drie hoogtepunte van aksie wat deur die Historiese Kommissie aanbeveel is en uitgebeeld moes word, was die Slag van Vegkop, die Moord op Piet Retief en sy manskappe en die Slag van Bloedrivier. Benewens die historiese weergawe moes die fries ook die eiendomsreg van die Afrikaner op Suid-Afrika en ook die Voortrekkerkultuur uitbeeld.⁵⁵

Die Monument moes die karakter van die Voortrekkers vertolk en daarom het Moerdijk ook inspirasie in die Bybel gevind. Die senotaaf van rooi graniet wat in die Senotaafsaal voorkom, is op die altaargedagte gebaseer en vorm die gewyde middelpunt van die Monument. Die senotaaf is 'n simboliese leë graf wat hulde bring aan Piet Retief en sy manskappe wat by Moordkoppie vermoor is. Aanvanklik het Moerdijk beplan om 'n sarkofaag op te rig met een van die trappe wat kan oopskuif om die oorskot van Piet Retief en sy manskappe in die sarkofaag op te neem. Die ideaal het nooit gerealiseer nie en die graf is slegs simbolies van aard. Moerdijk het die idee van 'n sarkofaag by die Westminsterabdij in Engeland gekry waar die woorde "O rare Ben Jonson" op die graf van die digter aangebring is. Op die senotaaf verskyn die woorde *Ons vir jou Suid-Afrika*, die laaste sin van die eerste strofe van die *Stem van Suid-Afrika*, geskryf deur C.J. Langenhoven.⁵⁶

⁵⁵ J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, pp. 56, 58, 60, 62, 64, 66.

⁵⁶ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 170; J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, pp. 14, 24, 52.

Die fakkelvlam op die senotaafvlak is deur die Voortrekkerbeweging met 'n fakkelloop vanaf Kaapstad en Umgungundlovu na Monumentkoppie gebring. Op 14 Desember het die twee fakkels by die monument aangekom en ongeveer 3 000 kleiner fakkels is aangesteek. Na die hoeksteenlegging is een van die fakkels by die Universiteit van Pretoria aan die brand gehou tot en met 1949 toe die vlam simbolies in die Monument aangesteek is. Die voorstel van mnr. P.F. Joubert dat die fakkel daar brandend gehou moes word, is bewaarheid deurdat 'n marmernis met 'n vlamvormige bronslamp agter glas in die Senotaafsaal ingebou is.⁵⁷

Die teikendatum vir die voltooiing van die Monument is in 1943 uitgestel omdat die bouwerk deur die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) vertraag is, wat 'n tekort aan werkers, fondse en materiaal teweeggebring het.⁵⁸ Dit het elf jaar geduur om die Monument te bou. Die Voortrekkermonument is uiteindelik op 16 Desember 1949 amptelik ingewy toe ses seuns en ses dogters in Voortrekkerdrag die voordeur van die Monument om twaalfuur oopgestoot het en 'n sonstraal in die middel van die senotaaf op die woorde *Ons vir jou Suid-Afrika* geskyn het. Tydens die inwysingsgeleentheid is toesprake gelewer deur onder andere die eerste minister, dr. D.F. Malan, die voormalige eerste minister, Jan Smuts, en adv. E.G. Jansen.⁵⁹ Vir die inwysingsgeleentheid het ongeveer 250 000 mense by die Voortrekkermonument byeengekom en is op 'n nasionale grondslag feesgevier deurdat groeteboodskappe en adresse met Rapportryers te perd dwarsoor die land bymekaar gemaak en na die Monument gebring is om met die inwyding oorhandig te word.⁶⁰

Die Monument word tans deur 'n privaat nie-winsgewende Artikel 21-Maatskappy, die Voortrekkermonument en Natuurreservaat, bestuur en word deur tweehonderd-een-en-veertig hektaar omring wat as 'n Natuurreservaat geproklameer is.⁶¹

⁵⁷ J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 54.

⁵⁸ J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, pp. 22 en 28.

⁵⁹ J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 28.

⁶⁰ J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 28.

⁶¹ J. Grobler, *Ontdek die Voortrekkermonument*, p. 32.



Figuur 6: Die Voortrekkermonument, Pretoria.

Foto: M.C. Heunis, 2007-10-13.

1.3.2 Bloedriviermonument, KwaZulu-Natal

Die Bloedriviermonument is op die plaas *Vechtkop* geleë.⁶² Die terrein kan bereik word deur die pad tussen Dundee en Vryheid deur die De Jagers-drif afdraaipad te volg en 23 km verder tot by die Bloedrivier Erfenisterrein te ry.⁶³

Reeds in 'n vroeë stadium tydens een van die eerste Geloftefeeste in 1866, het die behoefte ontstaan om 'n gedenkteken by die Bloedrivierslagveld op te rig. Tydens die vyftigjarige herdenking van die Slag van Bloedrivier het pres. S.J.P. Kruger die herdenking by Bloedrivier bygewoon en het hy ook die gedagte ondersteun dat 'n gepaste monument opgerig moes word. Dit lyk egter asof hy sy tyd vyftig jaar vooruit was, omdat hy self voorgestel het dat "een nationaal monument" in Pretoria opgerig moes word. Verskeie onsuksesvolle fondsinsamelings is van stapel gestuur. In 1917 het die N.G.

⁶² D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 618.

⁶³ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 238.

Kerk die plaas waarop die Slag van Bloedrivier plaasgevind het, by die destydse eienaar gekoop en in 1928 is weer 'n daadwerklike poging aangewend om geld vir 'n waardige monument in te samel en is 'n komitee onder voorsitterskap van ds. Paul Nel gestig.⁶⁴ Hoewel aansoek by die SVK gedoen is om die beplande Voortrekkermonument by Bloedrivier te laat oprig, het die Situskomitee op Pretoria besluit. Daar is egter besluit om ook 'n monument by Bloedrivier op te rig en het die SVK die besluit ondersteun en ook geldelike bydraes gelewer. Die ontwerp van Coert Steynberg is aanvaar en hy is as beeldhouer aangewys.⁶⁵

Die eenvoudige hoeksteen wat deur Coert Steynberg ontwerp is met die bewoording, *Gelê deur eerw. Ds. Paul Nel – Nie aan ons o Heer (Ps. 115:1)*, is op 16 Desember 1938 deur ds. Paul Nel gelê.⁶⁶ Die skare het in doodse stilte toegekyk hoe die hoeksteen gelê word. Die hoofreesredenaar was dr. D.F. Malan.⁶⁷



Figuur 7: Die hoeksteenlegging van die Bloedriviermonument op 16 Desember 1938.

Uit: Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 9, p. 1545.

⁶⁴ O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 14; M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 238.

⁶⁵ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 238.

⁶⁶ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 238; D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 619.

⁶⁷ O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 15.

Die monument is oor die klipstapel gebou wat in 1866 deur die deelnemers aan die Geloftediens gestapel is.⁶⁸ Die voetstuk van vyftien trappies het toegang tot die binnekant van die monument verleen waar 'n ronde opening was waarvandaan 'n mens op die klipstapel kon afkyk. Aan die agterkant en weerskante van die wa is reliëfpanele wat respektiewelik die volgende gebeure voorstel: die aflegging van die Gelofte deur Sarel Cilliers wat op die kanon Grietjie staan, die oorwinning by die Slag van Bloedrivier met Andries Pretorius en die volvoering van die Gelofte deur die oprigting van die Geloftekerk by Pietermaritzburg.⁶⁹

Die monument is in die vorm van 'n kakebeenwa ontwerp en word simbolies en nie realisties nie, voorgestel. Die realistiese weergawe van die wa sou nie prakties moontlik gewees het nie, maar die monument moes nog steeds argitektonies gebalanseerd wees en die verhouding, balans en ritme moes nog steeds 'n geheel vorm en nie verbreek word nie – te veel speke sou byvoorbeeld 'n konsentrasie van klein vormpies op een plek veroorsaak het. By die monument is geen verband tussen die speke, trappe, mure, boë, lyswerk, ensovoorts nie en kom 'n disselboom, skroewe of buikplank nie voor nie. Die hoofdele van die monumentwa is egter proporsioneel korrek.⁷⁰ Die simboliek van die Bloedriviermonument is drieledig en stel die wa as woning, vesting en kerk voor.⁷¹ Van Tonder beskryf die Bloedrivierwa se betekenis soos volg: “In sy geheel word die voortrekkerwa hier uitgebeeld as die behoudende faktor in 'n swerwerbestaan, as die beskermmer van die Trekker se aardse besittings en geestesgoedere. Die feit dat dit die kliphopie beskerm dien as simbool vir die beskerming wat die voortrekkerwa aan die Afrikaner se kultuur verleen het”.⁷²

Die beste boumateriaal moes vir die monument gebruik word omdat dit eeue lank moes staan. Die liggrys granietstene van die voetstuk van die monument is afkomstig van Craighall en die betonklippe is van die Goosen-familie se plaas naby Waschbank in Natal. Swart en grys Suid-Afrikaanse marmer is in die monument gebruik. Die

⁶⁸ O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 14.

⁶⁹ O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, pp. 14-15.

⁷⁰ O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 15.

⁷¹ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 238.

⁷² J.J. van Tonder, *Veertien gedenktekens van Suid-Afrika*, p. 82.

reliëfpanele is deur Coert Steynberg self gebeeldhou. Die firma P. Ley en Kie. van Pretoria was vir die konstruksie van die monument verantwoordelik en die monument is teen ongeveer £5 825 (R11 650) opgerig.⁷³

Hoewel die monument reeds in 1939 voltooi was, kon dit weens die oorlogsomstandighede eers na die einde van die Tweede Wêreldoorlog onthul word.⁷⁴ Dit is op 16 Desember 1947 deur mev. Annie Ebersohn, dogter van J.W. de Jager, 'n Voortrekker wat aan die Slag van Bloedrivier deelgeneem het, en mnr. L.J. Spies, die enigste oorblywende lid van die 1928-komitee, onthul deur 'n kleed van veertig vlae wat aanmekaar vasgewerk was, van die monument af te trek.⁷⁵ Senator A.T. Spies het in sy onthullingsrede gesê: “Hierdie simboliese ossewa van grou graniet uit die hart van ons moederaarde getuig van die ideale van die wat die Voortrekkers deur die donkerste nag op die vaste koers gehou het”.⁷⁶

Die monument wat oor die klipstapel in die middel van die Bloedrivierslagveld opgerig is, moes in 1971 skuif om plek te maak vir 'n historiese voorstelling van die walaer van 1838. Die walaer van vier-en-sestig verbronste ysterwaens is so realisties en histories-korrek moontlik in 'n halfsirkel om die klipstapel met veghekke, sweepstokke, lanterns en kanonne geplaas. Die Coert Steynberg-monument het nie in die historiese voorstelling gepas nie en is na die ingang van die terrein verskuif.⁷⁷ Met die verskuiwing daarvan het van die simboliek verlore gegaan, omdat die trappies na die binnekant van die monument nie meer na die klipstapel gelei het nie.

Die Bloedrivierslagveld is deur die Goewermentskennisgewing no. 1403 op 8 September 1967 tot 'n nasionale monument verklaar.⁷⁸ Die Bloedriviermonument staan tans voor die

⁷³ O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 14.

⁷⁴ O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 15.

⁷⁵ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 238; O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 15.

⁷⁶ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 238.

⁷⁷ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 238.

⁷⁸ O.J.O. Ferreira, Die Bloedriviermonument, *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972, p. 26.

museum-kompleks by die Bloedrivier Efenisterrein wat deur die Voortrekkermonument en Natuurresewaat beheer word.⁷⁹



Figuur 8: Die Bloedriviermonument, KwaZulu-Natal.

Foto: E. Judson, 2007-10-13.

1.3.3 Karel Landman-monument, Alexandria

Die Karel Landman-monument is op die plaas *De Kol-rant*, Olifantshoek geleë. Ongeveer 40 km van Alexandria (Kaaprovinsie) af na Port Elizabeth draai die pad regs uit die hoofweg, en ongeveer 5 km verder word die plaas aangetref.⁸⁰

Die gedagte aan die oprigting van 'n monument ter ere van die honderd-en-tagtig Voortrekkers wat in Oktober 1837 uit die distrik Uitenhage en omliggende omgewing getrek en onder andere die groot trekgeselskap van Karel Landman ingesluit het, het in 1938 by mnr. G.D.J. Aucamp ontstaan. Hy het op 2 September 1938 die vraag geopper of die Groot Trek Eeufees nie in die distrik Alexandria herdenk moet word deur die oprigting van 'n toepaslike monument nie. Op 20 September 1938 is finaal besluit om met die projek voort te gaan en is 'n Olifantshoek-Eeufees en Karel Landman Trekker Monument Kommissie gestig. Die terrein vir die monument wat op 'n bult geleë is met 'n

⁷⁹ Plaas Vechtkop, Bloedrivier Efenisterrein, Dundee: Bloedriviermonument, besoek 2006-08-01.

⁸⁰ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 66.

goeie uitsig en toegang, is deur mnr. J.A. Scheepers geskenk en daar is met voorbereidings begin vir die oprigting van 'n monument.⁸¹

Op 16 Desember 1938 om twaalfuur is die hoeksteen deur die 77-jarige mev. C.J. Scheepers, die dogter van Johannes Christiaan Landman ('n broerskind van Karel Landman) met 'n silwer troffel gelê. Die bewoording op die hoeksteen het met die wydingsrede ooreengestem en lui soos volg:⁸²

*Karel Landman
Trekkergedenksteen
Hierdie steen
is gelê deur
mev. die wed. J.C. Scheepers
geb. Landman
op 16 Desember 1938
“Die nagedagtenis van die regverdige is seën”
Spreuke 10:7*

Die geleentheid is deur 844 feesgangers bygewoon en die diens is deur ds. G.P. le Roux gelei.⁸³ Hoewel daar bespiegeling was dat dokumente in die vierkantige sementblok by die monument ingemessel is, kon geen bewyse daarvoor gevind word nie.⁸⁴

Die argitek Gerard Moerdijk is genader om die ontwerp van die monument te behartig. Aanvanklik was die gedagte om 'n ruwe steen of granietklip op vier pilare op 'n voetstuk of verhoog van gekapte klip op te rig met 'n afbeelding van 'n ossewa daarop. Moerdijk het egter gemeen dat die gedagte van 'n reuse granietklip op 'n voetstuk onprakties sou wees en het voorgestel dat dit eerder 'n groot aardbol van beton met 'n wa en osse oor 'n kaart van Suid-Afrika moet wees. Die ontwerp is in Mei 1939 goedgekeur. Die monument is deur die Gebrs. Lupini van Johannesburg teen 'n koste van £470 (R940) opgerig. Die monument bestaan hoofsaaklik uit 'n hol aardbol van beton met 'n deursnee van ongeveer vyf meter, met 'n span osse en 'n ossewa wat oor Suidelike Afrika beweeg

⁸¹ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 66; M.J. Swart, *Die Karel Landman Voortrekkermonument 1938-1988*, pp. 18-20.


⁸² M.J. Swart, *Die Karel Landman Voortrekkermonument 1938-1988*, p. 23.

⁸³ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 66.

⁸⁴ M.J. Swart, *Die Karel Landman Voortrekkermonument 1938-1988*, p. 28..

en is “...simbolies van die feit dat die binneland van Suider-Afrika deur die Trekker met sy wa oopgestel is”.⁸⁵

Die monument is op 16 Desember 1939 deur ds. W.A. Landman, ’n bloedverwant van Karel Landman, onthul. Hy het ook die feesrede gelewer, terwyl die erediens deur ds. C.H. Latsky gelei is. Die geleentheid is deur meer as 1 000 feesgangers bygewoon. Ds. Landman het in sy feesrede ’n oorsig oor die lewe van Karel Landman gegee en “[hy] het die hoorders gemaan om die ideale van die vadere te bewaar en sodoende te verhoed dat die monumente later grafstene word, wat slegs as herinnering aan die roemryke verlede kan dien”.⁸⁶



Figuur 9: Die Karel Landman-monument, Alexandria.

Uit: M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens* (Goodwood, 1989), p. 67.

⁸⁵ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 66.

⁸⁶ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 66; M.J. Swart, *Die Karel Landman Voortrekkemonument 1938-1988*, p. 25.

1.3.4 Retief-monument, Port Elizabeth

Die Retief-monument is oorspronklik by Coega opgerig, ongeveer 18 km noord van Port Elizabeth, waar die paaie van Uitenhage en Port Elizabeth by mekaar aangesluit het. Die gedagte om 'n monument ter ere aan Piet Retief se leiersrol op te rig, het met die Voortrekkereuefees in 1938 by die Afrikaanse kultuurorganisasies, die Werda-komitee van Port Elizabeth en Skakelkomitee van Uitenhage, ontstaan. Die grond is deur mnr. C.J. Mattheus geskenk en geld is ook deur die gemeenskap ingesamel vir die oprigting van die monument met die oorspronklike waarde van £2 000 (R4 000).⁸⁷

Die hoeksteen van die monument is op 16 Desember 1938 deur ds. A.J. van Wyk, Moderator van die Kaaplandse N.G. Kerk, gelê en die feesrede is deur dr. T.E. Dönges gelewer. Presies 'n jaar daarna is die monument deur die weduwee van mnr. Charl W. Malan, voormalige Minister van Spoorweë, onthul en dr. D.F. Malan het die feesrede gelewer.⁸⁸

Die monument is ook deur Gerard Moerdijk ontwerp en bestaan uit 'n vier meter hoë sandsteenstruktuur. Aan die voorkant is twee geelkoperpanele deur Coert Steynberg wat die volgende uitbeeld: 'n kop-en-skouer-voorstelling van Piet Retief aan die bokant en 'n ossewatrektoneel aan die onderkant. Tussen die twee panele is 'n granietpaneel met gedeeltes uit Piet Retief se manifes aangebring.⁸⁹

Teen 1950 het die Kultuurraad van Port Elizabeth besluit om die monument te verskuif, aangesien die raad bekommerd was oor die vervalde toestand daarvan, die feit dat dit ver buite die stad geleë was en die stad nie na Coega se rigting uitgebrei het nie. Bowendien kon groot feeste nie op die terrein gehou word nie. Die monument is toe na heelwat verdragings verskuif na Marine-rylaan tussen Agtste Laan en Blackpoolstraat teenoor Pollockstrand, Port Elizabeth, nadat dit bekend geword het dat die nuwe kampus van die Universiteit van Port Elizabeth daar naby gebou sou word. Dit is ook heel gepas dat die

⁸⁷ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 64.

⁸⁸ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 64.

⁸⁹ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 64.

monument uiteindelik hier opgerig is, omdat 'n groot gedeelte van die huidige Somerstrand-woongebied op Piet Retief se eertydse plaas, Strandfontein geleë is. Die verskuiwing het ongeveer R6 000 gekos. Op 16 Desember 1975 het mnr. W.A. van der Merwe, Voorsitter van die Skakelkomitee van Port Elizabeth, die heronthulling waargeneem en prof. Marius Swart het die feesrede gelewer.⁹⁰ Swart het in sy feesrede die volgende omtrent die monument gesê: “Dit is dus iets van Africana-waarde bo en behalwe die historiese inhoud. Merk verder op of u nie ook kenmerke van die Voortrekkermonument buite Pretoria in hierdie konstruksie waarneem nie, die vorms, die gekapte klip op die hoeke, die plasing van laagklip en die soort kapiteel bo-op die gedenkteken...”⁹¹



Figuur 10: Die Retief-monument, Port Elizabeth.

Uit: M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens* (Goodwood, 1989), p. 65.

⁹⁰ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 64.

⁹¹ J.J. van Tonder, *Fotobeeld van 300 monumente, standbeelde en gedenktekens*, p. 156.

1.4 Voorbeelde van Eeufesgedenkmonumente wat in 1938 opgerig is

Die tweede kategorie is Eeufesgedenkmonumente wat opgerig is om die besoek van die ossewaens aan die dorpe tydens die Simboliese Ossewatrek te herdenk of om die Voortrekkereeufesvieringe self te herdenk. Van Tonder beaam die stelling in die opmerking wat hy ten opsigte van die Eeufesgedenkmonument in Bethulie gemaak het: “Die stapel klippe was die begin van die oprigting van ’n monumentjie om die nageslagte te herinner aan die besoek van die 1938-Trek wat die hele Suid-Afrika tot so ’n ontwaking en eensgesindheid gebring het”.⁹² Op grond van die Databasis (Bylaag I) wil dit voorkom of die gedenkmonumente fisies kleiner was; op meer algemene terreine soos skole, kerkpleine, plase en munisipale grond opgerig is; gewoonlik van materiaal gemaak is wat maklik in die omgewing verkrygbaar was; dikwels nie professionele argitektoniese tekeninge of beplanning gehad het nie; fondsinsamelings vir die oprigting van die monumente op ’n kleiner skaal gedoen is en die monumente dikwels ook nie argitektonies of esteties bevredigend was nie. Die kleiner Eeufesgedenkmonumente is gewoonlik ook met ’n klipstapeling of hoeksteenlegging in 1938 begin en eers later opgerig en ingewy.⁹³ Hoewel baie van die monumente wat in 1938 opgerig is in dié kategorie val en in die databasis weergegee word, word daar volstaan met net ’n paar voorbeelde van Eeufesgedenkmonumente wat by die verskillende standplase naamlik op skoolgronde, kerkpleine, private plase en munisipale grond opgerig is.

1.4.1 Eeufesgedenkmonument by die Hoërskool Langenhoven, Pretoria

Die Hoërskool Langenhoven het ’n besondere aandeel aan die 1938-Eeufesvieringe gehad. Vroeg die oggend van Woensdag 14 Desember 1938 het die Andries Pretorius- en Sarel Cilliers-wa weggebreek van die ander waens wat na Monumentkoppie op pad was, om by die Langenhovenskool, op die hoek van Pretorius- en Potgieterstraat, aan te doen. Die waens het oudergewoonte hulle spore op die sementblad vasgelê en die teenwoordige

⁹² J.J. van Tonder, Gedenktekens op die op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Bethulie, *Die Taalgenoot*, Oktober 1970, p. 13.

⁹³ V.R. Heunis, *Databasis van die monumente en gedenktekens wat tydens die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereeufes van 1938 opgerig is*, Bylaag I.

treklers het ook die onthulling van die Eeufesgedenkmonumentjie waargeneem.⁹⁴ 'n Koerantberig van November 1938 lui soos volg: “Die personeel van Langenhovenskool het besluit om by hulle skool 'n monument op te rig. Dit geskied in die vorm van 'n kakebeenwa wat in wit sandsteen uitgekap word. Vir 'n skoolwapen het die personeel iets nuuts en geheel-en-al enig in sy soort ontwerp. Die wapen het die vorm van 'n skild met die omtrek van Suid-Afrika daarop in oranje. Die suidelike grense is blou (oranje en blou is die skool se kleure). Met Suid-Afrika as sy fondament kom 'n afbeelding van die monument in silwerkleur. As leuse het die skool 'n reël uit ons Volkslied: ‘Ons vir jou Suid-Afrika’.”⁹⁵ Aanvanklik sou mev. Langenhoven die monument onthul het, maar uiteindelik is dit deur mnr. F.S. Malan, destydse Inspekteur van Onderwys, onthul.⁹⁶ Die ontwerper en beeldhouer was mnr. M. van Essen, 'n oud-skolier.⁹⁷ Die persoon wat vir die fondsinsameling verantwoordelik was en al die reëlings in verband met die oprigting van die monument getref het, was mnr. Harm Sikkeus Heslinga.⁹⁸

In 1957 het die skool na 'n nuwe skoolterrein in Paul Krugerstraat verskuif, maar die monument is eers met die honderdjarige bestaan van die skool op 17 Oktober 1995 verskuif en heringewy.⁹⁹ Die monument is deur mnr. Eben Germishuys herontwerp, wat gepoog het om die eenvoud van die oorspronklike ontwerp te behou. Hy wou nie van duur boumateriaal of 'n ingewikkelde tegniese boubenadering gebruik maak nie. Die boustruktuur agter die sandsteenmonument se grootte moes dieselfde gehou word, terwyl die suile aan weerskante uit heel stene moes bestaan (verkieslik sierstene – dieselfde as die res van die skool). Die onderste gedeelte van die monument sou voorsiening moes maak vir die 1938 sandsteenhoeksteen, sowel as vir die nuwe graniethoeksteen. Die voorstel is gemaak om die kopstuk van die monument in sement te giet en met

⁹⁴ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 198; H.S. Heslinga, *Gedenkboek by geleentheid van die vyftigjarige bestaan van die Langenhoven-Juniorhoërskool*, pp. 32-33.

⁹⁵ H.S. Heslinga, *Gedenkboek by geleentheid van die vyftigjarige bestaan van die Langenhoven-Juniorhoërskool*, p. 32.

⁹⁶ H.S. Heslinga, *Gedenkboek by geleentheid van die vyftigjarige bestaan van die Langenhoven-Juniorhoërskool*, p. 34.

⁹⁷ H.S. Heslinga, *Gedenkboek by geleentheid van die vyftigjarige bestaan van die Langenhoven-Juniorhoërskool*, pp. 32, 35.

⁹⁸ Geskrewe inligting: Mnr. J.H. van der Merwe, Skoolhoof van die Langenhovenskool, Pretoriusstraat, Pretoria, 1938-12-09.

⁹⁹ Persoonlike inligting: Mnr. W.J.H. Kath, Skoolhoof van die Hoërskool Langenhoven, Paul Krugerstraat, Pretoria, 2005-11-01.

oksiedpoeier geel te kleur om dit 'n sandsteenvoorkoms te gee. Die vloer van die monument is met eenvoudige keramiekteëls afgerond.¹⁰⁰ Met die verskuiwing van die Eeufesgedenkmonument na die nuwe skoolgronde, is verskeie items in die monumentjie gevind.¹⁰¹



Figuur 11: Die Eeufesgedenkmonument in die kultuurtuin van die Hoërskool Langenhoven, Pretoria.

Foto: V.R. Heunis, 2005-11-01.

1.4.2 Eeufesgedenkmonument by die Helpmekeer Kollege, Braamfontein, Johannesburg

Die hoeksteenlegging van die miniatuur replika van die Voortrekkermonument as 'n Eeufesgedenkmonument by die destydse Hoërskool Helpmekeer, tans die Helpmekeer Kollege in *Braamfontein*, het op 3 Desember 1938 om 10:00 plaasgevind toe die waens van die Transvaalse Hoof trek daarlangs verbygegaan het.¹⁰² Die drieledige hoeksteen is gelê deur onderskeidelik ds. W. Nicol, die stigter van die skool, mnr. J.G. Brink, die hoof,

¹⁰⁰ Geskrewe inligting: Mnr. E. Germishuys, Argitek, Pretoria, 1995-03-20.

¹⁰¹ Persoonlike inligting: Mnr. W.J.H. Kath, Skoolhoof van die Hoërskool Langenhoven, Paul Krugerstraat, Pretoria, 2005-11-01.

¹⁰² D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 748; J. van Eeden, 'n Private skool met karakter: Helpmekeer Kollege, *Rapport Gauteng Skole*, 2005-02-20, p. 18.

en Naomi van Niekerk, die hoofmeisie.¹⁰³ Die bewoording op die drie hoekstene lui soos volg:¹⁰⁴

*Aanskou die rots waaruit julle gekap is
Komaan
Ons sal onthou en dien*

Die presiese miniatuur weergawe van die Voortrekkermonument is deur Gerard Moerdijk ontwerp, dieselfde argitek wat die Voortrekkermonument ontwerp het, en is gebou deur die firma Lupini-broers vir £600 (R1 200). Die geld vir die monument is deur personeel, leerlinge en oudleerlinge ingesamel en Moerdijk het sy argitekdienste gratis aangebied. Die onthulling van die monument is op 19 Augustus 1939 deur mev. J.G. Brink waargeneem en prof. J.D. du Toit, die digter Totius, se toespraak is voorgelees omdat hy nie die geleentheid kon bywoon nie.¹⁰⁵



Figuur 12: Die miniatuur Voortrekkermonument by die Helpmekaar Kollege in Braamfontein, Johannesburg.

Uit: M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens* (Goodwood, 1989), p. 268.

¹⁰³ J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Johannesburg, Helpmekaar, *Die Taalgenoot*, Januarie 1970, p. 11.

¹⁰⁴ J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Johannesburg, Helpmekaar, *Die Taalgenoot*, Januarie 1970, p. 11.

¹⁰⁵ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 268; J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Johannesburg, Helpmekaar, *Die Taalgenoot*, Januarie 1970, p. 11.

Die monument is in Junie 1948 deur vandale beskadig (waentjies is afgebreek en gate is in die traliewerk van die vensters gekap), vermoedelike uit wraaksug omdat die Nasionale Party die verskiesing gewen het. In 1955 is die monument afgebreek en verskuif weens aanbouings by die skool en is eers weer op 16 September 1960 heronthul.¹⁰⁶

1.4.3 Eeufeegedenkmonument by die N.G. Kerk, Lindley

Die monument is deur mnr. H. Klopper op 2 November 1938 onthul toe die Natal-trek by Lindley aangedoen het.¹⁰⁷ Die monument bestaan uit klippe afkomstig van Sarel Cilliers se eerste huis op *Doornkloof*; die oorspronklike graf van Anna Elizabeth Steenkamp; 'n ou skans waar 'n jong dogter tydens die Basotho-oorlog in 1865 geskuil het; Liebenberg-koppie en Johanna de Beer se huis.¹⁰⁸ Ten einde fondse in te samel vir die oprigting van die monument, is lede van die publiek die geleentheid gegun om teen betaling hulle name in 'n gedenkboek aan te teken.¹⁰⁹ Die monument het 'n vierkantige basis waarin bogenoemde klippe ingemessel is en bo-op is daar een groot vierkantige garnietklip met 'n uitbeelding van 'n ossewa voorop.¹¹⁰ Die bewoording op die monument lui as volg:¹¹¹

*Voortrekkereeupees
Lindley
2 November 1938
(1838-1938)*

¹⁰⁶ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 268; J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Johannesburg, Helpmekaar, *Die Taalgenoot*, Januarie 1970, p. 11.

¹⁰⁷ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 571.

¹⁰⁸ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 571; Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 3: *Kosbare oudhede in Lindley*, p. 440.

¹⁰⁹ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 2: *Lindley bou ook 'n klipstapel*, p. 136.

¹¹⁰ P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, p. 60.

¹¹¹ P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, p. 60.



Figuur 13: Die Eeufeesgedenkmonument by die N.G. Kerk, Lindley.

Uit: P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje Vrystaat* (Pretoria, 1983), p. 60.

1.4.4 Eeufeesgedenkmonument by die N.G. Kerk, Marquard

Die gedenkmonument se hoeksteen is op 25 Oktober 1938 onthul deur kmdt. J. Pieterse (L.V.) tydens die besoek van die Oos-Vrystaatse Trek en 'n klipstapel is ook op die dag deur die publiek gestapel.¹¹² Die gedenkmonument is op 3 Desember 1938 om 16:30 deur Mnr. Jannie Leonard, een van die eerste ouderlinge met die stigting van die dorp, en mnr. Gert Nel, die seun van Willem Gabriël Nel wat aan die slag van Bloedrivier deelgeneem het, by die N.G. Kerk onthul. Ds. C.W. de Wet het die monument namens die kerkraad in ontvangs geneem.¹¹³ Die gedenkmonument is van ronde ysterklippe en die basis is in die vorm van 'n vierkant met 'n piramiedvormige gedenknaald bo-op.¹¹⁴ Die oorspronklike

¹¹² D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 475.

¹¹³ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 8: *Marquard verkeer nog in feesstemming*, p. 1279; P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, p. 61

¹¹⁴ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Trekbakens: Simboliese Ossewatrek 1938, p.1: Stadsklerk, Marquard Munisipaliteit – Hoofsekretaris, A.T.K.V., 1967-09-26; Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 8: *Marquard verkeer nog in feesstemming*, p. 1280.

klipstapel is opgeneem in die monument asook vier ysterklippe van Hlomo Amubotho. Die volgende voorwerpe is in die monument geplaas: 'n brief aan die feesganger van 2038; 'n 1938-feesprogram; 'n boekie oor die geskiedenis van Marquard; 'n portret van die 1938 feeskomitee; koerante en tydskrifte van die 1938 Simboliese Ossewatrek en 'n gedenkboek met die name van die feesgangers.¹¹⁵



Figuur 14: Marquard se reëlingskomitee by die hoeksteen wat op 25 Oktober 1938 onthul is.

Uit: D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika* (Kaapstad, 1940), p. 476.

1.4.5 Euufeegedenkmonument by die plaas Dikepping, Kuruman

Die interessante gedenkmonument is deur 'n verteenwoordiger van die ATKV op 9 Desember 1938 onthul tydens die Suid-Wes Euufeesvieringe op die plaas *Dikepping*.¹¹⁶ Die monument is deur die personeel en kinders van die Laerskool Dikepping opgerig en is aan die destydse Onderwys-departement oorgedra vir bewaring.¹¹⁷ Die monument het 'n plat klipbasis. Bo-op die monument is 'n groot sement-afbeelding van 'n ossewa en

¹¹⁵ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 8: *Marquard verkeer nog in feesstemming*, pp. 1279-1280.

¹¹⁶ Geskrewe inligting: L. Jacobs, lodis.jacobs@kumbaresources.com, Junie 2006.

¹¹⁷ Geskrewe inligting: L. Jacobs, lodis.jacobs@kumbaresources.com, Junie 2006.

aan die onderkant van die monument is ’n sementblad met die spore van die Dirkie Uys-wa en osse. Mev. Pistorius het die terrein en die monument “Op Trek” gedoop.¹¹⁸



Figuur 15: Die Eeufeesgedenkmonument by Dikepping, Kuruman.

Foto: L. Jacobs, Junie 2006.

1.4.6 Eeufeesgedenkmonument by die standplaas Zaailager, Estcourt

Die gedenkmonument ter ere aan die Voortrekkerleier Gerrit Maritz is op die plaas *Zaailager* opgerig, vermoedelik op die oorspronklike plek waar die laer van Gerrit Maritz uitgespan het.¹¹⁹ Die monument is op 15 November 1938 om 14:30 met besoek van die Natal-trek deur mev. Natalie Marais, kleindogter van die regter-president, en mej. Molly Behrens, die agterkleinkind, onthul.¹²⁰ Die monument is in die vorm van ’n graniet-gedenknaald en is deur die Historiese Kommissie van die Saamwerk-Unie opgerig.¹²¹ Die inskripsies op die voorkant van die monument lui soos volg:¹²²

*Opgerig ter ere
van
Gerrit
Marthinus*

¹¹⁸ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 805.

¹¹⁹ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 590.

¹²⁰ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 590; Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 4: *Die Maritz-monument*, p. 553.

¹²¹ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 590; G. Besselaar, Herinneringe uit die Kinderjare van die Saamwerk-Unie, *Die Saamwerk*, Desember 1938, p. 116.

¹²² D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 590.

*Maritz
Trekkerleier en
Eerste president
van Burgerraad
1797-1838*

Op die agterkant van die monument staan:¹²³

*Onthul met
besoek van
die ATKV
Voortrekkerwa
15 Nov 1938*



Figuur 16: Die Gerrit Maritz-gedenkmonument by Zaailager, Estcourt.

Uit: D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika* (Kaapstad, 1940), p. 590.

1.4.7 Eufeessgedenkmonument agter die Stadsaal, Potchefstroom

Prof. J.D. du Toit (die digter Totius), het voorgestel dat die fondament van die monument tydens die besoek van die waens in 1938 gelê word. Die fondament moes die vorm aanneem van afdrucke van waspore in 'n sementplaat waarop die monument gebou kon

¹²³ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 135.

word.¹²⁴ Die waspore van die Hendrik Potgieter-wa is gelê tydens die besoek van die Transvaalse Hoof trek van 9 tot 13 November 1938 op die plek agter die Stadsaal waar M.W. Pretorius in 1857 sy amp aanvaar het.¹²⁵ Die gedenkmonument is in Mei 1939 met die Eeufeesviering van Potchefstroom onthul.¹²⁶ Die ontwerp van die monument is deur mnr. Coert Steynberg behartig.¹²⁷

Die voetstuk van die monument het vyf trappies van rooi granietblokke afkomstig van Parys. Op die voetstuk staan 'n hoë granietnaald met bronsplate aan weerskante. Op die een plaat word die aanleg van Potchefstroom uitgebeeld met skape in die agtergrond en Voortrekkers wat besig is om wilgerpale te plant. Die ander plaat simboliseer die aanvaarding van die eerste konstitusie en wetgewing van Transvaal deur die uitbeelding van 'n vlag wat gehys word, terwyl vyf mans met voorlaaiergewere en 'n skare mense op die agtergrond toekyk. Op die een kant van die voetstuk staan 1838 - 1938 en aan die ander kant is 'n oop Bybel met die teks uit Deut. 31:8: *Die Here sal voor jou uit gaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie.* Aan die een kant van die naald is 'n lewensgrootte reliëf-afbeelding van 'n Voortrekker wat die toekoms instaar met sy voorlaaiër, kruithoring, koeëltassie en breërandhoed in sy hand, terwyl sy voet op 'n klip rus. Aan die ander kant van die naald is 'n lewensgrootte reliëf-afbeelding van 'n Voortrekkervrou met 'n kind in haar arms.¹²⁸

¹²⁴ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 2: *Waspore word afgedruk op sementplaat*, p. 299.

¹²⁵ J.J. van Tonder, *Fotobeeld van 300 monumente, standbeelde en gedenktekens*, p. 121; J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Potchefstroom, *Die Taalgenoot*, September 1969, p. 22.

¹²⁶ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 2: *Waspore word afgedruk op sementplaat*, p. 299.

¹²⁷ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 2: *Waspore word afgedruk op sementplaat*, p. 299.

¹²⁸ J.J. van Tonder, *Fotobeeld van 300 monumente, standbeelde en gedenktekens*, p. 121; J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Potchefstroom, *Die Taalgenoot*, September 1969, p. 22; Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 1: *Totius se gedagte vir monument*, p. 129.



Figuur 17: Die Eeufeesgedenkmonument agter die Stadsaal by Potchefstroom.

Uit: J.J. van Tonder, *Fotobeeld van 300 monumente, standbeelde en gedenktekens* (Krugersdorp, 1977), p. 121

1.4.8 Eeufeesgedenkmonument oorkant die Poskantoor, Reddersburg

Die Eeufeesgedenkmonument, skuins oorkant die Poskantoor in Scheepersstraat, is op 5 Oktober 1938 deur mev. R. Olivier onthul met die besoek van die Vrystaters se trek.¹²⁹ Die langwerpige reghoekige monument is van plaaslike ysterklip gebou.¹³⁰ Blykbaar bevat die monument 'n loodkissie met 'n boekrol waarop die name van diegene wat elk 'n klip teen 7 sjielings (75c) gekoop het, verskyn. Die kissie is in die monument toegemessel en mag eers in 2038 uitgehaal word.¹³¹ Die inskripsie op die monument lui soos volg:¹³²

*Voortrekker Eeufees
1838-1938*

¹²⁹ D. Mostert, *Gedenboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, pp. 376-377; Scheepersstraat, Reddersburg: Eeufeesgedenkmonument, besoek 2005-05-27.

¹³⁰ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Tekbakens: Simboliese Ossewatrek 1938, p.1: Stadsklerk, Reddersburg Munisipaliteit – Hoofsekretaris, A.T.K.V., 1967-10-31.

¹³¹ Persoonlike inligting: Mev. E. Beyl, Scheepersstraat, Reddersburg, 2005-05-27.

¹³² Scheepersstraat, Reddersburg: Eeufeesgedenkmonument, besoek 2005-05-27.

*Ter herinnering aan die deurtog van
die Voortrekker-ossewa deur Reddersburg
Op die pad van Suid-Afrika
5 Oktober 1938*



Figuur 18: Die Eeufeesmonument oorkant die poskantoor in Reddersburg.

Foto: V.R. Heunis, 2005-05-27.

1.5 Voorbeelde van Anglo-Boereoorlogmonumente wat in 1938 opgerig is

Die laaste kategorie is Anglo-Boereoorlogmonumente wat opgerig is om persone te herdenk en gebeurtenisse wat noue verband met die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het. Hoewel nie baie gedenktekens in dié kategorie opgerig is nie, was die herinneringe van die Anglo-Boereoorlog nog vars in die geheue van die Afrikanerbevolking en het die oorlog 'n blywende indruk op die persone en families gelaat. Dit het daartoe bygedra dat geskiedkundige plekke soos konsentrasiekampterreine en veldslagterreine besoek is en gedenktekens ter ere aan die helde en heldinne van die Anglo-Boereoorlog opgerig is. Tydens die besoek van die ossewaens aan die Magaliesburg in 1938 het mnr. Tienie van Schoor "... die noodsaaklikheid beklemtoon dat die manne, vroue en kinders van die

tweede vryheidsoorlog gehuldig moet word”.¹³³ Selfs dr. N.J. van der Merwe het met die onthulling van die monument by Norvalspont konsentrasiekampterrein ’n vergelyking getref en gesê dat die ossewatrek ons ook herinner aan ’n ander skof op die pad van Suid-Afrika wat afgelê is, die tog na die konsentrasiekamp.¹³⁴ Voorbeelde van Anglo-Boereoorlogmonumente wat in 1938 opgerig is, is die Cottesloe Oudstryders-monument in Johannesburg en die Burgermonument by Harrismith.

1.5.1 Oudstrydersmonument, Cottesloe, Johannesburg

Die Oudstrydersmonument is bo-op die Cottesloe/Vrededorp/Jan Hofmeyr-koppie opgerig by die New Nation Skool (die destydse Cottesloe Skool), aan die oostepunt van Eerste Straat tussen Auclandpark en Johannesburg-stad oorkant die Hervormde Kerk in Cottesloe.¹³⁵ Die twee meter hoë reghoekige monument is ter ere van Oudstryders opgerig wat aan die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) deelgeneem het.¹³⁶ Die monument is begin met ’n klipstapeling op 19 November 1938 tussen 09:00 en 17:00 in die een hoek van die Cottesloe Skoolterrein, waartydens oudstryders en oud-krygsgevangenes die geleentheid gegun is om ’n klip of gedenkplaat saam te bring sodat dit in ’n monument ingemessel kon word.¹³⁷ Oudstryders het elkeen stene van sandsteen, graniet, seepsteen, marmer, leisteen, leiklip, sement en metaalplate met hulle name en ander besonderhede daarop vir die geleentheid gebring wat in die vier sye van die monument, asook in die

¹³³ J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Magaliesburg, *Die Taalgenoot*, Augustus 1970, p. 13.

¹³⁴ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 4: *Monument in kampkerkhof in Norvalspont onthul*, p. 569.

¹³⁵ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 748; Geskrewe inligting: E. Itzkin, Assistent-Direkteur van Johannesburg se Onbeweegbare Erfenis, Posbus 517, Newtown, 2007-09-05; G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 186.

¹³⁶ Geskrewe inligting: E. Itzkin, Assistent-Direkteur van Johannesburg se Onbeweegbare Erfenis, Posbus 517, Newtown, 2007-09-05; L. Davie, ‘Historic monuments get some pampering’, http://www.joburg.org.za/2006/july/jul/17_restoration.stm, 2006-07-22.

¹³⁷ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 268; Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 5: *Klipstapeling in Cottesloe*, p. 676.

basis ingemessel is.¹³⁸ Party van die inskripsies was rof gedoen en ander was baie netjies gegraveer. Een van die klippe se interessante inskripsies lui só:¹³⁹

ABRAHAM JOHANNES DEMPERS
Gebore 1.7. 1885 het sy pligte getrou en
dapper nagekom in die Boere-oorlog van
1899-1902
Krygsgevangene 1901, Doornberg, Winburg.
In kamp Umballa en Dajshai.
Himalaya Gebergte Indië.
Meegedeel aan vervoer van Krugergoud
uit Johannesburg.
Van Durban na Bombay
Geteken: M.T. Steyn,
President. O.V.S.

Mnr. Gert Jooste, 'n oudstryder, het die geleentheid georganiseer en gereël vir die oprigting van die monument.¹⁴⁰ Met die besoek van die waens aan die skool op 3 Desember 1938 om 8:00, het kmdt. Koos Jooste, 'n ou rebelle-kommandant, die monument onthul. Verskeie argiefstukke en voorwerpe is in 'n ou driepootpot in die monument toegemessel.¹⁴¹

Die monument het voorheen aan die Oudstryders Monument-komitee behoort, maar behoort nou aan die Stadsraad van Johannesburg.¹⁴² Deur die jare het van die inskripsies op die stene al begin verdof – veral die sandsteeninskripsies het onleesbaar geraak. Mnr. J. Voorendyk het in 2003 'n opname van die inskripsies op die monument gemaak en volgens hom was daar ongeveer vyftig inskripsies op die noordelike aansig van die monument, vyf-en-dertig op die oostelike aansig, een-en-veertig op die suidelike aansig

¹³⁸ Geskrewe inligting: E. Itzkin, Assistent-Direkteur van Johannesburg se Onbeweegbare Erfenis, Posbus 517, Newtown, 2007-09-05; L. Davie, 'Historic monuments get some pampering', http://www.joburg.org.za/2006/july/jul/17_restoration.stm, 2006-07-22.

¹³⁹ J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Johannesburg - Cottesloe, *Die Taalgenoot*, Mei 1970, p. 3.

¹⁴⁰ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 268.

¹⁴¹ Geskrewe inligting: E. Itzkin, Assistent-Direkteur van Johannesburg se Onbeweegbare Erfenis, Posbus 517, Newtown, 2007-09-05; Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: *Koerantknipselplakboek 6: Oud-stryders lê hoeksteen*, p. 1018.

¹⁴² Geskrewe inligting: E. Itzkin, Assistent-Direkteur van Johannesburg se Onbeweegbare Erfenis, Posbus 517, Newtown, 2007-09-05.

en een-en-veertig op die westelike aansig.¹⁴³ Die monument is in 2006 deur Jim Bolt van Boltens gerestoureer. Hulle was verantwoordelik vir die skoonmaak en waterdigting van die monument, grasverwydering om die monument, herstel van die heining en behandeling van die granietstene teen verdere verwerking. 'n Nuwe granietsteen met ongeveer 30 name van stene wat op die monument verskyn, is by die basis van die monument aangebring.¹⁴⁴



Figuur 19: Die Cottesloe Oudstrydersmonument, Johannesburg.

Uit: M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens* (Goodwood, 1989), p. 267.

1.5.2 Burgermonument, Harrismith

Die Burgermonument staan voor die Harrismith munisipale tuin oorkant die Stadsaal in Wardenstraat.¹⁴⁵ Die Burgermonument is opgerig om die burgers van die Harrismith Kommando en die vrouens en kinders wat tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) in die Harrismith konsentrasiekamp gesterf het, te herdenk. Die monument is die oggend van 8 November 1938 deur deur kol. J.F.J. van Rensburg en genl. Wessel Wessels onthul

¹⁴³ Geskrewe inligting: J. Voorendyk, Johannesburg, Maart 2003.

¹⁴⁴ Geskrewe inligting: E. Itzkin, Assistent-Direkteur van Johannesburg se Onbeweegbare Erfenis, Posbus 517, Newtown, 2007-09-05; L. Davie, 'Historic monuments get some pampering', http://www.joburg.org.za/2006/july/jul/17_restoration.stm, 2006-07-22.

¹⁴⁵ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 582; Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Trekkakens: Simboliese Ossewatrek 1938, p.1: Klerk, Harrismith Munisipaliteit – Hoofsekretaris, A.T.K.V., 1967-11-06.

toe 'n Vrystaatse vlag wat die hele Anglo-Boereoorlog meegemaak het, van die monument afgetrek is. Hoewel die monument nie direk verband gehou het met die Voortrekkereuefees nie, het ongeveer vierduisend mense die geleentheid bygewoon en het dit op dieselfde dag plaasgevind as wat die Simboliese Ossewatrek Harrismith besoek het en die Voortrekkereuefees in die dorp gevier is.¹⁴⁶ Die oprigting en totstandkoming van die monument is deur kol. Piet du Plessis geïnisieer en hy was ook grootliks verantwoordelik vir die insameling van fondse vir die herbegraving van lede van die Harrismith Kommando wat dieselfde dag as die onthulling van die monument plaasgevind het.¹⁴⁷

Die monument bestaan uit 'n marmer burgerfiguur ('n brandwag) wat bo-op 'n voetstuk in die vorm van 'n ere- of triomfboog van granietblokke geplaas is. Die marmer vir die standbeeld is uit Italië ingevoer en deur 'n onbekende Italiaanse beeldhouer gebeeldhou. Die model vir die standbeeld was Groot Gert de Jager. Op die pilare van die graniet-ereboog is gedenkplate aangebring, een ter ere van die gestorwe burgers tydens die Anglo-Boereoorlog en een vir die vrouens en kinders wat in die konsentrasiekampe omgekom het. Die monument het £900 (R1 800) gekos en is deur Gelraeders Crankshaw gebou.¹⁴⁸ In die nag van 1 Maart 1940 tydens die Tweede Wêreldoorlog is die standbeeld deur vandaliste beskadig en 'n gedeelte van die marmer-geweerloop en -hoed is gebreek. Die beeld is nooit gerestoureer nie. Die gedeelte van die loop is weer teruggevind en word tans by die Harrismith Kommando bewaar en uitgestal. 'n Addisionele gedenksteen met die bewoording *Hierdie monument is in die nag van 1 Maart 1940 deur die vyand van die Boerevolk geskend*, is deur die Ossewa-Brandwag teen die monument opgerig om die gebeurtenis aan te dui en 'n protesoptog is ook gehou. 'n Beloning van £100 (R200) is deur die polisie uitgereik vir enige inligting aangaande die vandalisme. Die gedenksteen is op 8 Junie 1940 deur die Ossewa-Brandwag onthul, waartydens prof. Van

¹⁴⁶ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 582; G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 133; Geskrewe inligting: Mnr. C.J. de Vos, Posbus 1965, Harrismith, 2007-10-25.

¹⁴⁷ Geskrewe inligting: Mnr. C.J. de Vos, Posbus 1965, Harrismith, 2007-10-25.

¹⁴⁸ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 261; Geskrewe inligting: Mnr. C.J. de Vos, Posbus 1965, Harrismith, 2007-10-25.

Rooy 'n toespraak gelewer het. Hierna is die monument aan die Harrismith Voortrekkers vir bewaring oorhandig.¹⁴⁹

Die monument bring hulde aan die hoogste offer wat die burgers van die Harrismith Kommando vir hulle land en families kon bring, maar simboliseer ook doelgerigtheid en eenheid. Mans wat tydens die Anglo-Boereoorlog saam geveg het, het teen mekaar in die Rebelle geveg, maar met die onthulling van die Burgermonument in 1938 het hulle weer 'n gemeenskaplike doel gehad en kon hulle iets tot stand bring wat die nageslag kon inspireer. Die skending van die monument is ook deel van die geskiedenis en die monument se simboliek dui op die onstuimige vroeë jare van die kommando wat die politieke en staatkundige onstabieleit deurstaan het.¹⁵⁰



Figuur 20: Die Burgermonument, Harrismith.

Foto: C.J. de Vos, 2007.

2. Klipstapels

2.1 Ontwerp en vorm

¹⁴⁹ Geskrewe inligting: Mnr. C.J. de Vos, Posbus 1965, Harrismith, 2007-10-25.

¹⁵⁰ Geskrewe inligting: Mnr. C.J. de Vos, Posbus 1965, Harrismith, 2007-10-25.

Die eenvoudige simboliek en betekenis van die klipstapels was baie treffend en die klipstapels is gebruik “... om ’n diepe gewaarwording te versinnebeeld of ’n betekenisvolle gebeurtenis in voortdurende herinnering te roep” .¹⁵¹ Die klipstapel het dus ’n prominente rol gespeel in die vorm van die gedenktekens wat opgerig is en het ook die gees van die Simboliese Ossewatrek weerspieël.¹⁵² Die ruwe klipstapels was eenvoudig en ongekunsteld, met geen poging tot versiering nie en moes slegs as ’n ewige bakenreeks dien.¹⁵³ Baie van die gedenktekens wat opgerig is, het aanvanklik as klipstapels begin wat hemelwaarts wys en is óf toegemessel óf in Eeufesgedenkmonumente opgeneem. Toegemesselde klipstapels het verskillende vorme aangeneem – van driehoekig en piramiedvormig tot rond en silinderagtig. Dit kom duidelik na vore in die databasis, soos die ronde, spitsvormige klipstapel by Potchefstroom en die piramiedvormige klipstapels by Pelgrimsrus en Parys, asook die interessante klipstapel by Worcester, afgerond met ’n gedenksteen waarop ’n ossewatrektoneel uitgebeeld word. Die gedenkteken by Worcester is die eerste klipstapel wat langs die trekroete opgerig is en het as voorbeeld vir die meeste van die klipstapels gedien wat daarna opgerig is.¹⁵⁴

Dikwels is die klippe van die klipstapels op ’n latere tydstip in die fondament of struktuur van Eeufesgedenkmonumente opgeneem en het dit ’n verskeidenheid vorme aangeneem wat deel van die algehele ontwerp van die monument uitgemaak het en soms is die klippe nie meer sigbaar nie. Voorbeelde hiervan is die reghoekige Eeufesgedenkmonument by Boesmansrivier wat feitlik heeltemal uit ronderige klippe bestaan. Die byskrif by die monument lui soos volg:¹⁵⁵

Gedenkteken aan Voortrekker Eeufes 1838-1938
Opgerig met klippe verskaf deur inwoners en besoekers aan die Boesmansrivier-mond
30.?.1938

Nog ’n goeie voorbeeld van ’n klipstapel wat in ’n gedenkteken opgeneem is, is die een wat op 1 Desember 1938 by die Paardekraal-monument in Krugersdorp bo-op die koppie

¹⁵¹ P.H. Kapp, Die betekenis van die eeufes op kultuurgebied, *Die Taalgenoot*, Julie 1968, p. 5.

¹⁵² M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 266.

¹⁵³ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 20.

¹⁵⁴ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 266.

¹⁵⁵ Foto: *Boesmansrivier Eeufesgedenkmonument*, D. Schellingerhout, geneem 2006-10-23.

gestapel is. Klippe is ook deur persone neergelê wat in 1880 aan die oorspronklike klipstapel by Paardekraal deelgeneem het – vier van hulle was vrouens.¹⁵⁶ Gedurende die Tweede Wêreldoorlog is die klippe deur vandaliste verniel en verwyder, maar in 1942 het die Voortrekkerbeweging ’n saamtrek gehou waartydens die kliphoop weer aangevul is. In 1945 is al die klippe in twee muurtjies langs die sementblad met die ossewaspoer ingebou. ’n Jaar later is ’n afdak oor die muurtjies en sementblad gebou om dit teen die natuurlike elemente van reën en sonskyn te beskerm.¹⁵⁷

2.2 Simboliek en betekenis

Klipstapels is ’n baie ou of rudimentêre vorm van gedenkteken.¹⁵⁸ Eerstens kan aangevoer word dat die klipstapels uit ’n geloofsoortuiging as tasbare vergestaltings langs die *Pad van Suid-Afrika* opgerig is en het “...die trekbakens en klipstapels van 1938 vir die Afrikaner sigbare tekens van sy geloof in God en sy volkswees geword”.¹⁵⁹ In die Ou Testament van die *Bybel* is talle verwysings na klipstapels wat as gedenktekens opgerig is, soos in Genesis 28:18-22: “Die volgende môre het Jakob opgestaan en hy het die klip wat sy kopkussing was, gevat en dit regop gesit ... Jakob het toe ’n gelofte afgelê en gesê: ‘As U, o God, by my is en my beskerm op my reis en vir my kos en klere gee, sodat ek behoue terugkom by my ouerhuis, sal U Here, my God wees. Hierdie klippilaar wat ek regop gesit het, sal ’n tempel wees, en van alles wat U my gee, sal ek vir U ’n tiende gee’”¹⁶⁰. Ook in Genesis 31:45-52: “Toe vat Jakob ’n klip en sit dit regop neer as herinneringsklip. Hy het vir die mense by hom gesê: ‘Maak nog klippe bymekaar.’ Hulle het dit gedoen en ’n kliphoop gepak... Laban het toe gesê: ‘Hierdie kliphoop word vandag vir ons ’n getuienis’”¹⁶¹. In Josua 4:1-8 moes twaalf manne, een uit elke stam van die Israeliete, elkeen ’n klip neem en dit by die plek plaas waar hulle oornag het en Josua

¹⁵⁶ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 746.

¹⁵⁷ J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Krugersdorp, *Die Taalgenoot*, Augustus 1969, p. 9.

¹⁵⁸ M.C. Botha, Monumente en Nasionalisme, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(2), Julie 1985, p. 32.

¹⁵⁹ A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), Maart 1972, p. 20.

¹⁶⁰ Bybelgenootskap van Suid-Afrika, *Die Bybel: Ou Testament*, p. 38.

¹⁶¹ Bybelgenootskap van Suid-Afrika, *Die Bybel: Ou Testament*, p. 44.

het gesê: “Dit moet onder julle as ’n teken dien ... daarom is hierdie klippe van die Israeliete ’n blywende herinnering daaraan”.¹⁶²

Tweedens het die oprigting van klipstapels as ’n blywende herinnering en teken gedien van die Gelofte wat afgelê is en is dit as ’n simbool van die vernuwung van vroeëre geloftes beskou.¹⁶³ “Dis ’n simboliese daad wat spreek van ’n besef dat nie slegs op die volk as geheel die verantwoordelikheid vir die nakoming van die gelofte rus nie, maar ook en veral op elke lid afsonderlik. Dit getuig van ’n drang en begeerte by elke individu om beide afsonderlik en gesamentlik uiting te gee aan sy innerlike dankbaarheid jeens God”.¹⁶⁴ Die eerste klipstapel wat volgens historiese bronne ter herinnering aan die Gelofte en die Voortrekkers gestapel is, het op 16 Desember 1866 op die terrein van die Slag van Bloedrivier plaasgevind. Ds. F.L. Cachet het met die geleetheid in sy preek na Exodus 17:15 verwys waarin melding gemaak word hoe ’n altaar (gedenkteken) tot eer van die Here gebou word. Die middag is ’n klipstapel opgerig, ongeveer in die middel van waar die laer sou gestaan het, as ’n blywende gedenkteken van die Gelofte en die Slag van Bloedrivier wat plaasgevind het.¹⁶⁵ Die oprigting van klipstapels gedurende die Voortrekkereuefevieringe en Simboliese Ossewatrek in 1938 hou dus ook direk verband met die Gelofte van 1838 wat deur die Voortrekkers onder leiding van Sarel Cilliers op 9 Desember by Wasbank afgelê is tot met die vooraand van die Slag van Bloedrivier op 15 Desember 1838. ’n Sprekende voorbeeld hiervan is die piramiedvormige klipstapel wat in 1938 by Bloedrivier opgerig is met die spesifieke doel “ter herinnering aan die hernuwung van die Bloedriviergelofte”.¹⁶⁶ Die klipstapelings van 1938 dui dus op die nakoming, aanvaarding en eerbetoning van geloftes wat deur die Afrikaners se voorouers afgelê is. Dit dien ook as simbool van die Afrikaners se eie geloftes wat afgelê is, asook verbonde wat onder mekaar gesluit is.¹⁶⁷

¹⁶² Bybelgenootskap van Suid-Afrika, *Die Bybel: Ou Testament*, p. 231.

¹⁶³ A.G. du Toit en L. Steenkamp, *Bloedrivierse Eeufees-Gedenkboek*, p. 110.

¹⁶⁴ A.G. du Toit en L. Steenkamp, *Bloedrivierse Eeufees-Gedenkboek*, p. 110.

¹⁶⁵ F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*, p. 201; A.G. du Toit en L. Steenkamp, *Bloedrivierse Eeufees-Gedenkboek*, p. 111; A.P. van der Colf, *Hier staan ons... Geloftefeesbundel*, p. 63.

¹⁶⁶ A.G. du Toit en L. Steenkamp, *Bloedrivierse Eeufees-Gedenkboek*, p. 99.

¹⁶⁷ A.G. du Toit en L. Steenkamp, *Bloedrivierse Eeufees-Gedenkboek*, p. 110.

Die derde motivering wat aangevoer kan word vir die oprigting van die klipstapels in 1938 is dat dit 'n tradisie by die Afrikanerkultuurgroep geword het en die aanname word op die volgende stelling gebaseer: “Dié gedagte is geïnspireer deur die talle klipstapelings wat by besondere geleenthede in die Afrikaner se geskiedenis gebou is, en waarvan dié by Paardekraal op 14 Desember 1880 die belangrikste was”.¹⁶⁸ Die klipstapel is opgerig as bevestiging van die Transvalers se strewende en gelofte om Transvaal se vryheid weer terug te win en was dus 'n saak van volksvryheid. By die geleentheid het meer as 4 000 persone wat by die geleentheid teenwoordig was, elkeen 'n klip gebring om op 'n hoop te stapel. Die klippe is later weer gebruik om in die monument by Paardekraal te plaas toe dit gebou is, maar is blykbaar tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) deur die Britse magte verwyder en in die Vaalrivier gegooi.¹⁶⁹ By die klipstapel wat by die Stadsaal in Brakpan opgerig is, het mnr. M.S. du Busson die skare aangemoedig om aan die klipstapelings deel te neem met dieselfde eerbied as by Paardekraal.¹⁷⁰

Vierdens dien die oprigting van die klipstapels as 'n vererende simboliese teken ter herdenking aan die Voortrekkervoorouers wat aan die Groot Trek deelgeneem het en hulle lewens neergelê het vir hulle ideale en onafhanklikheidsstrewende. Die motivering word gesuggereer deur ds. H.L. Pepler wat by een van die feesvieringe opgetree het, waar hy opgemerk het: “Hierdie klippe herinner ons aan 'n groot ideaal waarvoor die voorgeslag gelewe het”.¹⁷¹ Dr. G. Dekker het die feesgangers ook verwittig “dat hulle deur die klipstapelings verantwoordelikheid aanvaar het om die Voortrekkerideale uit te leef”.¹⁷²

In die vyfde plek moes die klipstapels as 't ware die pad baan vir die Voortrekkermonument wat in Pretoria opgerig sou word en het die klipstapelings *Langs die Pad van Suid-Afrika* bygedra tot die kulminering van entoesiasme, geesdrif, samesnoering en algehele nasionale bewussyn onder die breë publiek. Volgens 'n

¹⁶⁸ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 266.

¹⁶⁹ M.C. Botha, Monumente en nasionalisme, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(2), Julie 1985, p. 34.

¹⁷⁰ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 165.

¹⁷¹ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 692.

¹⁷² D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 761.

koerantartikel is dit “... sulke eenvoudige plegtighede wat tot die volksiel spreek”.¹⁷³ ’n Versoek is in die koerant gepubliseer dat mense oor die lengte en breedte van Suid-Afrika klippe vir die klipstapels moet bring, ook van plekke af waar historiese gebeurtenisse afgespeel het.¹⁷⁴ Die klipstapels dien dus as ’n tasbare bakenreeks waarin herrinneringe aan die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefeesvieringe opgesluit lê. Prof. J.C. van Rooy het tydens die besoek van die Andries Pretorius- en Vrou-en-Moeder-wa aan Colesberg die volgende in sy toespraak gesê: “Ons bou vandag die grootste monument in ons land. Die simboliese Trek van die ossewa is besig om ons vandag voor te berei vir daardie groot gebeurtenis en klipstapels wat orals langs die weg opgerig word, moet die weg na daardie monument aanwys.”¹⁷⁵

2.3 Voorbeelde van klipstapels wat toegemessel is

2.3.1 Voortrekkermonument klipstapel, Pretoria

Om agtuur die oggend van 13 Desember 1938 het die vierdaagse klipstapeling op die feesterrein op Monumentkoppie begin. Dit het tot die aand van 16 Desember 1938 geduur. Na aanleiding van ’n versoek deur die Transvaalse Hoofbestuur van die Suid-Afrikaanse Reddingsbond [*sic.*] op 3 November 1938, het die Sentrale Eeufeeskomitee besluit om elke feesganger uit te nooi om ’n klip van ongeveer 500 gram tot 1 kilogram van sy/haar woonplek vir die klipstapeling saam te bring, en dit binne die ringmuur te plaas wat deur die S.A. Reddingsbond [*sic.*] aan die oostekant van die Voortrekkermonument opgerig is. Hierdie klipstapel is vandag nog aan die oostekant van die Voortrekkermonument te sien. Klippe kon selfs gepos word aan “Uniewinkels, Monumentterrein”. Die kennisgewing het egter te laat geskied – dus het die feesgangers hoofsaaklik klippe van die Eeufeesterrein gebruik. Tog is klippe van heinde en verre ontvang, selfs van 240 Afrikaners wat die Eeufees in die voormalige Tanganjika (vandag bekend as Tanzanië) gevier het. Hulle het in 1939 elkeen ’n klip na Pretoria gestuur. Die klipstapel is ook dag en nag deur 72 seuns van die Afrikaanse Hoër Seunskool en 72

¹⁷³ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 6: *Klipstapels*, p. 1079.

¹⁷⁴ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 6: *Klipstapels*, p. 1079.

¹⁷⁵ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 360.

dogters van die Afrikaanse Hoër Meisieskool bewaak. Die ideaal was om die naam en adres van elke persoon wat 'n klip op die klipstapel geplaas het, in 'n register aan te teken vir bewaring deur die Eeufeskomitee. Tot dusver is nog geen teken van so 'n register gevind nie.¹⁷⁶ Volgens Mostert was die doel van die stapeling “om die ernstige drang tot volkseenheid en die diep-gevoelde behoefte tot volksopheffing onder die Afrikaners van 1938 te simboliseer” en om te bewys “dat die Afrikaners van 1938 die heilige erfgoed wat hulle van die Afrikaners van 1838 ontvang het, wil behou en oordra aan die Afrikaners van 2038.”¹⁷⁷

Die S.A. Reddingsbond [*sic.*] het beplan om 'n sementvloer van ongeveer 13 meter in deursnee op die plek waar die klistapeling plaasvind het, op te rig, met 'n ringmuur van ongeveer een meter daaromheen. Bo-op die ringmuur sou later 'n model van die Geloftekerk in Pietermaritzburg gebou word. Op 22 November 1938 is die ringmuur deur mnr. C.K. Smit, president van die S.A. Reddingsbond [*sic.*] geopen en elkeen van die bestuurslede het 'n klip in die muur ingemessel.¹⁷⁸ Die *Volksblad* van 23 November 1938 het selfs 'n skets van die beplande model van de Geloftekerk gepubliseer. Die S.A. Reddingsbond [*sic.*] het gehoop dat 100 000 mense klippe sou saambring om op die klipstapel te stapel en dat: “Hierdie klippe sal praat wanneer ons stilbly – soveel ondempbare stemme wat uit alle dele van die land oproep tot volkseenheid en volksredding”.¹⁷⁹

Die beplande model van die Geloftekerk het nooit gerealiseer nie en die klipstapel is uiteindelik net toegemessel. In Desember 1963 het die ATKV vyf inheemse bome in die vorm van die Kasteel in Kaapstad rondom die klipstapel laat plant deur die verteenwoordigers van die voormalige vier provinsies en Suidwes-Afrika. Dr. W. Nicol,

¹⁷⁶ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 770; Geskrewe inligting: E. Pretorius, Navorsingstuk vir die Voortrekkermonument Erfenisterrein: *Klipstapel "Op die Pad van Suid-Afrika"*, pp. 2-4.

¹⁷⁷ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 770.

¹⁷⁸ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 770; Geskrewe inligting: E. Pretorius, Navorsingstuk vir die Voortrekkermonument Erfenisterrein: *Klipstapel "Op die Pad van Suid-Afrika"*, pp. 3-4.

¹⁷⁹ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 6: *Eeufesgangers, bring klippe saam na Pretoria*, p. 986.

Voorsitter van die Beheerraad van die Voortrekkermonument, het daarop gewys dat die bome die “groeikrag van die volk simboliseer”.¹⁸⁰



Figuur 21: Die 1938-klipstapel by die Voortrekkermonument Erfenisterrein, Pretoria.

Foto: Geraldine Paulsen, 2004-08-16.

2.3.2 Bloedrivier-klipstapel, KwaZulu-Natal

Die klipstapel is op 13 Desember 1938 op die plaas *Vechtkop*, Dundee, voor die destydse Feeshuis opgerig en staan tans buite die bronswalaer naby die karavaanpark.¹⁸¹ Die piramiedvormige klipstapel is deur die feesgangers wat die verrigtinge bygewoon het gelê “as teken van die hernuwing van die gelofte”.¹⁸² Die piramiedvormige klipstapel het op 15 Desember 1938 ’n sementlaag gekry.¹⁸³ Enkele klippe het nog inskripsies met feesgangers se name en die datum daarop.¹⁸⁴ Die bewoording op die klipstapel lui:¹⁸⁵

*Gelofte-Hernuwingsbaken
Bloedrivier Eeufees
16 Desember 1938.*

¹⁸⁰ Geskrewe inligting: E. Pretorius, Navorsingstuk vir die Voortrekkermonument Erfenisterrein: *Klipstapel “Op die Pad van Suid-Afrika”*, pp. 4-5.

¹⁸¹ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 618; Plaas Vechtkop, Bloedrivier Erfenisterrein, Dundee: Piramiedvormige klipstapel, besoek 2006-08-01.

¹⁸² D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 618.

¹⁸³ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, pp. 618, 621

¹⁸⁴ Plaas Vechtkop, Bloedrivier Erfenisterrein, Dundee: Piramiedvormige klipstapel, besoek 2006-08-01.

¹⁸⁵ Plaas Vechtkop, Bloedrivier Erfenisterrein, Dundee: Piramiedvormige klipstapel, besoek 2006-08-01.



Figuur 22: Die Bloedrivier-klipstapel, Bloedrivierferfenisterrein, KwaZulu-Natal.

Uit: M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens* (Goodwood, 1989), p. 239.

3. Standbeelde

3.1 Ontwerp en vorm

Tydens die Voortrekkereufeefeesviering is min standbeelde opgerig. Dit is opvallend dat die figuur van die Voortrekkervrou in Voortrekkerdrag wel in 'n paar van die standbeelde wat gemodelleer en in brons gebeeldhou is, gebruik is. Dit is verklaarbaar waarom die standbeeld van die Voortrekkermoeder en haar twee kinders deur Anton van Wouw die ereplek in die middel van die Voortrekkermonument onder die hoofingang gekry het. Mev. Judith Pellisier het met die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in 1938 hulde aan die Voortrekkervrou gebring: “Op hierdie waboomkoppie in Transvaal gaan haar standbeeld staan, die sentrale figuur van die groot Voortrekkermonument. Maar die Voortrekkervrou gaan hier nie alleen staan nie. Nee, soos sy gelewe het, so sal haar nagedagtenis ons besiel. Hier sal sy staan met haar kinders. In geloof het sy vir haar volk gelewe; in die geloof het sy vir haar volk gely; in die geloof het sy haar hoogste liefde vir haar volk gegee, haarself en haar kinders”.¹⁸⁶

¹⁸⁶ O.J.O. Ferreira, *'n Volk se hulde*, pp. 66-67.

3.2 Simboliek en betekenis

Gedurende die Voortrekkereuefees en Simboliese Ossewatrek het die rol wat die Voortrekkervrou gespeel het, baie aandag gekry en is veral op haar karaktereenskappe gefokus. Vrouens wat aan die feesvieringe deelgeneem het, is aangemoedig om dieselfde goeie eienskappe en deugde te openbaar. Die Voortrekkervrou is gewoonlik voorgestel as vasberade, vreesloos met 'n godsdienstige piëteit wat alles veil het vir haar man en familie. Dink maar net aan die leuse van die Afrikaanse Hoër Meisieskool wat ook 'n Voortrekkervrou met 'n kappie op hul skolembleem het: "Ek sien haar wen vir vader seun en broeder want haar naam is vrou en moeder". Dit is dan ook nie ongewoon dat twee van die standbeelde wat tydens die Eeufeesvieringe opgerig is Voortrekkervrouens voorstel nie. Die een standbeeld is by die Oranje Meisieskool in Bloemfontein opgerig en die ander een voor die Stadsaal by Moorreesburg.

3.3 Voorbeelde van standbeelde wat opgerig of verskuif is

3.3.1 Voortrekkermeisie, Oranje Meisieskool, Bloemfontein

Die idee vir die standbeeld by die Oranje Meisieskool in Bloemfontein het in 1938 ontstaan.¹⁸⁷ Die standbeeld van 'n Voortrekkermeisie is deur Laurika Postma, een van die beeldhouers van die fries in die Voortrekkermonument, gebeeldhou en is deur mnr. R. Vignali in brons gegiet en staan op 'n groot ysterklipvoetstuk.¹⁸⁸ Die vroue-standbeeld versinnebeeld die Meisieskool se leuse: "Vooruit" en beur vasberade en blymoedig vorentoe en trotseer 'n sterk wind. Haar gesigsuitdrukking spreek van karaktervastheid en kalme geloofsvertroue.¹⁸⁹ Die gedenksteen op die ysterklip dra dié bewoording:¹⁹⁰

Eeufees 1938
„Vooruit”
Onthul 19-10-'40 deur Mev. Pres. M.T. Steyn.

¹⁸⁷ P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, p. 10; N. Pillman, *Laurika Postma – 'n Biografie*, s.p.

¹⁸⁸ N. Pillman, *Laurika Postma – 'n Biografie*, s.p; J.J. van Tonder, *Fotobeeld van 300 monumente, standbeelde en gedenktekens*, p. 8.

¹⁸⁹ J.J. van Tonder, *Fotobeeld van 300 monumente, standbeelde en gedenktekens*, p. 8.

¹⁹⁰ N. Pillman, *Laurika Postma – 'n Biografie*, s.p.



Figuur 23: Die Voortrekkermeisiesstandbeeld by die Oranje Meisieskool, Bloemfontein.

Uit: N. Pillman, *Laurika Postma – 'n Biografie* (Pretoria, 1984), s.p.

3.3.2 Johanna van der Merwe-standbeeld, Moorreesburg

Die standbeeldjie van 'n Voortrekkermeisie genaamd Johanna van der Merwe, een van die meisies wat die Bloukrans-aanval oorleef het, is voor die Stadsaal in Moorreesburg opgerig.¹⁹¹ Die standbeeldjie van Johanna van der Merwe is in brons gegiet en beeld 'n Voortrekkermeisie met 'n fakkel in die regterhand uit, terwyl haar linkerhand op 'n wawiel rus. Die standbeeld het 'n granietvoetstuk.¹⁹² Die fakkel en die wiel is simbolies in baie ander monument gebruik en dui op die vrou se bydrae tydens die Groot Trek om die lig van die Christelike beskawing na die binneland van Suid-Afrika te bring. Die beeld is deur die Vroue Landbou Vereniging (VLV) geskenk en deur die Munisipaliteit van Moorreesburg opgerig.¹⁹³

¹⁹¹ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 481.

¹⁹² Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Trekbakens: Simboliese Ossewatrek 1938, p.1: Stadsklerk, Moorreesburg Munisipaliteit – Hoofsekretaris, A.T.K.V., 1967-10-24.

¹⁹³ Foto: Johanna van der Merwe-standbeeld by Moorreesburg, N. Coetzee, 2007.

Die bewoording van die byskrif lui soos volg:¹⁹⁴

*Ossewatrek
Johanna van der Merwe
Op die pad van Suid-Afrika
15 Sept 1938.*



Figuur 24: Die Johanna van der Merwe-standbeeldjie voor die Stadsaal by Moorreesburg.

Foto: N Coetzee, 2007.

3.3.3 Verskuiwing van die Krugerstandbeeld, Pretoria

Die verskuiwing van die standbeeld van president Paul Kruger het tydens die Voortrekkereufees van ’n plaaslike strewe van die Afrikaner in Pretoria na ’n landswyse volkstryd oorgegaan. Die Kruger-standbeeld se posisie op Kerkplein wat reeds in 1899 aangewys is, het nie gerealiseer nie en die ideaal is gekoester dat die Kruger-standbeeld van sy posisie voor die Pretoria Stasie af na die middel van Kerkplein verskuif moes word. Die verskuiwing “het sinnebeeldig geword van die Afrikaner se stryd om sy eie regmatige plek in sy vaderland in te neem”. Die standbeeld wat deur Anton van Wouw

¹⁹⁴ Foto: Johanna van der Merwe-standbeeld by Moorreesburg, N. Coetzee, 2007.

gebeeldhou is, was 'n skenking van Sammy Marks aan die Transvaalse Republiek (ZAR). Die standbeeld met sy meegaande reliëfpanele en Brandwagbeelde het op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog in 1899 in Delagoabaai aangekom en het jare lank in die hawe van Lourenço Marques gelê. Hulle is later deur lord Kitchener na Engeland gestuur. Teen 1913 is slegs die standbeeld van Kruger in Prinsepark in Pretoria opgerig. In 1921 het genl. Smuts daarin geslaag om die res van die beelde op te spoor en dit is na Suid-Afrika teruggestuur. Na die Eerste Wêreldoorlog is gepoog om 'n oorlogsgedenkteken by Kerkplein op te rig, maar hewige teenkanting is ervaar. Uiteindelik is besluit om die oorlogsgedenkteken voor die Uniegebou op te rig en is die voltooide Krugerstandbeeld na die plein voor die Pretoria stasie verskuif en op 10 Oktober 1925 onthul. Dit was nie die einde van die stryd nie, maar het eerder die Afrikaner-organisasies aangemoedig om hulleself opnuut vir die verskuiwing van die standbeeld te beywer. Tydens die Voortrekkereuefees in 1938 is die saak gepropageer en feesgangers het hulle heelhartige ondersteuning verleen. Duisende briewe van organisasies soos die onderskeie dorpe se Reëlingskomitees vir die ontvangs van die waens, die verskillende takke van die Transvaalse Onderwysvereniging en individue is na die Stadsraad van Pretoria gestuur waarin die verskuiwing van die standbeeld na Kerkplein bepleit is. Die geesdrif het toegeneem en op 29 Mei 1939 moes die Stadsraad van Pretoria onder die druk swig en is toestemming verleen dat die Kruger-standbeeld na Kerkplein verskuif kon word. Binne 'n kort tydjie is die nodige fondse vir 'n nuwe voetstuk en vir die verskuiwing van die standbeeld ingesamel. Uiteindelik, na 'n reeks doelbewuste verdragings, is die Krugerstandbeeld na sy regmatige plek op Krugerplein geskuif en op 10 Oktober 1954 onthul.¹⁹⁵

4. Waspore in sement

4.1 Ontwerp en vorm

Volgens die gidsboekie van die Voortrekkermonument is tydens die Simboliese Ossewatrek op plekke waar die waens besoek afgelê het "... gedenktekens opgerig as

¹⁹⁵ P.H. Kapp, Die betekenis van die eeufees op kultuurgebied, *Die Taalgenoot*, Julie 1968, pp. 5-6; O.J.O. Ferreira, 'n Volk se hulde, p. 99; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Krugerstandbeeld*, p. 58.

aandenking van die besoek en om die ‘Pad van Suid-Afrika’ aan te wys. Op baie plekke is die waens oor ’n nat sementblok getrek ten einde die spoor van die wiele te bewaar”.¹⁹⁶ Nie net wawielspore van die verskillende waens wat aan dié trek deelgeneem het, is oor die sementblokke getrek nie, maar skoenspore van hoogwaardigheidbekteërs en lede van die trekgeselskap is in die sement afgedruk. Hulle het hulle name in die sement met ’n vinger of stokkie geskryf en dikwels is die spore van die twee agterosse wat die waens getrek het, ook in die sement afgedruk. Op dieselfde dag dat die Sarel Cilliers-wa oor die nat sement by Vegkop gery het, is die vorm van die geweer wat Sarel Cilliers tydens die Slag van Vegkop gebruik het, ook in die nat sementblok afgedruk.¹⁹⁷

4.2 Simboliek

Mnr. J.A.B. van der Merwe, die feesredenaar by die fees op Kestell, het die volgende van die waspore gesê: “Hy het na die waspore in die betonblok gewys, en daarop gewys dat die boodskap van die Voortrekkerwaens ook onuitwisbare spore in die harte van die Afrikanervolk sal trap”.¹⁹⁸ Die tasbare kultuuruiting om die wielspore van die waens van die Simboliese Ossewatrek in sement te verewig, dui nie net op waspore wat Voortrekkers op die geskiedenis van Suid-Afrika gelaat het nie, maar ook op die simboliese groei en ontwikkeling van Afrikanernasionalisme en nasietrots. Dit het die Afrikaner aan die woorde van Andries Pretorius herinner: “Eenmaal sal ’n wiel oor die Wêreld rol...”.¹⁹⁹

4.3 Voorbeeld van waspore in sement wat opgerig is

¹⁹⁶ Beheerraad van die Voortrekkermonument, *Die Voortrekkermonument: Amptelike gids*, p. 66.

¹⁹⁷ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, pp. 455; G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 124; M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 126.

¹⁹⁸ J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Kestell, *Die Taalgenoot*, Oktober 1973, p. 13.

¹⁹⁹ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 2: *Ons geskiedenis is geheilig deur lye op die lydensweg van Suid-Afrika*, p. 138.

4.3.1 Waspore by die Merensky Biblioteek, Universiteit van Pretoria, Pretoria

Op Dinsdag 13 Desember 1938 het die waens van die Kruger-standbeeld op Stasieplein na die Universiteit van Pretoria vertrek waar die Kanselier, Rektor en Dekane hulle as touleiers ingewag het met 'n erewag van 300 dames in wit Voortrekkerdrag geklee. Die Andries Pretorius en twee osse is na die Merensky Biblioteek getrek waar die wa oor 'n nat sementblok gery het om die ossewaspore – en dus ook die kulturele nalatenskap van die 1938-Eeufeesvieringe – vas te lê.²⁰⁰ Die rektor, mnr. C.J. Schmidt, het die aanwesiges toegespreek.²⁰¹ Dieselfde aand is die eindfees by die Universiteit van Pretoria se sportterrein gehou, waar mnr. S.J. Botha die feesgangers met dié woorde verwelkom het: “Die Universiteit van Pretoria is vanaand prakties omskep in die Voortrekkeruniversiteit”.²⁰² Die naam is egter nie amptelik aanvaar nie, maar verskyn wel op die Eeufeesgedenkalbum wat deur die Universiteit van Pretoria uitgegee is.²⁰³



Figuur 25: Os- en waspore voor die Merensky Biblioteek by die Universiteit van Pretoria.

Foto: Universiteit van Pretoria Argief, no. 10-83-1.

²⁰⁰ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 770; Universiteit van Pretoria, U.P. en die Eeufeesjaar, *Universiteitsnuus* 2(1), Januarie 1939, pp. 8-9.

²⁰¹ J.J. van Tonder, *Fotobeeld van 300 monumente, standbeelde en gedenktekens*, p. 124.

²⁰² G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 196; Universiteit van Pretoria, U.P. en die Eeufeesjaar, *Universiteitsnuus* 2(1), Januarie 1939, p. 8.

²⁰³ C.H. Rautenbach (red.), *Ad Destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria (1910-1960)*, p. 87.

5. Gedenkstone

5.1 Ontwerp en vorm

Gedenkstone is ook tydens die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefees opgerig. Mej. L. Postma het voorgestel dat eenvormig gedenkstone as blywende herinnerings op spesifieke afstande of uitspanplekke langs die onderskeie roetes van die Simboliese Ossewatrek opgerig word. Die aanbeveling was dat die bakens uit 'n groot ronde klip met 'n bronsplaat moes bestaan waarop die bewoording *Voortrekker-eeufees Ossewatrek, Op die Pad van Suid-Afrika, 1838-1938* aangebring moes word.²⁰⁴ 'n Verdere voorstel was dat die spesifieke datum van die waens se besoek op die bronsplaat gegraveer moes word en aan die bokant van die inskripsie op die plaatjie kon ook 'n afbeelding van 'n ossewa met 'n span osse gegraveer word.²⁰⁵ Die bronsplaat kon met die besoek van die waens onthul word, of die inskripsie kon op die klip self gegraveer word.²⁰⁶

'n Voorbeeld van die tipe gedenksteen wat opgerig is, is die trekbaken by Brandfort oorkant die kerk van die N.G. Moeder-gemeente in Voortrekker- en Kerkstraat. Die gedenksteen is omhein en bestaan uit 'n brons gedenkplaat wat op 'n groot ysterklip aangebring is, gemonteer op 'n betonblad met drie sementtrappe. Op die gedenksteen is die volgende inskripsie aangebring:²⁰⁷

Ossewatrek Herdenksteen 1938

²⁰⁴ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 1: *Voortrekkerwaens se tog: drie mooi gedagtes*, p. 29; G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 43.

²⁰⁵ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 1: *Voortrekkerwaens se tog: drie mooi gedagtes*, p. 29.

²⁰⁶ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 1: *Vier belangrike wenke vir ossewatrek aanvaar*, p. 56.

²⁰⁷ P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, p. 18; Voortrekker- en Kerkstraat, Brandfort: Eeufeesgedenkmonument, besoek 2005-05-29.



Figuur 26: Die klipgedenksteen by Brandfort.

Foto: V.R. Heunis, 2005-05-29.

Mnr. Dirk Mostert van die ATKV se voorstel was dat fisiese trekbakens in die vorm van 'n klipgedenksteen van ongeveer 250 cm x 400 cm met die betrokke dorp se naam en datum van die Simboliese Ossewatrek se besoek daarop, na Hartenbos gestuur word. Daar kon dit later in 'n gedenkmonument op die feesterrein naby die nasionale pad opgerig word, wat die “*Pad van Suid-Afrika vir alle tye op Hartenbos vasstempel*”. Hoewel geld nog tot en met 1943 vir die Hartenbos-trekbaken ingesamel is, het die idee nooit gerealiseer nie. Al die gedenkstone of sogenaamde trekbakens is in 1979 langs die looppaadjie na die hoofingang van die ATKV Hartenbosmuseum ingebou. Die Hartenbos-gedenksteen het uiteindelik in 'n hout boekrak en kas tereggekom wat as trekbaken by die Hartenbosmuseum gehuisves word.²⁰⁸ Die volgende bewoording kom op die gedenksteen voor:²⁰⁹

*Trekbaken
van die
Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging
(S.A.S. en H) ter gedagtenis aan die
Simboliese Ossewatrek
en die*

²⁰⁸ R. Kaljee, *Hartenbos bakens*, p. 110; A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), 1972-03, p. 20.

²⁰⁹ R. Kaljee, *Hartenbos bakens*, p. 110.

*feesviering op Hartenbos
26 Augustus 1938.*



Figuur 27: Trekbakens wat na Hartenbos gestuur is en uiteindelik by die Museum ingemessel is.

Foto: V.R. Heunis, 2006-09-29.

Benewens dié tipes gedenkstekene is ook baie ander opgerig wat nie aan enige spesifikasies voldoen het nie, veral by plekke van historiese belang. Gedenkstene is onder meer by konsentrasiekampbegraafplase aangebring, soos die ruwe klipgedenksteen wat uit die kliprant by die Springfontein Konsentrasiekampbegraafplaas gekry is en by een van die onbekende grafte opgerig is.²¹⁰ Gedenkstene is ook by grafte van Voortrekkeren Anglo-Boereoorloghelde en heldinne opgerig, soos die groot rotsvormige geboë grafsteen wat ter ere van mev. Christina Pretorius, kmdt.-genl. Andries Pretorius se vrou, opgerig is. Op die graftseen staan haar sterfbedwoorde:²¹¹

*Gaan Andries.
Jou landgenote het jou nodig.
Kyk wat jy vir hulle kan doen.
My kan jy die lewe tog nie gee nie.*

²¹⁰ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, pp. 367-368; Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 2: *Ossewaens by kerkhof van 2000 vroue en kinders*, p. 264.

²¹¹ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 672; J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Warmbad (Tvl.), *Die Taalgenoot*, April 1973, p. 15.

5.2 Simboliek

Volgens mej. Postma moes die trekpad met bakens gemerk word wat praat en dat hulle as “wegwysers na ’n nuwe toekoms van volkseenheid en trou” moes dien.²¹² Mnr. Dirk Mostert van die ATKV het ook ’n beroep op die inwoners van dorpe gedoen waar die waens sou aandoen, om iets te skep waarmee die gedagtenis en herinnering van die gebeurtenis behoue sou bly.²¹³ Dus is die gedenkstone as padaanwysers of bakens *Op die pad van Suid-Afrika* beskou en moes dit vir die Afrikanernageslagte as herinnering aan die gebeurtenis van die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefees dien.

5.3 Voorbeeld van ’n gedenksteen

5.3.1 Langenhoven-gedenksteen, Meiringspoort, De Rust

’n Wit marmergedenksteen is by die *Herrieklip* van C.J. Langenhoven in Meiringspoort, *De Rust* opgerig.²¹⁴ Teo de Witte was glad nie tevrede met die oprigting van die gedenksteen nie: “Op ’n grys klip het Neelsie die naam van sy droomdier vergoed in graniet gegrif. Hy moes dit gedoen het met die groot krag van ’n digter vir wie die geskrewe woord ’n werklikheid geword het met die trou, toewyding en dankbaarheid van die skrywer aan die lewendiggeworde gedagte. Andere het dit feitlik minder begryp. Hul neem noodwendig aan dat aan die stille verbond tussen die digter en sy skepping die nadruklikheid van ’n monument gegee moet word. Wat bedoel was as ’n speelse gril, is nodeloos verhef tot ’n toeristiese besienswaardigheid. Wat ’n toevalligheid moes gewees het, is nou verlelik deur wit stene. Dit moet onder die aandag gebring word dat Langenhoven dit self gedoen het. Dan is daar nog ’n hek daarom met ’n lelike bord in twee tale, dat niemand dit mag beskadig nie, en tot oormaat van ramp is daar nog ’n steen aangebring om te toon dat die Ossewatrek van 1938 hierlangs gekom het. Ek kan verstaan dat dit goed bedoel is, maar vra myself af: waar is die fantasie, die lugtige, die

²¹² Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 1: *Voortrekkerwaens se tog: drie mooi gedagtes*, p. 29.

²¹³ R. Kaljee, *Hartenbos bakens*, p. 110; A.P.J. van Rensburg, Die Simboliese Ossewatrek van 1938, *Historia* 17(1), 1972-03, p. 20.

²¹⁴ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 232.

toevallige, die tedere van die geval? Die arme Herrie sink weg onder die marmarstene. Sy eretrots het 'n gedenksteen geword en het die lot ondergaan van nagenoeg alle gedenktekens – dit het lelik geword. Vlamme slaan pers uit die donker lug, terwyl ek weer huis-toe keer, 'n bietjie weemoedig gestremd oor hierdie verstoring van 'n digterlike droom".²¹⁵

6. Gedenkgeboue

6.1 Ontwerp en vorm

Die enkele gedenkgeboue wat opgerig is, het as utiliteitsinrigtings 'n spesifieke funksie gehad. Die gedenkgeboue het gewoonlik die vorm van 'n skoolsaal of 'n kerk aangeneem en is deur argitekte ontwerp.

6.2 Simboliek en betekenis

Die motivering vir die oprigting van 'n funksionele utiliteitsgebou eerder as 'n monument, is reeds geopper toe daar sprake was van die oprigting van 'n Voortrekkermonument. Mense het aanbeveel dat die geld wat vir die oprigting van die Voortrekkermonument ingesamel is, eerder vir 'n utiliteitsinrigting van een of ander aard aangewend moes word, soos 'n hospitaal. Volgens Ferreira het gedenkkinrigtings 'n sekondêre of bykomstige vorm van hulde en is hulle primêre funksie die daaglikse gebruik van die inrigting. Besoekers kom eerder onder die indruk van die gerief en gebruik van die inrigting, terwyl die huldigingsmotief opsy geskuif word. Hy verwys ook na die hunkering van die mens na 'n skoonheidsgevoel en dat die estetiese kenmerke van 'n monument mense aangryp – wat nie noodwendig die geval met 'n gewone gebou is nie. Benewens die estetiese, raak die gebou ook mettertyd verouderd en moet vervang en herbou word. C.R. Swart, 'n voormalige Staatspresident, het ook gesê: “Idealistiese simboliek bly groots en aangrypend in sy besielende uitwerking op 'n volk. Materialistiese gedenkkinrigtings kan nooit dieselfde besielende krag en sielsverheffing

²¹⁵ T. de Witte, *Langs die pad van Suid-Afrika*, p. 30.

aan 'n nageslag besorg nie ...".²¹⁶ Van die Eeufesreëlingskomitees en organisasies het besluit om eerder gedenkgeboue vir toekomstige gebruik op te rig, wat nog steeds die gees van die Voortrekkereeufes simbolies kon weerspieël. Een van die bekendste gedenkgeboue waarvan die hoeksteen in 1938 gelê is, is die Voortrekkerkerk in Boksburg-Noord.

6.3 Voorbeeld van 'n gedenkgebou

6.3.1 Voortrekkerkerk, Boksburg-Noord, Johannesburg

Die hoeksteen van die nuwe N.G. Kerk in Boksburg-Noord in Sarel Cillierstraat nr. 47 is op 8 Desember 1938 deur mnr. H.J. Klopper, hoofleier van die Simboliese Ossewatrek, gelê, terwyl ds. G.J.J. Boshoff, leraar van die kerk, ook 'n gedenksteen gelê het.²¹⁷ Die hoeksteenrede is deur ds. W. Nicol, Moderator van die Transvaalse kerk, gelewer.²¹⁸

Tydens die besoek het nog 'n wa by die Sarel Cilliers-wa aangesluit, gevul met klippe wat oor die hele land langs die trekroetes van die Kaap tot Pretoria versamel is. Die klippe is van terreine afkomstig waar een of ander belangrike historiese gebeurtenis plaasgevind het en was bedoel om in die oostelike en westelike mure van die kerk ingebou te word.²¹⁹ Klippe is van die volgende plekke af gekry: 'n klip uit die muur van die oudste kerk in Suid-Afrika, gebou in 1743 in Tulbagh; 'n klip van die grafsteen van Jan van Riebeeck, geskenk deur die museum in Kaapstad; 'n klip van Tafelbaai waar die bote van die VOC geland het; twee klippe uit die mure van die Kasteel in Kaapstad; twee plat, geslypte klippe van die Moederkerk in Kaapstad; 'n klip van die Voortrekkerkerk in Pietermaritzburg; 'n klip van pres. M.T. Steyn se geboortehuis in Winburg; 'n klip van die fondament van die hartbeeshuisie waar die Sandrivierkonvensie onderteken is; klippe van Bloedrivier, Moordkoppie en Blijde Vooruitzicht; 'n klip van Bulhoek, die

²¹⁶ O.J.O. Ferreira, *'n Volk se hulde*, p. 270; M.C. Botha, Monumente en nasionalisme, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(2), Julie 1985, p. 34.

²¹⁷ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 659.

²¹⁸ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 7: *Trekleier lê hoeksteen van Voortrekkerkerk*, p. 1176.

²¹⁹ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 165; P.J. Truter, *Die Gemeentegesiedenis Ned. Geref. Kerk Boksburg-Noord 1936-1986*, p. 17.

geboorteplaas van pres. S.J.P. Kruger; 'n klip van die Voortrekkerskans by Ohrigstad; klippe van die grafsteen van Gerrit Maritz; 'n klip van die plek naby Lourenço Marques waar Louis Trichardt begrawe is; 'n klip van Pelindaba waar Debora Retief begrawe is; 'n klip van Rustenburg waar versoening tussen Hendrik Potgieter en Andries Pretorius plaasgevind het; 'n klip van Potchefstroom waar die eerste Transvaalse president begrawe is, en van die Vaalrivier waar die Liebenberg-trekgeselskap vermoor is. Klippe van die graf van Hendrik Potgieter en van Mosega, Gabeni, Vegkop, Broederstroom, Veglaer, Modderlaer, Dubbele laer, Sooilae en Veglaer is ook saamgebring.²²⁰ 'n Klip is ook uit die fondament van die bouwal van die Marianna-kerkie op die plaas *Doventon* in die distrik Winterton gebreek.²²¹ 'n Gedeelte van die Kaaplandse Hoof trek-geselskap het tydens 'n funksie op die plaas *Voorbaai*, naby Hartenbos, 'n klip gaan haal wat namens die A.T.K.V. in die Voortrekkerkerk ingemessel moes word.²²²

Dus is die geskiedenis van die Voortrekkers en hul voorouers as 't ware in die kerk ingemessel. Altesaam sou ongeveer veertig klippe ingemessel word en sou 'n koperplaatjie op elke klip aangebring word om die herkoms daarvan aan te dui. Op die twee groot sy-vensters van die kerk is loodglaswerk wat kakebeenwaens met osse uitbeeld aangebring, en die kerktoring spog met 'n weerhaan in die vorm van 'n wa met die disselboom as wyser.²²³ Die waspore van die Sarel Cilliers-wa is ook by die hoofingang van die N.G. Kerk Boksburg-Noord in sement afgedruk.²²⁴ Die dertig babas wat op die dag gedoop is, is met water uit Bloedrivier gedoop. Die kerkraad het besluit om die kerk na die eerste Voortrekkerkerk wat opgerig is, te vernoem – die Voortrekkerkerk op die pad van Suid-Afrika. Die kerk het naamlik sy begin in die Eufeesjaar gehad en al die bogenoemde gebeure het deel van die wordingsgeskiedenis van die kerk gevorm.²²⁵ Mnr. Klopper het 'n onderdeel of wiel van een van die waens aangebied om deel van die kerk se preekstoel te vorm.²²⁶ Daar is na die kerk verwys as

²²⁰ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 5: *Geskiedkundige klippe deur ossewaens na Boksburg gebring*, p. 903.

²²¹ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 588.

²²² G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 44.

²²³ G. Boshoff, Nuus brokkies uit die gemeentes, *Die Voorligter*, Desember 1938, p. 269.

²²⁴ J.J. van Tonder, *Fotobeeld van 300 monumente, standbeelde en gedenktekens*, p. 112.

²²⁵ G. Boshoff, Nuus brokkies uit die gemeentes, *Die Voorligter*, Desember 1938, p. 269.

²²⁶ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 165.

“een van die pragtigste gedenktekens van die Trek” en is op 20 Mei 1938 ingewy.²²⁷ Die kerk is deur die argitekte Geers en Geers ontwerp en ’n gipsmodel is aan mnr. Klopper oorhandig vir bewaring in die Hartenbosmuseum.²²⁸



Figuur 28: Die Voortrekkerkerk, Boksburg-Noord, Johannesburg.

Uit: D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika* (Kaapstad, 1940), p. 659.

7. Ander gedenktekens

7.1 Gedenktekens teen heuwels

Die gebruik was ook om ’n kakebeenwa en die bewoording *Ossewatrek 1838-1938* met wit klippe teen ’n heuwel uit te pak, soos teen die heuwels by Bethlehem, Bonnievale, Danielskuil, Marydale en Wakkerstroom.²²⁹

²²⁷ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 659; P.J. Truter, *Die Gemeentegesiedenis Ned. Geref. Kerk Boksburg-Noord 1936-1986*, p. 18.

²²⁸ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: *Koerantknipselplakboek 7: Trekleier lê hoeksteen van Voortrekkerkerk*, p. 1176.

²²⁹ P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*, p. 1; D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, pp. 170, 505, 510 en 642.

7.2 Gedenkbome

Met die besoek van die waens aan dorpe en tydens die Eeufeesvieringe is baie bome as gedenktekens geplant. Twee bome is byvoorbeeld op 29 November 1938 by die N.G. Kerk op Greytown geplant met die onthulling van die gedenkteken tydens die besoek van die waens. Die twee bome wat op die gedenkwaardige dag geplant is, het die name van Piet Retief en die Vrou- en Moeder gekry, en is na die twee waens vernoem wat die dag die dorp besoek het. Die name is op plaatjies by die bome aangebring.²³⁰ Gedenkplate is ook teen geskiedkundige bome aangebring, soos die silwer gedenkplaat wat op 6 Oktober 1938 op die plaas *Onze Rust* van oud-president M.T. Steyn van die Oranje-Vrystaat aan mev. Tibbie Steyn oorhandig is om aan die Boom van Sameswering gespyker te word.²³¹ 'n Gedenkplaat is ook op 'n 90-jaar oue bloekomboomstomp aangebring wat op 12 Oktober 1938 deur mev. Klopper onthul is.²³² Dié geskiedkundige boom is in ongeveer 1850 geplant en het tot die grootste boom in die noordoostelike Kaapland ontwikkel.²³³ Onder die boom is die doodsvonnis oor die Kaapse rebelle P. Klopper en R. Viljoen tydens die Anglo-Boereoorlog uitgespreek.²³⁴ J.J. van Tonder skryf: “Die gedenkplaat aan die ou dor blougomboomstomp is 'n waardige gedenkteken van die besoek van die Simboliese Ossewatrek aan Burgersdorp”.²³⁵

7.3 Gedenk-sonwysers

Sonwysers is ook as gedenktekens opgerig, soos die sonwysers in die tuin van die N.G. Kerk Paulpietersburg en die groot sementwawiel-sonwyser op die grond by die Stadsaal in Nelspruit.²³⁶

²³⁰ J.J. van Tonder, *Verhale en foto's van veertig boommonumente in Suid-Afrika*, p. 115.

²³¹ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 408.

²³² D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, pp. 339-340.

²³³ J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Burgersdorp, *Die Taalgenoot*, April 1970, p. 3.

²³⁴ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, pp. 339-340.

²³⁵ J.J. van Tonder, Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek van 1938, Burgersdorp, *Die Taalgenoot*, April 1970, p. 3.

²³⁶ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 645; Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Trekbakens: Simboliese Ossewatrek 1938, p.1: Stadsklerk, Nelspruitse Stadsraad – Hoofsekretaris, A.T.K.V., 1967-09-28.

7.4 Gedenk-ereboë

In die park voor die Stadsaal van Ventersdorp staan een van die “aanskoulikste bakens wat nog op hierdie trek gebou is”.²³⁷ Die gedenkteken bestaan uit twee ereboë van sement en is met ’n klippad verbind, vernoem na Andries Pretorius en Hendrik Potgieter. Die pad is deur die *Automobiel Assosiasie* as die *Pad van Suid-Afrika* aangedui.²³⁸ Die monument is deur vrywilligers opgerig en die publiek is versoek om geldelike bydraes te maak, of om sement, sand, kalk en klippe (nie dikker as drie duim nie) te skenk. Elke persoon wat iets bygedra het, se naam is in ’n gedenkalbum aangeteken wat na die Voortrekkermonument gestuur sou word. Mnr. Naudé, ’n onderwyser van die plaaslike laerskool, het die gedenkteken ontwerp.²³⁹ Dit is deur Tienie van Schoor onthul toe die waens onder deur die boë gery het, en van die een boog ’n Vrystaatse en van die ander boog ’n Transvaalse vlag neergehaal is.²⁴⁰

Aangesien die databasis nie heeltemal volledig is nie, is dit onmoontlik om ’n presiese getal aan te dui van die monumente en gedenktekens wat met die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefeesvieringe opgerig is, maar na aanleiding van die aantal inskrywings in die databasis is meer as vierhonderd gedenktekens landswyd opgerig.²⁴¹ As in ag geneem word dat daar tydens die Simboliese Ossewatrek by meer as vyfhonderd dorpe aangedoen is, is een of ander tipe gedenkteken bykans by elke dorp opgerig.²⁴² Die voortbestaan en relevansie van die honderde gedenktekens in ’n nuwe post-apartheid Suid-Afrika word in die opvolgende hoofstuk bespreek.

²³⁷ G.D.J. Duvenage, *Die Gedenktrek van 1938*, p. 177; Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Tekbakens: Simboliese Ossewatrek 1938, p.1: Stadsklerk, Stadsraad van Ventersdorp – Hoofsekretaris, A.T.K.V., 1967-09-27.

²³⁸ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 5: *Onopregte feesviering sal oordeel op ons bring*, p. 876.

²³⁹ Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 2: *Gedenksteen ter ere van voortrek op Ventersdorp*, p. 207.

²⁴⁰ D. Mostert, *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika*, p. 726; Erfenisstigting Navorsingsentrum, Pretoria: Koerantknipselplakboek 5: *Onopregte feesviering sal oordeel op ons bring*, p. 876.

²⁴¹ V.R. Heunis, *Databasis van die monumente en gedenktekens wat tydens die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefees van 1938 opgerig is*, Bylaag I.

²⁴² S. Marschall, Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005, p. 18.

HOOFSTUK 6

DIE BEWARING EN RELEVANSIE VAN DIE VOORTREKKER- EEUFEESGEDENKTEKENS IN 'N POST-APARTHEID SUID-AFRIKA

1. Die bewaring van die monumente en gedenktekens

Die meeste van die Voortrekkereeufoesgedenktekens is deur die vorige *Raad van Nasionale Gedenkwaardighede* beskryf as openbare monumente wat nie as nasionale gedenkwaardighede verklaar is nie en is dus volgens Changuion "... monumente wat nie regstreeks onder staatsbeskerming ressorteer nie, met ander woorde wat nie deur die wet van slooping, vernietiging of verwydering gevrywaar word nie".¹ Omdat die monumente en gedenktekens nie deur die vorige erfeniswetgewing beskerm is nie, het hulle gevaar geloop om verwyder, verskuif, verwaarloos en selfs vernietig te word.²

Die ATKV het in 1967 en 1968 briewe aan stadsrade en munisipaliteite gestuur om 'n opname van die monumente en gedenktekens te maak wat langs die roetes van die Simboliese Ossewatrek van 1938 opgerig is. Die vrae in die briewe was daarop gemik om vas te stel waar die gedenktekens geleë is, watter vorm hulle aanneem, wat hulle toestand is en wie vir die versorging daarvan verantwoordelik was, om "sodoende te verseker dat dit nie verwaarloos raak en vir ons nageslagte verlore gaan nie".³ Oor die algemeen was die gedenktekens in 'n goeie toestand en die ATKV het 'n beroep gedoen op die betrokke munisipaliteit of stadsraad, skoolraad, kerkraad, privaat eienaar of plaaslike kultuurorganisasie om die gedenktekens te versorg, maar in sommige gevalle was van die

¹ L. Changuion en G. de Graaff, *Kultuur en bewaringsaspekte*, in J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika: die vier noordelike provinsies*, p. 285.

² L. Changuion en G. de Graaff, *Kultuur en bewaringsaspekte*, in J.S. Bergh (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika: die vier noordelike provinsies*, p. 285.

³ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Tekbakens: Simboliese Ossewatrek 1938, p. 1: Hoofsekretaris, V.P.B. Horne – Hoof, Hoërskool Venterstad, 1968-03-12.

gedenktekens erg verweer, verwaarloos en selfs verwyder of vernietig.⁴ n Voorbeeld hiervan is die toegemesselde klipstapel by die Laerskool Senekal wat afgebreek is toe die skoolgeboue geskuif is. Die sement-ossewa wat bo-op die monument gemonteer was, is al wat van die gedenkteken oorgebly het.⁵ Party Voortrekkereufeesgedenkmonumente is ook om politieke redes gevandaliseer, soos die Harrismith Burgermonument wat die nag van 1 Maart 1940 tydens die Tweede Wêreldoorlog deur vandaliste beskadig is en 'n gedeelte van die marmergeweerloop en -hoed afgebreek is.⁶ So ook die miniatuur Voortrekkermonument by die Hoërskool Helpmekaar wat in Junie 1948 deur vandale beskadig is – vermoedelike uit wraaksug omdat die Nasionale Party die verskiesing gewen het.⁷ Nog 'n voorbeeld is die Eeufeesgedenkmonument by Cradock wat in 1967 in 'n goeie toestand was, maar wat gereeld met wit verf besmeer is. Die letters ANC is ook gereeld daarop gevef.⁸

Die huidige *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999* definieer die term 'bewaring' soos volg: "Bewaring, met betrekking tot erfenishulpbronne, ook die beskerming, instandhouding, preserving en volhoubare gebruik van plekke en voorwerpe ten einde die kulturele betekenis daarvan te beskerm".⁹ Volgens dié wet mag niemand enige struktuur of 'n deel daarvan wat ouer as sestig jaar is, verander of sloop nie en moet 'n permit eers deur die provinsiale hulpbronowerheid uitgereik word as so iets oorweeg word.¹⁰ Die Voortrekkereufeesmonumente en -gedenktekens wat in 1938 opgerig is, is ouer as sestig jaar en word dus direk deur die huidige *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999* beskerm. Die toegemesselde klipstapel by Pelgrimsrus is 'n goeie voorbeeld waar die wetgewing toegepas word, deurdat dit goed

⁴ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Tekbakens: Simboliese Ossewatrek 1938, p. 1: Hoofsekretaris, V.P.B. Horne – Hoof, Hoërskool Venterstad, 1968-03-12.

⁵ Persoonlike inligting: Mev. M.G. Prinsloo, Primêre Skool Senekal, Senekal, 2005-04-04.

⁶ Geskrewe inligting: Mnr. C.J. de Vos, Posbus 1965, Harrismith, 2007-10-25.

⁷ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 268.

⁸ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Trekbakens: Simboliese Ossewatrek 1938, p. 1: Stadsklerk, Cradock – Hoofsekretaris, A.T.K.V. 1967-10-27 en 1967-11-29.

⁹ Republiek van Suid-Afrika, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999, *Staatskoerant* 406(19974), 1999-04-28, p. 658.

¹⁰ Republiek van Suid-Afrika, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999, *Staatskoerant* 406(19974), 1999-04-28, p. 718.

omhein is, mooi in stand gehou word en 'n bord aangebring is wat duidelik aandui dat die gedenkteken deur dié wet beskerm word.¹¹



Figuur 29: Die toegangsbordjie by die gedenkteken in Pelgrimsrus.

Foto: V.R. Heunis, 2006-12-29.

Vir die doeleindes van hierdie wet moet die erfenishulpbronne wat van kulturele betekenis of ander spesiale waarde vir die huidige gemeenskap en toekomstige geslagte is, as deel van die nasionale besit beskou word en val dit binne die bestek van werksaamhede van die erfenisowerhede.¹² 'n Plek kan as nasionale besit beskou word as dit kulturele of ander sosiale waarde het en aan onder meer die volgende erfenisevalueringsmaatstawwe voldoen, waarvan hier slegs 'n paar maatstawwe genoem word wat direk op die Voortrekkereufeemonumente en -gedenktekens betrekking het:¹³

- a) “die belangrikheid daarvan in die gemeenskap of in die loop of patroon van Suid-Afrika se geskiedenis”;
- e) “die belangrikheid daarvan om bepaalde estetiese eienskappe waaraan 'n gemeenskap of kultuur waarde heg te toon”;
- g) “die sterk of spesiale assosiasie daarvan met 'n bepaalde gemeenskap of kultuurgroep om maatskaplike, kulturele of geestelike redes”;

¹¹ Naby Joubertbrug, Pelgrimsrus: Piramiedvormige klipstapel, besoek 2006-12-29.

¹² Republiek van Suid-Afrika, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999, *Staatskoerant* 406(19974), 1999-04-28, p. 664.

¹³ Republiek van Suid-Afrika, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999, *Staatskoerant* 406(19974), 1999-04-28, pp. 666, 668.

- h) “die sterk of spesiale assosiasie daarvan met die lewe of werk van ’n organisasie van belang in die geskiedenis van Suid-Afrika”.

Die evalueringsmaatstawwe word ook toegepas met die gradering van die erfenishulpbronne. Erfenishulpbronne word in drie hoofkategorieë ingedeel:¹⁴

- 1) Graad I: “Erfenishulpbronne met eienskappe wat so uitsonderlik is dat dit van spesiale nasionale betekenis is”.
- 2) Graad II: “Erfenishulpbronne, al is hulle deel van die nasionale besit, wat geag kan word spesiale eienskappe besit, wat hulle van betekenis maak binne die konteks van ’n provinsie of ’n streek”.
- 3) Graad III: “Ander Erfenishulpbronne wat bewarenswaardig is”.

Volgens die wet is die *Suid-Afrikaanse Erfenishulpbron-agentskap* (SAEHA) verantwoordelik vir die identifisering en bestuur van Graad I-erfenishulpbronne. Die Provinsiale erfenishulpbronowerhede is verantwoordelik vir die identifisering en bestuur van Graad II-erfenishulpbronne en Graad III-erfenishulpbronne val onder die jurisdiksie van plaaslike owerhede.¹⁵ Dit is die verantwoordelikheid van plaaslike beplanningsowerhede om ’n inventaris van erfenishulpbronne wat in sy regsgebied val op te stel, en om dit aan die provinsiale hulpbronowerheid voor te lê, wat dan besluit of dit in die provinsiale erfenisregister aangeteken word of nie.¹⁶

Die plek waar die Voortrekkereuefeesmonumente en -gedenktekens opgerig is, dui hoofsaaklik op wie vir die instandhouding en bewaring daarvan verantwoordelik is. Tog heers groot onsekerheid nog steeds oor die kwessie en hang dit ook grootliks af of die monumente en gedenktekens as openbare of privaat besit geklassifiseer word. Die wetgewing maak voorsiening vir openbare monumente en gedenktekens en beskryf dit soos volg: “alle monumente en gedenktekens a) wat opgerig is op grond wat behoort aan

¹⁴ Republiek van Suid-Afrika, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999, *Staatskoerant* 406(19974), 1999-04-28, p. 672.

¹⁵ Republiek van Suid-Afrika, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999, *Staatskoerant* 406(19974), 1999-04-28, p. 672.

¹⁶ Republiek van Suid-Afrika, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999, *Staatskoerant* 406(19974), 1999-04-28, p. 704.

enige tak van die sentrale, provinsiale of plaaslike regering, of op grond wat behoort aan enige organisasie wat befonds word deur of ingestel is ingevolge die wetgewing van enige sodanige tak van regering; of b) waarvoor betaal is deur openbare onderskrywing, regeringsfondse of 'n burgerlike of militêre organisasie en wat op grond is wat aan 'n private individu behoort'.¹⁷

In hierdie stadium val die meeste van die Voortrekkereufeesmonumente in die Graad III-kategorie en is hulle op munisipale grond by stadstuine, stadspleine en voor stadsraadkantore, asook by begraafplase opgerig. Hulle kan dus as openbare monumente geklassifiseer word en val direk onder die bestuur van plaaslike owerhede soos munisipaliteite en stadsrade. Heelwat monumente en gedenktekens is by kerkgeboue en -sale, asook skoolterreine opgerig en word die bewaring en instandhouding gewoonlik deur die betrokke kerkraad of skoolraad waargeneem. Die instandhouding van die monumente wat op privaat grond opgerig is, is gewoonlik die verantwoordelikheid van 'n privaat persoon of 'n kultuurorganisasie.¹⁸ Sommige van die Voortrekkereufeesmonumente kan waarskynlik onder provinsiale bestuur ressorteer en kan voorgelê word om in provinsiale erfenisregisters opgeteken te word, soos die Piet Retief-monument in Port Elizabeth wat binne die konteks van die streek inpas. Die enigste monument wat tot dusver aansoek gedoen het om as 'n Graad I-erfenishulpbron verklaar te word, is die Voortrekkermonument in Pretoria. Die monument is in privaat besit en behoort aan die Voortrekkermonument en Natuurreservaat, 'n nie-winsgewende Artikel-21 maatskappy.¹⁹

Hoewel huidige wetgewing vir die bewaring van die Voortrekkereufeesgedenktekens voorsiening maak, word dit nie altyd streng toegepas nie en vind verwaarlosing en vandalisering van baie van die monumente en gedenktekens nog steeds plaas. Dit is ook nie net die verantwoordelikheid van die regering om na die monumente en gedenktekens


¹⁷ Republiek van Suid-Afrika, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999, *Staatskoerant* 406(19974), 1999-04-28, p. 662.

¹⁸ Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a) Tekbakens: Simboliese Ossewatrek 1938: Oktober 1967 - Maart 1968.

¹⁹ Persoonlike inligting: C. Kruger, Adjunk-Hoof Uitvoerende Beampte van die Voortrekkermonument, Eufeesweg, Pretoria, 2007-11-21.

om te sien nie, maar lede van die Afrikanerkultuurgroep moet 'n bewaringsbewustheid aankweek en die verantwoordelikheid op hulleself begin neem om die kultuurerfenis wat vir hulle van kulturele betekenis is, te bewaar en te versorg.

'n Goeie voorbeeld van 'n Voortrekkereufeesmonument wat gevandaliseer is, is die monument by Emmaspark in Linden wat deur graffiti ontsier is. Brandmerke van 'n vuur kan nog steeds aan die basis van die monument gesien word. Boemelaars slaap in die omgewing en die voortbestaan van die monument word bedreig. Volgens die Kuns, Kultuur en Erfenisdienste van die Stadsraad van Johannesburg word die monument deur die plaaslike Linden Voortrekkerbeweging-tak in stand gehou. Die Kuns, Kultuur en Erfenisdienste van die Stadsraad van Johannesburg het onlangs die monument in hulle Erfenis-inventaris opgeneem en hopelik sal daar in die toekoms meer aandag aan die bewaring en voortbestaan van die monument geskenk word.²⁰



Figuur 30: Die Voortrekkereufeesmonument by Emmaspark, Linden, wat deur graffiti ontsier is.

Foto: I. Mafune, 2007-10-09.

²⁰ Geskrewe inligting: I. Mafune, Johannesburg Kuns, Kultuur en Erfenisdienste, Posbus 517, Newtown, 2007-10-09.

2. Die politieke kaping van die monumente en gedenktekens

Monumente word dikwels deur politieke en regerende partye vir eie politieke gewin “gekaap”. Openbare monumente word veral aan teenreaksies en teenpropaganda blootgestel, veral wanneer ’n nuwe politieke party aan bewind kom. Dit kan dan lei tot die vernietiging, vandalisering, verwydering en verandering van reeds bestaande monumente en die heroprigting en vervanging van nuwe monumente. Die tendens kom algemeen in wêreldgeskiedenis voor. Gedurende die laat twintigste eeu het ikonoklasme veral in liberale Oos-Europese state plaasgevind, waar standbeelde van Lenin en Stalin met groot vertoon verwyder is.²¹ ’n Rede vir hierdie verskynsel wat deur Stocker aangevoer word, is die magtige effek van die simboliek wat aan monumente gekoppel word en dat monumente somtyds geïnterpreteer word as instrumente van onderdrukking, maar ook van verlossing.²²

Na die 1994-verkiesing is reeds begin met die debat oor die voortbestaan en relevansie van sogenaamde apartheidsmonumente in ’n post-apartheid Suid-Afrika. Volgens Farieda Khan het eksklusiewe erfenisstrukture soos onder meer die Voortrekkermonument en die Strijdom-monument, wat as nasionale erfenisstrukture op staatsgrond en met staatsfondse opgerig is, grootliks bygedra tot die polarisasie van die houding teenoor die erfenis van blankes en swartmense in Suid-Afrika en word hulle as simbole van onderdrukking gedurende die apartheidjare gesien. Negatieweit en selfs antagonisme heers teenoor die bewaring van koloniale en apartheidsera-erfenisstrukture in Suid-Afrika en word dit deur die groter meerderheid van die samelewing as “white heritage” beskou wat nie bewarenswaardig is nie.²³ Strini Moodley van die Azanian Peoples Organisation beaam die stelling: “95% or more of the so-called national monuments have to be done away with because they do not reflect the ethos of the broad majority of the South African

²¹ E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 80.

²² M. Stocker, *Public monument*, p. 42, soos aangehaal in E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 80.

²³ S. Marschall, Making money with memories: the fusion of heritage, tourism and identity formation in South Africa, *Historia* 50(1), Mei 2005, p. 105; F. Khan, Hidden heritage: Our past, our future, *Myths, monuments, museums new premises?* University of the Witwatersrand history workshop, 16-18 July 1992, p. 1.

people”.²⁴ Volgens Khan het die vorige bedeling in Suid-Afrika gedurende die apartheidsjare nie aandag aan die erfenis van swartmense geskenk nie en het slegs 2% van die nasionale monumente wat deur die voormalige *Raad van Nasionale Gedenkwaardighede* gelys is, in die pre-koloniale era geval, terwyl slegs ongeveer vyftien monumente wat uit die agtiende en negentiende eeu dateer, die swart kultuur of erfenis herdenk.²⁵

Politieke rolspelers soos die ANC en die PAC het dit duidelik gestel dat die ongebalanseerde proklamerings en bewaring van erfenisstrukture wat oorwegend Eurosentries van aard is, reggestel moes word en dat ’n nuwe benadering ten opsigte van die bewaring van ’n gemeenskaplike erfenis gevind moet word – “one which seeks, not to glorify the colonial conquest of the past, nor to perpetuate the racial divisions of the present but to accurately reflect our country’s history and celebrate its cultural achievements”.²⁶ Sedert die ANC in 1994 aan bewind gekom het, was daar dus verskeie voorstelle om die vorige ongebalanseerde proklamerings van monumente te evalueer en reg te stel. Die nuwe Suid-Afrikaanse regering het besluit om nie die ikonoklasme van koloniale en apartheidsera-monumente, gedenktekens en standbeelde te propageer nie, maar om eerder bestaande monumente in Suid-Afrika te kritiseer en nuwe erfenisereine en monumente op te rig “... to balance a country’s sewed landscape of memory”.²⁷

Wanneer na sogenaamde apartheidsmonumente verwys word, val die fokus gewoonlik op die Voortrekkermonument wat as ’n ikoon van die apartheidregime voorgestel word.²⁸ Daar was verskeie regstellende voorstelle met betrekking tot die Voortrekkermonument, naamlik om die monument te behou as herinnering aan die apartheidsera, om ’n

²⁴ F. Khan, Hidden heritage: Our past, our future, *Myths, monuments, museums new premises?* University of the Witwatersrand history workshop, 16-18 July 1992, p. 4.

²⁵ F. Khan, Hidden heritage: Our past, our future, *Myths, monuments, museums new premises?* University of the Witwatersrand history workshop, 16-18 July 1992, pp. 2-3.

²⁶ F. Khan, Hidden heritage: Our past, our future, *Myths, monuments, museums new premises?* University of the Witwatersrand history workshop, 16-18 July 1992, p. 3.

²⁷ S. Marschall, Making money with memories: the fusion of heritage, tourism and identity formation in South Africa, *Historia* 50(1), Mei 2005, p. 107; E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, pp. 88, 90.

²⁸ A. E. Coombes, Translating the past: apartheid monuments in post-apartheid South Africa, in A. Brah and A.E. Coombes (eds.), *Hybridity and its discontents: Politics, science, culture*, p. 173.

alternatiewe monument regoor die monument op te rig, of om die monument heeltemal af te breek.²⁹ Daar was tot sprake daarvan dat die Senotaafvlak van die Voortrekkermonument ingerig moes word met 'n permanente uitstalling om die ANC se vryheidstryd teen die blanke bewind te herdenk.³⁰ Barry Ronge het selfs die opmerking gemaak dat die monument pienk geverf moet word.³¹ Die Voortrekkermonument is 'n klassieke voorbeeld van 'n monument wat deur vorige sowel as huidige politieke regimes vir politieke doeleindes gekaap word. Om die monument as 'n herinnering aan die apartheidera te behou, is nie korrek nie en word die oorspronklike rede vir die oprigting van die monument, naamlik om die geskiedkundige gebeurtenis van die Groot Trek (1834-1854) te herdenk, gerieflikheidshalwe nie in ag geneem nie en word eerder op die politieke konnotasie van die monument gefokus. Hoewel die opkoms van Afrikanernasionalisme direk met die monument verbind kan word, moet die monument gesien word as 'n simbool van sy tyd en in konteks geplaas word met die tydgees van die dertigerjare toe die hoeksteenlegging daarvan plaasgevind het.³² Om as teenvoeter vir die Voortrekkermonument te dien, is besluit om 'n erfenisentrum ter herdenking aan die vryheidstryd teen apartheid op te rig, genaamd Freedom Park, reg oorkant die Voortrekkermonument op Salvokop.³³

Nog 'n goeie voorbeeld van die kaping van monumente en gedenktekens vir huidige politieke motiewe, is die vernietiging van 'n Groot Trek-gedenkplaat wat in 1988 met die 150-jarige herdenking van die Groot Trek by Standerton/Lekwa opgerig is. Hoewel dit nie 'n Voortrekkereufeesgedenkteken is nie en ook nie ouer as sestig jaar is nie, het die vernietiging van die gedenkplaat groot reaksie van die Afrikanerpubliek ontlok. Die gedenkteken het bestaan uit 'n sementblad met wawiel- en osspore en 'n marmer-gedenksteen. Dit is op 12 April 2007 met 'n slootgrawer opgegrawe en in stukke gebreek. Die burgemeester, Queen Radebe-Khumalo, wat opdrag gegee het vir die vernietiging daarvan, het aan die *Beeld* gesê: “Daai stuk ding beteken niks vir ons nie. Dis net 'n stuk

²⁹ A. E. Coombes, Translating the past: apartheid monuments in post-apartheid South Africa, in A. Brah and A.E. Coombes (eds.), *Hybridity and its discontents: Politics, science, culture*, p. 173.

³⁰ E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, p. 88.

³¹ I. Jonker, Hofaansoek oor Ronge se uitlatings oor monument, *Beeld*, 2000-03-04, s.p.

³² A.A. Landman, Die Voortrekkermonument, simbool van sy tyd, *Lantern* 37(4), Oktober 1988, p. 63.

³³ E. Maré, A critique of monuments, *Acta Academica* 36(3), 2004, pp. 88-89.

sement met spore in. Ek weet nie eens waar dit vandaan kom nie”.³⁴ Mnr. Lucas Mello, provinsiale sekretaris van die ANC in Mpumalanga het gesê dat hy die burgemeester se besluit ondersteun en opgemerk: “Dit is een van daai dinge wat gedoen moet word om die verlede reg te stel. Die Groot Trek het lyding na swartmense gebring”.³⁵

Die optrede by Standerton is heeltemal in teenstelling met die beginsels wat vir die bestuur van erfenishulpbronne in die *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999* uiteengesit is. Volgens dié wet het erfenishulpbronne “die vermoë om versoening, begrip en respek te bevorder, en dra by tot die ontwikkeling van ’n verenigde Suid-Afrikaanse identiteit” en moet gewaak word teen die gebruik van erfenishulpbronne vir sektariese doeleindes of politieke gewin.³⁶ In die geval is versoening eerder teengewerk, soos afgelei kan word uit die kommentaar wat aan *Beeld* gestuur is: “In hierdie eerste dekade nadat demokrasie aangebreek het, behoort ’n burgemeester ook versoening te bevorder. Wat Radebe-Kumalo waarskynlik reggekry het, is om haar wit belastingbetalers (waarvan baie voorheen heel moontlik lou tot koud was oor die gedenksteen) kwaad te maak en te vervreem”.³⁷

Die Aksiekomitee Standerton en Afriforum het ’n aansoek by die Pretoriase Hooggeregshof ingedien waarin gevra is dat die Groot Trek-gedenkplaat in ere herstel moet word en dat die burgemeester en haar munisipaliteit vir die herstelkoste moet instaan. Kallie Kriel van Afriforum het ook na die optrede van die burgemeester verwys as kulturele vandalisme en dat dit eerder miskennning, disrespek en polarisasie bevorder.³⁸


³⁴ B. Viljoen, Afrikaner geskiedenis geskend, *Beeld*, 2007-04-13, p. 4.

³⁵ B. Viljoen, Afrikaner geskiedenis geskend, *Beeld*, 2007-04-13, p. 4.

³⁶ Republiek van Suid-Afrika, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999, *Staatskoerant* 406 (19974), 1999-04-28, p. 668.

³⁷ Anoniem, Belediging, *Beeld*, 2007-04-16, p. 12.

³⁸ Geskrewe inligting: K. Kriel, Afriforum, kallie@solidariteit.co.za, 2007-06-06.



Figuur 31: 'n Spotprent wat ná die vernietiging van die Standerton-gedenksteen verskyn het.

Uit: *Beeld*, 2007-04-16, p. 12.

3. Die relevansie van die monumente en gedenktekens

3.1 Die toerismepotensiaal van die monumente en gedenktekens

Volgens Marschall moet nuwe maniere gevind word om erfenisterreine te benut en om hulle finansiëel selfonderhoudend te maak, sodat hulle in 'n post-apartheid Suid-Afrika kan oorleef. In sommige gevalle moet selfs oorweeg word om nuwe betekenis aan ou monumente te koppel, sodat hulle rede vir voortbestaan versterk word en hulle nie net in die vergetelheid verdwyn nie.³⁹ Die *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999* meld dat erfenishulpbronne tot navorsing, opvoeding en toerisme bydra en moet hulle vir hierdie doeleindes ontwikkel word, sodat waardigheid en respek vir kulturele waardes gekweek en verseker word.⁴⁰ Die aangewese oplossing om te verseker dat

³⁹ S. Marschall, Making money with memories: the fusion of heritage, tourism and identity formation in South Africa, *Historia* 50(1), Mei 2005, p. 105.

⁴⁰ Republiek van Suid-Afrika, *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999*, *Staatskoerant* 406 (19974), 1999-04-28, p. 670.

Voortrekkereufeesmonumente en -gedenktekens hulle funksionaliteit en relevansie in 'n post-apartheid Suid-Afrika behou, is om hulle erfenis- en kultuurtoerismepotensiaal te evalueer en waar moontlik te benut. Die destydse besluit van die SVK oor die strategiese plasing van die Voortrekkermonument in Pretoria, kan terugskouenderwys as 'n wyse besluit beskou word en is die Monument naby die hoofpaaie van die O.R. Tambo Lughawe, Johannesburg en Pretoria geleë. Die Voortrekkermonument is een van die mees besoekte punte in Suid-Afrika en ongeveer 150 000 internasionale en nasionale toeriste het die Monument in 2006 besoek.⁴¹ Volgens Marschall het monumente verskillende lae van betekenis en is dit die veelvuldige fasette wat verskillende toeriste lok. Al word die Voortrekkermonument as 'n simbool van die Afrikaner se nasionale ideologiese waardes voorgestel, is dit nogtans 'n argitektoniese baken. "Apart from the iconic recognition value of these structures, it seems that cultural and heritage tourists often favour a holistic, politically balanced, or contextualized representation of the past, which allows them to understand the complex realities that have shaped a country's history and its people".⁴²

Hoewel die veel kleiner Voortrekkereufeesgedenktekens nie naastenby so baie besoekers soos die Voortrekkermonument in Pretoria lok nie, kan die gedenktekens nogtans deel van die dorp/plek se toerismoeroete vorm en is hulle deel van die kulturele besienwaardighede van daardie dorp/plek. Baie van die Voortrekkereufeesgedenktekens word verwaarloos en gevandaliseer en om die voortbestaan van die gedenktekens te probeer verseker, behoort hulle erfenis- en kultuurtoerismepotensiaal ontwikkel te word.

3.2 Die kulturele betekenis van die monumente en gedenktekens

Die Voortrekkereufeesmonumente en -gedenktekens wat opgerig is, het volgens Swart 'n kulturele verruiming en verryking tot gevolg gehad en was dit pragtige en blywende

⁴¹ Persoonlike inligting: C. Kruger, Adjunk-Hoof Uitvoerende Beampte van die Voortrekkermonument, Eufeesweg, Pretoria, 2007-11-21.

⁴² S. Marschall, Making money with memories: the fusion of heritage, tourism and identity formation in South Africa, *Historia* 50(1), Mei 2005, p. 106.

kultuurneerslae van die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefees.⁴³ Volgens die *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999* word die term kulturele betekenis beskryf as: “estetiese, argitektoniese, geskiedkundige, wetenskaplike, maatskaplike geestelike, taalkundige of tegnologiese waarde of betekenis”.⁴⁴ Die Voortrekkereuefeesgedenktekens het ’n inherente kulturele betekenis en waarde, veral vir die Afrikanerkultuurgroep en baie emosies en sentimente word aan die gedenktekens gekoppel. Die vraag is egter of die Voortrekkereuefeesmonumente en -gedenktekens nog in ’n post-apartheid Suid-Afrika relevant is, omdat hulle net vir die Afrikanerkultuurgroep van kulturele belang is en nie vir die oorgrote meerderheid van die bevolking nie. Die kwessie word gereeld gedebatteer en sal waarskynlik nie in die volgende paar dekades opgelos word nie. Thelen skryf: “While monuments continue to be objects of political battles where each side wants to tell its story, they also have become places which give messages that people with many different memories can feel respected and even where people with different values can negotiate and find common ground”.⁴⁵ Die aangewese oplossing is dus dat die verskillende kultuurgroepe in Suid-Afrika ’n gemeenskaplike en wedersydse respek vir mekaar se erfenishulpbronne kweek.

’n Goeie voorbeeld is die Voortrekkermonument in Pretoria wat die toets van tyd deurstaan het en nog steeds een van die mees besoekte monumente in ’n post-apartheid Suid-Afrika is. In 1993 is die Voortrekkermonument van die staat af oorgeneem en is tans onder beheer van die Voortrekkermonument en Natuurreservaat, ’n Artikel 21-niewinsgewende maatskappy wat deur ’n Direksie bestuur word. Een van die redes vir die suksesvolle voortbestaan van die Monument is goeie deelnemende bestuur deur die aanstelling van ’n Hoof Uitvoerende Beampste in die jaar 2000 en ’n toegewyde personeelkorps. ’n Belangrike faktor wat tot die sukses bydra, is die aggressiewe bemarking van die Voortrekkermonument, sodat die Monument nasionaal en internasionaal as ’n unieke toerismebestemming uitgelig word. Nog ’n rede vir die voortbestaan van die Voortrekkermonument in ’n post-apartheid Suid-Afrika en om sy

⁴³ M.J. Swart (red.), *Afrikanerbakens*, p. 15.

⁴⁴ Republiek van Suid-Afrika, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne no. 25 van 1999, *Staatskoerant* 406(19974), 1999-04-28, p. 660.

⁴⁵ D. Thelen, Monuments and memory, *Myths, monuments, museums new premises?* University of the Witwatersrand history workshop, 16-18 July 1992, pp. 1,4.

toekoms in die land te verseker, is om die Monument te depolitiseer en op die geskiedkundige betekenis, kulturele waarde en kunssinnige en argitektoniese kwaliteite daarvan te fokus.⁴⁶ Selfs Coombes maak die stelling dat die Voortrekkermonument betekenis vir alle Suid-Afrikaners inhou.⁴⁷ Die Monument is relevant in 'n post-apartheid Suid-Afrika deurdat dit nie net meer 'n eksklusiewe kulturele betekenis vir net die Afrikanerkultuurgroep inhou nie, maar vir die hele Suid-Afrikaanse bevolking. Die historiese gebeurtenis van die Groot Trek dek 'n belangrike tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, maar kan nie in isolasie gesien word nie. Dit het 'n groot impak op die verskillende inheemse groepe in Suid-Afrika gehad en dit is noodsaaklik om die interaksie, konflik, maar ook samewerking tussen die verskillende groepe uit te lig. Een van die gidse by die Monument, Moses Njangasa, stel dit die beste deur te sê dat die Monument vir almal is: "It gives South Africa hope. Now all South Africans are getting to share in the story of the Great Trek".⁴⁸ Die volgende stappe is deur die bestuur van die Voortrekkermonument gedoen om die Monument meer toeganklik vir alle Suid-Afrikaners te maak: swart toergidse is aangestel en opgelei om toere in die elf amptelike landstale te doen en ses geborduurde panele is in die museum aangebring wat die kulturele bedrywighede van die hoof inheemse groepe aandui waarmee die Voortrekkers in aanraking gekom het. 'n Boekie getitel *Kings and Warriors* is ook deur die Voortrekkermonument se Navorsingspan saamgestel.⁴⁹

Die slotsom is dus dat die universele kulturele belangrikheid van die Voortrekkereufeesmonumente en -gedenktekens beklemtoon moet word en dat hulle as blywende kultuurneerslae van belang is – nie net vir die Afrikanerkultuur nie, maar ook vir die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap.

⁴⁶ Persoonlike inligting: C. Kruger, Adjunk-Hoof Uitvoerende Beampte van die Voortrekkermonument, Eeufesweg, Pretoria, 2007-11-21; S. Russouw, Afrikaner oppression or symbol of hope for future, *Pretoria News*, 2005-10-10, p. 5.

⁴⁷ A. E. Coombes, Translating the past: apartheid monuments in post-apartheid South Africa, in A. Brah and A.E. Coombes (eds.), *Hybridity and its discontents: Politics, science, culture*, p. 175.

⁴⁸ S. Russouw, Afrikaner oppression or symbol of hope for future, *Pretoria News*, 2005-10-10, p. 5.

⁴⁹ Persoonlike inligting: C. Kruger, Adjunk-Hoof Uitvoerende Beampte van die Voortrekkermonument, Eeufesweg, Pretoria, 2007-11-21; S. Russouw, Afrikaner oppression or symbol of hope for future, *Pretoria News*, 2005-10-10, p. 5.

SLOT

Na aanleiding van die definisies vir die terme ‘monument’ en ‘gedenkteken’ is vasgestel dat monumente en gedenktekens hoofsaaklik opgerig word om ’n persoon of ’n gebeurtenis te herdenk. Die monumente en gedenktekens wat in 1938 opgerig is, het ’n tweeledige doel gehad en is enersyds opgerig om persone of gebeure direk gekoppel aan die Groot Trek te herdenk en andersyds om die gebeurtenis van die Simboliese Ossewatrek en die Voortrekkereuefeesvieringe te herdenk. Dit is duidelik dat die Simboliese Ossewatrek ’n unieke gebeurtenis in Suid-Afrika, en ook in die wêreld was, en dat slegs op ’n paar punte ’n vergelyking getref kon word met die *National Old Trails Road*-projek wat in die Verenigde State van Amerika plaasgevind het. Die opkoms van Afrikanernasionalisme en die ontwikkeling van ’n eie Afrikaneridentiteit is deur die Simboliese Ossewatrek en die Voortrekkereuefeesvieringe gestimuleer en die oprigting van monumente en gedenktekens gedurende die feesvieringe het bygedra daartoe om die Afrikanerkultuur uit te bou. Die hoofdoel van die studie was om ’n databasis saam te stel waarin die monumente en gedenktekens sover moontlik nagevors en gedokumenteer is, sodat daar ten minste ’n papiergebaseerde rekord bestaan indien die monumente en gedenktekens in die toekoms verwaarloos of vernietig sou word. Met die interpretasie van die databasis is vasgestel dat meer as vierhonderd monumente en gedenktekens tydens die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefeesvieringe in 1938 opgerig is. Die interpreterende hoofstuk het gefokus op die ontwerp, vorm, simboliek en betekenis van die verskillende strukture wat opgerig is en is toegelig met spesifieke voorbeelde uit die databasis. Ten slotte is die voortbestaan van die monumente en gedenktekens in ’n post-apartheid Suid-Afrika bespreek. Al is baie van die monumente en gedenktekens nie esteties of argitektonies bevredigend nie, is hulle kultuurbakens en vorm hulle deel van die kollektiewe geheue van die Afrikanerkultuurgroep. Tog het die monumente en gedenktekens toerismepotensiaal en moet hulle universele betekenis vir alle Suid-Afrikaners uitgelig word. Die belangrikste feit is egter dat dié monumente en gedenktekens deur die *Wet op Nasionale Erfenishulpbronne Wet no. 25 van 1999* beskerm word en dat dit elke Suid-Afrikaner se regmatige plig is om die erfenis vir toekomstige geslagte te bewaar.

BRONNE

I ARGIVALE BRONNE

Argief vir Eietydse Aangeleenthede (INEG), Bloemfontein

Privaatversameling van Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging, PV 379.

Lêer A 19/2 Monumente Algemeen, 1949-1966.

Lêer A 19/2 (a) Trekbakens: Simboliese Ossewatrek 1938, Okt. 1967 - Maart 1968.

ATKV Hartenbosmuseum, Hartenbos

Argief van die Simboliese Ossewatrek.

Lêer ongenommer: Besonderhede van feeste op verskillende dorpe.

Nasionale Film-, Video- en Klankargief, Pretoria

Rolprent: *'n Nasie hou koers.*

II TYDSKRIF- EN KOERANTARTIKELS

ANONIEM, Belediging. *Beeld*, 2007-04-16.

BESSELAAR G., Herinneringe uit die kinderjare van die Saamwerk-Unie. *Die Saamwerk Eeufees-gedenkuitgawe*, Desember 1938.

BOSHOFF, G., Nuus brokkies uit die gemeentes. *Die Voorligter*, Desember 1938.

BOTHA, M.C., Monumente en nasionalisme. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 2(2), Julie 1985.

DU PLOOY, S., Gedenkteken by Standerton. *Die Volksblad*, 1947-07-16.

ERFENISSTIGTING NAVORSINGSENTRUM, Koerantknipselplakboeke 1-12.
Pretoria, 1938.

FERREIRA, O.J.O., Die Bloedriviermonument: simbool van vryheidsin. *Die Taalgenoot* 41(2), Januarie 1972.

JONKER, I., Hofaansoek oor Ronge se uitlatings oor monument. *Beeld*, 2000-03-04.

KAPP, P.H., Die betekenis van die Eeufees op kultuurgebied. *Die Taalgenoot*, Julie 1968.

KHAN, F., Hidden heritage: Our past, our future, *Myths, monuments, museums new premises?* University of the Witwatersrand history workshop, 16-18 July 1992.

- KRUGER, E., Irene Post Office declared a national treasure. *Rekord*, 2001-02-16.
- LANDMAN, A.A., Die Voortrekkermonument, simbool van sy tyd. *Lantern* 37(4), Oktober 1988.
- MARÉ, E., A critique of monuments. *Acta Academica* 36(3), 2004.
- MARSCHALL, S., Forging national identity: institutionalizing foundation myths through monuments. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 19(1), Junie 2005.
- MARSCHALL, S., Making money with memories: the fusion of heritage, tourism and identity formation in South Africa. *Historia* 50(1), Mei 2005.
- RUSSOUW, S., Afrikaner oppression or symbol of hope for future. *Pretoria News*, 2005-10-10.
- THELEN, D., Monuments and memory, *Myths, monuments, museums new premises?* University of the Witwatersrand history workshop, 16-18 July 1992.
- UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, U.P. en die Eeufeesjaar. *Universiteitsnuus* 2(1), Januarie 1939.
- VAN EEDEN, J., 'n Private skool met karakter: Helpmekaar Kollege. *Rapport Gauteng Skole*, 2005-02-20.
- VAN JAARVELD, F.A., 'n Afrikanerperspektief op die Groot Trek: Simbool en ritueel. *Historia* 33(2), November 1988.
- VAN RENSBURG, A.P.J., Die Simboliese Ossewatrek van 1938. *Historia* 17(1), Maart 1972.
- VAN TONDER, J.J., Gedenktekens op die pad van die Simboliese Ossewatrek. *Die Taalgenoot*, Augustus 1969 – September 1974.
- VILJOEN, B., Afrikanergeskiedenis geskend. *Beeld*, 2007-04-13.

III LITERATUUR

- BEHEERRAAD VAN DIE VOORTREKKERMONUMENT, *Die Voortrekkermonument: Amptelike gids*. Pretoria, 1972.
- BERGH, J.S. (red.), *Geskiedenisatlas van Suid-Afrika: die vier noordelike provinsies*. Pretoria, 1998.
- BERGH, J.S. (red.), *Herdenkingsjaar 1988: Portugese, Hugenote en Voortrekkers*. Pretoria, 1988.

- BOSMAN, D.B. *et al.* (reds.), *Tweetalige woordeboek Afrikaans-Engels*. Kaapstad, 1964.
- BRAH, A. and A.E. COOMBES (eds.), *Hybridity and its discontents: politics, science, culture*. London, 2000.
- BREYTENBACH, J.H., *Die geskiedenis van die Krugerstandbeeld*. Pretoria, 1954.
- BROGAN, H., *The Penguin history of the United States of America*. New York, 1990.
- BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA, *Die Bybel: Ou Testament*. Kaapstad, 1992.
- CACHET, F.L., *De worstelstrijd der Transvalers aan het volk van Nederland verhaald*. s.l.s.a.
- DE WITTE, T., *Langs die pad van Suid-Afrika*. Pretoria, 1939.
- DU TOIT, A.G. en L. STEENKAMP, *Bloedrivierse Eeufees-Gedenkboek*. Pietermaritzburg, s.a.
- DUVENAGE, G.D.J., *Die Gedenktrek van 1938*. Pretoria, 1988.
- FERREIRA O.J.O., *'n Volk se hulde*. Johannesburg, 1975.
- GROBLER, J., *Ontdek die Voortrekkermonument*. Pretoria, 2001.
- GRUNDLINGH, A. and H. SAPIRE, *From feverish festival to repetitive ritual? The changing fortunes of Great Trek mythology in an industrialising South Africa, 1938-1988*. s.l., 1989.
- HESLINGA, H.S., *Gedenkboek by geleentheid van die vyftigjarige bestaan van die Langenhoven-Juniorhoërskool*. Pretoria, 1945.
- JOHANNESBURG SENTRALE VOLKSFEESTEKOMITEE, *Gedenkboek: Voortrekkereeufees 1838-1938*. Johannesburg, 1938.
- KALJEE, R., *Hartenbos bakens*. Oudtshoorn, 1993.
- KRUGER, C., *Ohrigstad: Kamee van 'n Kontrei*. Pretoria, 1995.
- MESSINA, E. A., *Die Voortrekkereeufees 1938*. M.A.-verhandeling, Universiteit van Wes-Kaapland, 1981.
- MOSTERT, D., *Gedenkboek van die ossewaens op die pad van Suid-Afrika, Eeufees: 1938-1939*[8]. Kaapstad, 1940.
- MULLER, C.F.J. (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*. Pretoria, 1987.

- NIENABER, P.J. en C.J.P. LE ROUX, *Monumente en gedenktekens van die Oranje-Vrystaat*. Pretoria, 1983.
- PILLMAN, N., *Laurika Postma – 'n Biografie*. Pretoria, 1984.
- PRETORIUS, E., Navorsingstuk vir die Voortrekkermonument: *Klipstapel "Op die Pad van Suid-Afrika"*. Pretoria, 2001.
- ODENDAAL, F.F. *et al.* (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*. Midrand, 1994.
- RAUTENBACH, C.H. (red.), *Ad Destinatum: Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria (1910-1960)*. Johannesburg, 1960.
- REBUBLIEK VAN SUID-AFRIKA, Wet op Nasionale Erfenishulpbronne Wet no. 25 van 1999, *Staatskoerant* 406(19974), 1999-04-28.
- SCHOONEES, P.C. *et al.* (reds.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal III*. Pretoria, 1957.
- SCOLARI, P., *Indian warriors and pioneer mothers: American identity and the closing of the frontier in public monuments, 1890-1930*. D. Phil. Dissertation, University of Pittsburgh, 2005.
- SWART, M.J. (red.), *Afrikanerbakens*. Goodwood, 1989.
- SWART, M.J., *Die Karel Landman Voortrekkermonument 1938-1988*. Port Elizabeth, 1988.
- THOMPSON, D. (ed.), *The concise Oxford dictionary*. Oxford, 1995.
- TRUTER, P.J., *Die Gemeentegesiedenis Ned. Geref. Kerk Boksburg-Noord 1936-1986*. s.l., 1986.
- VAN DER COLF, A.P., *Hier staan ons... Geloftefeesbundel*. Pretoria, s.a.
- VAN RENSBURG, A.P.J., *Monumentaal die bouwerke*. s.l., 1980.
- VAN SCHALKWYK, D.J. *et al.* (reds.), *Woordeboek van die Afrikaanse taal X*. Stellenbosch, 1996.
- VAN TONDER, J.J., *Fotobeeld van 300 monumente, standbeelde en gedenktekens langs die pad van Suid-Afrika*. Krugersdorp, 1977.
- VAN TONDER, J.J., *Veertien gedenktekens van Suid-Afrika*. Kaapstad, 1961.
- VAN TONDER, J.J., *Verhale en foto's van veertig Boommonumente in Suid-Afrika*. Krugersdorp, 1973.

WHITE, J.T., *A complete Latin-English and English-Latin dictionary*. London, 1905.
WITZ, L., *Apartheid's festival: Contesting South Africa's national pasts*. Indianapolis, 2003.

IV ELEKTRONIESE INLIGTINGSBRONNE

DAVIE, L., 'Historic monuments get some pampering',
http://www.joburg.org.za/2006/july/jul/17_restoration.stm, 2006-07-22.
FARLEX, 'Memorial', <http://encyclopedia.thefreedictionary.com/memorial>, 2006-10-16.
HATTEMER, H., 'The Vietnam Veterans Memorial',
<http://www.georgetownwebdesign.com/ed/vietnam1.html>, 2007-10-09
SAVAGE, K., 'History, memory and monuments: An overview of the scholarly literature on commemoration', <http://www.cr.nps.gov/history/resedu/savage/htm>, 2006-11-30.
U.S. ROUTE 40, "Madonna of the Trail",
<http://www.route40.net/history/madonnas/introduction/shtml>, 2007-04-03.
WIKIPEDIA, "Madonna of the Trail",
http://en.wikipedia.org/wiki/Madonna_of_the_Trail, 2006-11-29.
WIKIPEDIA, 'Monument', <http://en.wikipedia.org/wiki/Monuments>, 2006-10-16.

V PERSOONLIKE EN GESKREWE MEDEDELINGS

BEÏL, E., Scheepersstraat, Reddersburg, 2005-05-27.
BOTES, J.J., Voorsitter van die Helledagkomitee, Strangstraat 34, Kroonstad, 1941-06-18.
DE VOS, C.J., Posbus 1965, Harrismith, 2007-10-25.
FERREIRA, D., dries010@telkomsa.net, 2006-08-31.
FOCHVILLE TLC, faksnr. (018) 771-6278, 2001-06-22.
GERMISHUYS, mnr. E., Argitek, Pretoria, 1995-03-20.
HAY, C.J., pss@progen.co.za, 2006-10-26.
ITZKIN, E., Assistent-Direkteur van Johannesburg se Onbeweegbare Erfenis, Posbus 517, Newtown, 2007-09-05.
JACOBS, L., lodis.jacobs@kumbaresources.com, Junie 2006.

- KATHS, mnr. W.J.H., Skoolhoof van die Hoërskool Langenhoven, Paul Krugerstraat, Pretoria, 2005-11-01.
- KRIEL, K., Afriforum, kallie@solidariteit.co.za, 2007-06-06.
- KRUGER, C., Adjunk-Hoof Uitvoerende Beampte van die Voortrekkermonument, Eeufeesweg, Pretoria, 2007-11-21.
- MAFUNE, I., Johannesburg Kuns, Kultuur en Erfenis Dienste, Posbus 517, Newtown, 2007-10-09.
- MAGUIRE J.M., *Fraserburg: The Voortrekker monument in commemoration of the Eeufees symbolic ossewatrek of 1938*, s.l., s.a.
- MCGREGOR MUSEUM, Opvoedkundige afdeling, Posbus 316, Kimberley, 2007.
- PRETORIUS, E., Navorsing, Voortrekkermonument, navorsing@voortrekkermon.org.za, 2005-07-27.
- PRINSLOO, M.G., Primêre Skool Senekal, Senekal, 2005-04-04.
- SMIT, S., Beaufort-Wes Museumbestuurder, bwesmuseum@telkomsa.net, 2006-01-19.
- VAN DER MERWE, mnr. J.H., Skoolhoof van die Langenhovenskool, Pretoriusstraat, Pretoria, 1938-12-9.
- VAN WYK, A.J., Posbus 23, Kleinsee, 2006-10-02.
- VAN WYK, A.J., Posbus 23, Kleinsee 2006-10-16.
- VAN WYK, A.J., Posbus 23 Kleinsee, 2006-10-20.
- VOORENDYK, J., Johannesburg, Maart 2003.

VI DIVERSE

Besoeke

- HEUNIS, V.R., Besoek: Donkinstraat, Beaufort-Wes, Magrieta Prinsloo-waspore in sement, 2006-01-09.
- HEUNIS, V.R., Besoek: Plaas Vechtkop, Bloedrivier Erfenisterrein, Dundee, Piramiedvormige klipstapel, 2006-08-01.
- HEUNIS, V.R., Besoek: Plaas Vechtkop, Bloedrivier Erfenisterrein, Dundee, Bloedriviermonument, 2006-08-01.
- HEUNIS, V.R., Besoek: Voortrekker- en Kerkstraat, Brandfort, Eeufeesgedenkmontument, 2005-05-29.

BYLAAG I: Databasis van monumente en gedenktekens opgerig tydens die Simboliese Ossewatrek en Voortrekkereuefeesviering in 1938

Dorp/Plek-naam	Trekroete en datum	Tipe struktuur	Ligging	Datum van oprigting/onthulling	Opgerig /ontwerp/ onthul deur	Beskrywing, materiaal, vorm en addisionele inligting	Bewoording	Foto/Illustrasie bron
Adendorp	Trekroete onbekend, 1938/09/16	Toegesamelde klipstapel en gedenksteen				'n Ronde silindervormige klipstapel. Daarnaas is 'n gedenksteen met al die name van die trekgeselskap daarop gegraveer. ¹	<i>Ossewatrek 1938 Adendorp Hoofleier HJ Klopper.</i> ²	1) A.J. van Wyk, 1966.
Alexandria, KaapProvinsie	Onafhanklike Eeufeesviering, 1938/12/16	Hoeksteen van die Karel Landman-monument	Die plaas <i>De Kolrant</i> , Olifantshoek. ³	<u>Hoeksteenlegging:</u> 1938/12/16 <u>Onthul op:</u> 1939/12/16 ⁴	<u>Hoeksteen gelê deur:</u> Mev. C.J. Scheepers, die dogter van Christiaan Landman (jongste broer van Karel Landman). <u>Ontwerp deur:</u> Gerard Moerdijk. <u>Opgerig deur:</u> Gebrs. Lupini, Johannesburg en het £470 (R940). <u>Onthul deur:</u> Ds. W.A. Landman ('n bloedverwant van Karel Landman). ⁵	Die monument bestaan hoofsaaklik uit 'n hol aardbol van beton met 'n deursnee van ongeveer 5 m, met 'n span osse en 'n ossewa wat oor Suidelike Afrika beweeg en is "...simbolies van die feit dat die binneland van Suider-Afrika deur die Trekker met sy wa oopgestel is". ⁶	<i>Karel Landman Trekkergedenksteen Hierdie steen is gelê deur mev. Die wed. J.C. Scheepers geb. Landman op 16 Desember 1938 "Die nagedagtenis van die regverdige is seën" Spreuke 10:7.</i> ⁷	2) M.J. Swart, p. 67.
Alberton	Transvaalse Hoof trek,	Kerkgebou	By die N.G. Kerk. ⁸	<u>Kerk ingewy op:</u>	<u>Hernoem deur:</u> Ds. W.C.O. du			

	1938/12/06			1938/12/06 ⁹	Toit. ¹⁰			
Alberton	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/06	Waspore in sement	By die N.G. Kerk. ¹¹					
Aliwal-Noord	Oos-Kaaplandse Hoof trek, 1938/10/13	Gedenkplaat	By die De Wet-monument. ¹²		<u>Onthul deur:</u> Mnr. Klopper. ¹³			
Aliwal-Noord	Vrystaatse Hoof trek, 1938/10/14	Toegemeselde klipstapel met gedenkplaat	Ongeveer 7-8 km ver langs die Rouxville-Aliwal-Noord-pad op die plaas <i>Strangers Rest</i> by <i>The Willows</i> . Dit is op die plek waar Aliwal-Noord die Piet Retief-wa van die Kaapkolonie aan Rouxville en die Vrystaat oorhandig het. ¹⁴	<u>Onthul op:</u> 1938/10/14 ¹⁵	<u>Onthul deur:</u> Mnr. Henning Klopper en mev. Fouché en die 88-jarige tante Siena Fouché. ¹⁶	Die Gedenkteken bestaan uit groterige rowwe ysterklippe wat gestapel is. In 1965 is besluit om 'n betonvoetstuk om die klippe te plaas, want veldmuise het die gedenkteken van onder af begin uitkalwe. ¹⁷	<u>Marmersteen:</u> <i>Ebenhaezer ATKV 1938</i> <u>Koperplaat:</u> <i>1838 Voortrekker Eeufees 1938 Ossewa-trek Opgerig deur G.D. Joubert en T.C. Botha en familie Onthul deur Tante Sina Fouche 88-jare en wa kommandant H. Klopper 14 Oktober 1938.</i> ¹⁸	3) D. Mostert, p. 423.
Aliwal-Noord	Oos-Kaaplandse Hoof trek, 1938/10/13	Gedenksteen met gedenkplaat	By Voortrekkersdrif, waar die Voortrekkers in 1836 deur die rivier getrek het. ¹⁹	<u>Onthul op:</u> 1938/10/13 ²⁰	<u>Onthul deur:</u> Adv. E.G. Jansen. ²¹			4) D. Mostert, p. 349.
Amalia	Noordweste-trek, 1938/11/18	Gedenkgrafsteen	By die Kerkhof. ²²	<u>Onthul op:</u> 1938/11/18 ²³	<u>Onthul deur:</u> Mev. Lückhoff. ²⁴	In die vorm van 'n vrouebeeld van Anna Susanna Sonnekus wat tydens die Anglo-Boere-		

						oorlog noodlottig in die rug gewond is. Sy was op haar ouers se plaas, <i>Klipkuil</i> , begrawe maar is in 1937 in die Kerkhof op Amalia herbegrawe. ²⁵		
Amalia	Noordwestetrek, 1938/11/18	Waspore van die Johanna van der Merwe-wa in sement	By die Johanna van der Merwe-park. ²⁶	<u>Waspore gelê op:</u> 1938/11/18 ²⁷				
Amalia	Noordwestetrek, 1938/11/18	Klipstapel in gedenkteken opgeneem	By die Johanna van der Merwe-park. ²⁸	<u>Klipstapel opgerig:</u> 1938/11/18 ²⁹		Van die feesgangers se name verskyn op die stene en klippe wat in die gedenkteken opgeneem is. ³⁰		
Amsterdam	Sarel Cilliers-trek, 1938/11/17	Waspore van die Louis Trichardt-wa in sement ³¹	Buite die dorp naby die ingang. ³²	<u>Waspore gelê op:</u> 1938/11/17 ³³				
Amsterdam	Sarel Cilliers-trek, 1938/11/17	Gedenkkis				Ongeveer 400 skoolkinders het elkeen 'n boodskap in 'n betonversterkte kisse geplaas wat in 2038 deur die skoolkinders van daardie tyd oopgemaak moet word. ³⁴		
Bainsvlei	Vrystaters se trek, datum onbekend	Waspore van die Andries Pretorius-wa in sement ³⁵	By die N.G. Kerk. ³⁶					
Balfour	Onafhanklike Eefeisviering, 1938/12/14-16	Gedenkteken en klipstapel		<u>Onthul:</u> 1938/12/16 ³⁷				

Barberton	Louis Trichardt-trek, 1938/11/24	Gedenkteken ³⁸						
Barkly-Wes	Hoeko-trek, 1938/11/10	Toegemesselde klipstapel	By die N.G. Kerkerrein. ³⁹					
Barkly-Wes	Hoeko-trek, 1938/11/10	Gedenkmument	Die destydse Feesterrein. ⁴⁰	<u>Onthul op:</u> 1938/11/10 ⁴¹	<u>Onthul deur:</u> Eerw. Visagie. ⁴²			
Beaufort-Wes	Fakkelloop, 1938/12/05	Toegemesselde klipstapel en gedenkplaat	Op die plaas <i>Kraanvoëlkuil</i> . ⁴³	<u>Klipstapel opgerig:</u> 1938/12/05 ⁴⁴	<u>Klipstapel opgerig deur:</u> Ongeveer 600 persone – hoofsaaklik van die Voortrekkerbeweging. ⁴⁵ <u>Gebou deur:</u> Mnr. J.C. Quinton. ⁴⁶	Klippe is toegemessel in 'n silindervormige klipstapel met een regopstaande klip bo-op. Die gedenkplaat op die monument vertoon die Voortrekkerbeweging se kenteken. ⁴⁷		5) Beaufort-Wes Museum, PC 721.
Beaufort-Wes	Hoeko-trek, 1938/10/08-09	Waspore van die Magrieta Prinsloo-wa in sement	Was in die Voortrekkerpark bewaar. ⁴⁸ Is tans voor die N.G. Sendingkerk op Beaufort-Wes naby die museum in Donkinstraat. ⁴⁹	<u>Waspore gelê:</u> 1938/10/08 ⁵⁰		Die volgende persone het hulle name in die sement geskryf: Mnr. Attie Louw (Wa-kommandant) en sy vrou; Gert Theron; S.J. Scheepers; Izak Verster (Burgemeester); adv. Eric Louw (L.V.); prof. Gawie de Villiers en mev. Engela Brummer. ⁵¹		6) J.J. van Tonder, p. 112.
Bedford	Grensboerse trek, 1938/09/30	Waspore van die Louis Trichardt-wa in sement	By die Louis Trichardt-plein voor die N.G. Kerk. ⁵²	<u>Waspore gelê:</u> 1938/09/30 ⁵³	<u>Wa oor sementblad geleidelik deur:</u> Mnr. Pieter Maré. ⁵⁴			7) J.J. van Tonder, p. 110.
Belfast	Sarel Cilliers-trek, 1938/11/29	Waspore van die Sarel	By die kerkplein. ⁵⁵	<u>Waspore gelê:</u> 1938/11/29 ⁵⁶				

		Cilliers-wa in sement						
Bethal	Sarel Cilliers, 1938/11/21	Gedenkmonument ⁵⁷	By die feesterrein op <i>Diepspruit</i> . ⁵⁸	<u>Onthul op:</u> 1938/12/15 ⁵⁹	<u>Onthul deur:</u> Mev. D. Bezuidenhout. ⁶⁰			
Bethlehem	Natal-trek, 1938/11/05	Gedenkteken	Teen Hospitaal-heuwel in Gedenkstraat aan die oostekant van die dorp. ⁶¹			'n Voortrekkerwa en die woorde <i>Ossewatrek 1838-1938</i> is met wit klippe teen die heuwel uitgepak. ⁶²		8) P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, p. 1.
Bethulie	Vrystaatse Hoof trek, 1938/10/13	Klipstapel in gedenkmonument opgeneem	<u>Klipstapel:</u> Aan die bo-punt van Kerkstraat gestapel. ⁶³ <u>Gedenkmonument:</u> Ongeveer 50m noord van die Pellissierhuis-museum in Kerkstraat opgerig. ⁶⁴	<u>Klipstapel opgerig:</u> 1938/10/13 <u>Gedenkmonument onthul:</u> 1940/10/26 ⁶⁵	<u>Bron</u> <u>ossewaentjie en osse gegiet deur:</u> Mnr. H.J.J. Myburgh. ⁶⁶ <u>Gedenkmonument onthul:</u> Deur mnr. H.J.J. Myburgh wat die brons ossewaentjie gemaak het. ⁶⁷	Die reghoekige monument bestaan uit sandsteenblokke. Dit blyk dat klippe aan die voorkant rondom die gedenkplaat ingemessel is. Bo-op die monument is 'n brons model van 'n ossewa met twee osse gemonteer wat uit gesmelte koeëldoppe gegiet is. ⁶⁸		9) M.J. Swart, p. 268.
Bethulie	Vrystaatse Hoof trek, 1938/10/13	Waspore van die Louis Trichardt-wa in sement	Aan die bo-punt van Kerkstraat. ⁶⁹					
Bloedrivier, Dundee	Natal-trek, 1938/12/13-16	Hoeksteen van die Bloedrivier-monument	Op die pad tussen Dundee en Vryheid is 'n afdraaipad na De Jagersdrif en Vryheid; 23 km	<u>Hoeksteen gelê:</u> 1938/12/16 ⁷² <u>Ingewy:</u> 1947/12/16 ⁷³	<u>Hoeksteen gelê deur:</u> Ds. Paul Nel (oud-moderator). ⁷⁴ <u>Ingewy deur:</u> Mev. Annie	Onder die hoeksteen is 'n koperbuis met 'n afdruk van die Gelofte en 'n plan en spesifikasies van die monument geplaas. ⁷⁸ Die monument is ontwerp as 'n kakebeenwa wat op 'n voetstuk	<i>Gelê deur eerw. Ds. Paul Nel – Nie aan ons o Heer (Ps. 115:1).</i> ⁸¹	10) <u>Hoeksteen:</u> E. Judson, 2007-10-13. 11) <u>Monument:</u> E. Judson,

			<p>verder is die Bloedrivier Erfenis-terrein.⁷⁰</p> <p>Die monument was bo-oor die 1866-klipstapel gebou in die middel van die Bloedrivier-slagveld, maar is in 1971 na die ingang van die terrein verskuif en staan tans voor die museum-kompleks.⁷¹</p>		<p>Ebersohn, dogter van J.W. de Jager (Voor-trekker en eerste eienaar van die plaas) en mnr. L.J. Spies (enigste lid van die 1928-Herdenkingskomitee).⁷⁵</p> <p><u>Beeldhouer:</u> Coert Steynberg.⁷⁶</p> <p><u>Konstruksie-maatskappy:</u> Firma P. Ley en Kie. van Pretoria, opgerig teen 'n bedrag van £5 825 (R11 650).⁷⁷</p>	<p>van trappies gebou is. Die monument is simbolies van die wa as woning, vesting en kerk.⁷⁹ Die liggrys granietstene van die monument is afkomstig van Craighall. Die betonklippe is van die Goosen-familie se plaas naby Waschbank.⁸⁰</p>	2007-10-13.	
Bloedrivier, Dundee	Natal-trek, 1938/12/13-16	Toegemes-selde kipstapel	<p><u>Klipstapel opgerig op:</u> Die plaas <i>Vechtkop</i>, Dundee, voor die destydse Feeshuis.⁸² Op die pad tussen Dundee en Vryheid is 'n afdraaipad na De Jagersdrif en Vryheid; 23 km verder is die Bloedrivier</p>	<p><u>Klipstapel opgerig:</u> 1938/12/13 <u>Sementlaag gekry:</u> 1938/12/15⁸⁵</p>	<p><u>Klipstapel gelê deur:</u> Die feesgangers wat die verrigtinge bygewoon het.⁸⁶</p>	<p>Is piramiedvormig. Enkele klippe wat deur die feesgangers gelê is, dra nog inskripsies met hulle name en die datum.⁸⁷</p>	<p><i>Gelofte-Hernuwingsbaken Bloedrivier Eeufees 16 Desember 1938.</i>⁸⁸</p>	12) M.J. Swart, p. 239.

			Erfenis- terrein. ⁸³ <u>Toegemessel-</u> <u>de klipstapel</u> <u>tans geleë:</u> Buite die bronswalaer naby die karavaan- park. ⁸⁴					
Bloemfontein	Vrystaters se trek, 1938/10/21-24	Gedenkteken	Regoor die Grey Kollege skool. ⁸⁹		<u>Onthul deur:</u> Dr. Kestell. <u>Opgerig deur:</u> A.T.K.V.-tak Bloemfontein. ⁹⁰	'n Groot granietblok. ⁹¹		13) Koerantknipselplakboek 4, p. 553.
Bloemfontein	Onafhanklike Eeufeesviering, Datum onbekend	Standbeeld	By die Meisieskool Oranje. ⁹²	<u>Gedagte ontstaan:</u> 1938 ⁹³ <u>Onthul op:</u> 1940/10/19 ⁹⁴	<u>Beeldhouer:</u> Mej. Laurika Postma. ⁹⁵ <u>Gegiet deur:</u> Mnr. R. Vignali. ⁹⁶ <u>Onthul deur:</u> Mev. (pres.) Tibbie Steyn. ⁹⁷	Die standbeeld van 'n Voortrekkermeisie is in brons gegiet met 'n voetstuk van ysterklip. ⁹⁸ Die vrouestandbeeld versinnebeeld die Meisieskool se leuse: <i>Vooruit</i> . Sy beur vasberade en blymoedig vorentoe en trotseer 'n sterk wind. Haar gesigsuitdrukking spreek van karaktervastheid en kalme geloofsvertroue. ⁹⁹	<i>Eeufees 1938 „Vooruit” Onthul 19-10-'40 deur Mev. Pres. M.T. Steyn.</i> ¹⁰⁰	14) N. Pillman, s.p.
Bloemfontein	Vrystaatse Hoof trek, 1938/10/21-24	Klipstapel	By die Onderwyskollege. ¹⁰¹					
Bloemfontein	Vrystaters se trek, 1938/10/07-09	Gedenkplaat	By die plaas <i>Onze Rust</i> van oud-president M.T. Steyn van die Oranje-	<u>Gedenkplaat oorhandig:</u> 1938/10/06 ¹⁰³	<u>Oorhandig aan:</u> Mev. (pres.) Tibbie Steyn. ¹⁰⁴	Silwer gedenkplaat wat teen die Boom van Sameswering aangebring sou word. ¹⁰⁵		

			Vrystaat. ¹⁰²					
Bloemfontein	Vrystaters se trek, 1938/10/07-09	Waspore van die Andries Pretorius-wa in sement en gedenksteen	By die Vrouemonument in Monumentweg. ¹⁰⁶		<u>Gedenksteen opgerig:</u> Mnr. D.J. Fourie en vyftien seuns van die Pioniersbataljon. ¹⁰⁷	Die osspore van die die twee agterosse, Kortman en Wiegman, is ook in die sement afgedruk. ¹⁰⁸		15) J.J. van Tonder, p. 112.
Bloemhof	Trekroete onbekend, 1938/11/17	Klipstapel en waspore in sement	By die Kerk. ¹⁰⁹					
Bloukrans	Natal-trek, 1938/12/03	Gedenksteen	By die Bloukransmonument, op die graf van Gerrit Maritz. ¹¹⁰		<u>Onthul deur:</u> Mnr. A.J. Kachelhoffer en mnr. T. C Maritz. ¹¹¹			
Blumfelde (SWA)	Suid-Wes Eeufeesvieringe, 1938/12/16	Gedenkteken				'n Komitee het na afloop van die feesvieringe begin om fondse vir 'n beoogde gedenkteken in te samel wat voor Desember 1939 opgerig sou word. ¹¹²		
Boegoeberg	Noordwestetrek, 1938/10/24	Waspore van die Johanna van der Merwe-wa in sement	<i>Wegdraai</i> , by die Skoolterrein. ¹¹³					
Boegoeberg	Noordwestetrek, 1938/10/24	Klipstapel	<i>Wegdraai</i> , by die destydse Feesterrein. ¹¹⁴					
Boegoeberg	Noordwestetrek, 1938/10/24	Waspore van die Johanna van der Merwe-	By <i>Kalkwerf</i> . ¹¹⁵					

		wa in sement en klipstapel						
Boegoeberg	Noordwestetrek, 1938/10/24	Johanna van der Merwe-monument	By <i>Kalkwerf</i> . ¹¹⁶		<u>Onthul deur:</u> Die Wa-kommandant. ¹¹⁷	'n Sementmonument. Die beplanning was om op 1938/12/16 geskiedkundige aantekeninge van die afgelope jaar daarin te plaas. Die gedenkuitgawe van <i>Die Huisgenoot</i> sou die fondament van die versameling vir die volgende eeu vorm. ¹¹⁸		
Boesmansrivier	Onafhanklike Eeufeesviering, datum onbekend	Toegeselselde klipstapel in gedenkmonument opgeneem				In die vorm van 'n reghoekige langwerpige klipstapel met 'n illustrasie van 'n ossewa in sement voorop aangebring. ¹¹⁹	<i>Gedenkteken aan Voortrekker Eeufees 1838-1938 Opgerig met klippe verskaf deur inwoners en besoekers aan die Boesmansriviermond 30.0?.1938.</i> ¹²⁰	16) D. Schellingerhout, 2006-10-23.
Bonnievale	Kaaplandse Hoof trek, 1938/08/18	Gedenkteken	Teen die bult by die ingang van die dorp. ¹²¹			Die datum 1838-1938 is met wit klippe teen die heuwel uitgepak. Dit is beoog dat die Kerk die grond later sou aankoop om onder die datum ook 'n voortrekkerwa met 'n span osse met wit klippe uit te pak. ¹²²		
Boomplaats	Vrystaters se trek, 1938/10/03	Gedenkmonument sou opgerig word				'n Gedenkmonument van Suid-Afrikaanse graniet sou op die historiese plek opgerig word en die name van die burgers wat aan die slag van Boomplaats deelgeneem het, sou op die monument		

						gegraveer word. ¹²³		
Boshof	Vrystaters se trek, 1938/10/15-16	Waspore van die Vrou-en-Moeder-wa in sement	By die Stadsaal. ¹²⁴					
Boshof	Vrystaters se trek, 1938/10/15-16	Klipstapel in gedenkmument opgeneem		<u>Klipstapel</u> <u>opgerig:</u> 1938/10/15 ¹²⁵		Die gedenkmument is spitsvormig en ongeveer 7 voet hoog met 'n grondoppervlakte omtrek van ongeveer 21 vierkante voet. Bo-op die gedenkteken is 'n wawiel met 'n fakkel daarop gemonteer. ¹²⁶	<i>Voortrekker Eeufees 1838-1938 Ter ere van die besoek van die Ossewaens aan Boshof op 15-16 Oktober 1938.</i> ¹²⁷	
Brandfort	Vrystaatse Hoof trek, 1938/10/24	Gedenksteen met gedenkplaat	Oorkant die N.G. Moeder-gemeente Kerk, Voortrekker-en Kerkstraat. ¹²⁸	<u>Onthul:</u> 1938/10/24 ¹²⁹	<u>Onthul deur:</u> Mnr. Lambert van Graan (92 jaar oud). ¹³⁰	Die gedenksteen is omhein en bestaan uit 'n brons gedenkplaat wat op 'n groot ysterklip aangebring is, gemonteer op 'n betonblad met drie sementtrappe. ¹³¹	<i>Ossewatrek Herdenksteen 1938.</i> ¹³²	17) V.R. Heunis, 2005-05-29.
Brandfort	Vrystaatse Hoof trek, 1938/10/24	Waspore in sement	Oorkant die N.G. Moeder-gemeente Kerk, Voortrekker-en Kerkstraat. ¹³³					18) V.R. Heunis, 2005-05-29.
Bredasdorp	Trekroete en datum onbekend	Waspore in sement	Voor die Biblioteek. ¹³⁴					19) A. van Schalkwyk, 2006-10-03.
Breërivier	Kaaplandse Hoof trek, datum onbekend	Toegemesselde kipstapel	Op die plaas <i>Tevrede</i> wat aan mnr. B. Lategan behoort het. ¹³⁵ Die plaas het oorspronklik		<u>Toegemessel</u> <u>deur:</u> Voortrekkers van Riebeeck-Wes. ¹³⁷	Piramiedvormige gedenkteken van ronde rivierklippe. ¹³⁸	Die inskripsie is onduidelik. ¹³⁹	

			aan Johannes Retief, 'n neef van Piet Retief behoort. ¹³⁶					
Broederstroom	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/12	Gedenkplaat	By die Voortrekkerkerkhof. ¹⁴⁰			Opgerig ter ere van Bart Pretorius. ¹⁴¹		
Bronkhorst-spruit	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/03	Waspore in sement	By die Balmoral konsentrasiekamp. ¹⁴²					
Burgersdorp	Oos-Kaaplandse Hoof trek, 1938/10/12	Klipstapel in gedenkmonument opgeneem	Noordwes van die Burgersdorp Hospitaal langs die Steynsburgpad waar dit by die Venterstadpas aansluit. ¹⁴³			Piramiedvormige gedenkmonument "wat uit die fondament spits na bo loop" met 'n sementkruin waarop 'n ossewawiel aangebring is. ¹⁴⁴	<i>EEUFEEES Hierlangs Voortrekker Ossewaens Piet Retief en Hendrik Potgieter 12 Oktober 1938.</i> ¹⁴⁵	20) J.J. van Tonder, p. 113.
Burgersdorp	Oos-Kaaplandse Hoof trek, 1938/10/12	Gedenkplaat	Aangebring op 'n 90-jaar oue Bloekomboomstomp. ¹⁴⁶	<u>Onthul op:</u> 1938/10/12 ¹⁴⁷	<u>Onthul deur:</u> Mev. Klopper. ¹⁴⁸	Die geskiedkundige boom is in ongeveer 1850 geplant en het tot die grootste boom in die noordoostelike Kaapland ontwikkel. ¹⁴⁹ Onder die boom is die doodsvonnis oor die Kaapse rebelle P. Klopper en R. Viljoen uitgespreek tydens die Anglo-Boereoorlog. ¹⁵⁰		21) D. Mostert, p. 342.
Burgersdorp	Oos-Kaaplandse Hoof trek, 1938/10/12	Gedenkteken	Teen Dreunberg. ¹⁵¹			Die bewoording <i>Burgersdorp 1846 - Welkom kakebeenwa 1938</i> is met wit klippe deur die plaaslike Voortrekkerbeweging teen die berg uitgepak. ¹⁵²		
Burgersfort	Louis Trichardt-	Klipstapel	By die ou fort teen 'n			'n Sementklip met die naam van een van die gesneuwelde		

	trek, 1938/11/30		boomstam opgestapel. ¹⁵³			burgers van die Sekhukhuni- oorlog daarop uitgerf, is ook geplaas. ¹⁵⁴		
Calvinia	Trekroete en datum onbekend	Gedenkmo- nument	N.G. Kerksaal GPS- koördinate: Suid 31° 27.37 Oos 19° 47.50 ¹⁵⁵			Het 'n vierkantige basis van sandsteenblokke met 'n sandsteen-ossewa bo-op gemonteer. ¹⁵⁶	<i>Eeufees 1938 Winburg Italana Moorivier.</i> ¹⁵⁷	22) A.J. van Wyk, 2006-10-02.
Carleton- ville	Sarel Cilliers-trek, 1938/11/30	Klipstapel wat in 'n gedenkteken opgeneem sou word	By <i>Wonder- fontein.</i> ¹⁵⁸					
Carleton- ville	Sarel Cilliers-trek, 1938/11/30	Klipstapel wat deel sou vorm van 'n Gideon Scheepers- monument	Scheepers familie- kerkhof op die plaas <i>Roode- poort.</i> ¹⁵⁹			Tydens die feesvieringe die middag is 'n betonkassie met boodskappe verseël, wat in 2038 uitgehaal en gelees moet word. ¹⁶⁰		
Carolina	Sarel Cilliers-trek, 1938/11/23	Gedenkte- ken ¹⁶¹						
Carnarvon	Hoeko-trek, 1938/10/15- 16	Toegemes- selde kipstapel	<u>Klipstapel opgerig:</u> By die suidelike uitgang net buite die dorp. ¹⁶²		<u>Klipstapel opgerig deur:</u> Die feesgangers. ¹⁶³	Piramiedvormig met 'n ronde klip bo-op en 'n gedenkplaat. ¹⁶⁴		23) J.J. van Tonder, p. 113.
Ceres	Fakkelloop, 1938/12/02- 03	Gedenkmo- nument	By <i>Kruidfontein.</i> Die terrein is aan die Voor- trekkerbewe- ging		<u>Gebou deur:</u> Ceres Voortrekker- kommando. ¹⁶⁶	Die monument bevat 'n gedenksteen van Pretoria- graniet met 'n byskrif daarop gegraveer. Bokant die steen is 'n sandsteen uit Ceres met 'n reliëf-afbeelding van 'n	<i>Opgerig deur Ceres se Voortrekkers op die Pad van Suid- Afrika, 2 Desember 1938.</i> ¹⁶⁸	24) Koerant- knipsel- plakboek 9, p. 1499.

			geskenk. ¹⁶⁵			ossewa wat noordwaarts beweeg. Op die steen is 'n fakkel van sement aangebring. Binne-in die monument is die volgende voorwerpe toegemessel: 'n Voortrekker-kommetjie, die Gedenk-uitgawe van die <i>Huisgenoot</i> , 'n perkamentrol met handtekeninge van die Ceres-span, die <i>Jongspan</i> van 18 November waarin die fakkelloop aangedui word, die Evangelie van Johannes, 'n kaart van die fakkelloop en program van die verrigtinge in Kaapstad. ¹⁶⁷		
Christiana	Hoeko-trek, 1938/11/15	Waspore in sement	By die Kerk. ¹⁶⁹					
Christiana	Hoeko-trek, 1938/11/15	Klipstapel	By die Markplein. ¹⁷⁰					
Citrusdal	Noordweste-trek, 1938/09/17	Klipstapel en kanon	<u>Klipstapeling en onthulling van kanon:</u> Voor die destydse C.J.V.-saal. ¹⁷¹ <u>Verskuif na:</u> Hoërskool Citrusdal. ¹⁷²	<u>Onthul op:</u> 1939/02/11 ¹⁷³ <u>Verskuif:</u> In die vroeë 1960's. ¹⁷⁴	<u>Kanon geskenk deur:</u> Mnr. Pieter Theron van <i>The Rest</i> . ¹⁷⁵	Die kanon is op die klippe van die oorspronklike klipstapel gemonteer en 'n bronsplaat is daarby aangebring. ¹⁷⁶		25) D. Mostert, p. 484.
Clanwilliam	Noordweste-trek, 1938/09/20	Waspore van die Johanna van der Merwe-wa in sement	By die kerkplein. ¹⁷⁷		<u>Wa oor sement getrek deur:</u> Die Burge-meester, mnr. Frikkie Visser. ¹⁷⁸	Ds. Lückhoff, mnr. Visser, die magistraat en ds. Du Toit se voetspore is ook in die nat sement afgedruk. ¹⁷⁹		
Clanwilliam	Noordweste-	Gedenkmo-	Langs die			In die vorm van 'n wawiel. ¹⁸¹		

	trek, 1938/09/20	nument	hoofstraat. ¹⁸⁰					
Colesberg	Vrystaters se trek, 1938/09/27	Klipstapel wat in 'n gedenkmonument opgeneem sou word	Naby die pad by die plaas <i>Eenzaamheid</i> . ¹⁸²			Op die plaas in die familiekerkhof is die graf van Willie Louw, 'n rebel wat op 23 November 1901 tereggestel is. Die groot klip wat deur die Britte op sy graf gerol is, sou ook in die gedenkmonument ingemessel word. ¹⁸³		
Colesberg	Vrystaters se trek, 1938/09/27-28	Klipstapel in gedenkmonument opgeneem	Suid van die dorp by die hoek van Torrenberg- en Hospitaalweg. ¹⁸⁴	<u>Klipstapel opgerig:</u> 1938/09/27 ¹⁸⁵	<u>Opgerig deur:</u> Die plaaslike publiek onder beskerming van die plaaslike Helpmekaar-tak. ¹⁸⁶	Die ysterklipmonument het 'n spits punt met 'n vierkantige basis. Voor op die spits punt is 'n loodglaspaneel van 'n brandende fakkel (die glas is gebreek) met 'n gedenksteen onderaan ter herinnering aan die Fakkelloop van 1938. Voor op die basis van die monument is 'n wawiel met bewoording in die rondings van die vellings. Die monument het 'n deurtjie aan die agterkant waarin voorwerpe waarskynlik gebêre is om in 2038 oopgemaak te word. ¹⁸⁷	<u>Bewoording onder loodglaspaneel:</u> <i>Fakkelloop 7 Des. 1938.</i> <u>Bewoording in wawiel:</u> <i>Ossewatrek Andries Pretorius Vrou en Moeder 27-28 Sept 1938.</i> ¹⁸⁸	26) V.R. Heunis, 2007-04-28.
Colesberg-brug	Vrystaters se trek, 1938/09/28	Gedenkmonument	Langs die nasionale pad (R717), ongeveer 6-7 km van die Oranjerivierbrug af, tussen Colesberg en Philippolis	<u>Onthul:</u> 1944/12/16 ¹⁹⁰	<u>Opgerig deur:</u> Mnr. Du Plessis. ¹⁹¹ <u>Onthul deur:</u> Ds. C.J. van Niekerk. ¹⁹²	Bestaan uit ysterklip. Die vorm van die monument is baie dieselfde as die een in Colesberg. Die granietbyskrif vertoon 'n illustrasie van 'n ossewa. ¹⁹³	<i>Gedenk Ossewatrek 1938 Onthul deur Ds. C.J. van Niekerk 16 Des. 1944</i> ¹⁹⁴ <i>Die Andries Pretorius Ossewatrek</i> ¹⁹⁵	27) V.R. Heunis, 2007-04-29.

			waar 'n steil hoogte begin. ¹⁸⁹					
Coligny	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/17	Gedenkteken ¹⁹⁶						
Cornelia	Trekroete onbekend, 1938/11/05	Waspoor van die Louis Trichardt-wa in sement	By die N.G. Kerk. ¹⁹⁷			Mnr. A. Kachelhoffer se skoenspoor is ook in die sement afgedruk. ¹⁹⁸		
Cradock	Oos-Kaaplandse Hoof trek, 1938/09/30 - 1938/10/02	Gedenkmoument	Langs die Cradock/Port Elizabeth-pad teen Seil-koppie, ongeveer 1-2 km van Markplein af. ¹⁹⁹			Bestaan uit ysterklip. ²⁰⁰ In die 1960's was die monumentjie in 'n goeie toestand, buiten dat dit gereeld met wit verf besmeer is en die letters <i>A.N.C.</i> ook gereeld daarop geverf is. Die Munisipaliteit moes dit telkens verwyder. ²⁰¹		
Cradock	Oos-Kaaplandse Hoof trek, 1938/09/30 - 1938/10/02	Toegemesselde klipstapel met gedenkplaat	By die plaas <i>Paardekraal</i> , op 'n bosbegroeide koppie, 90 m aan die westekant van die Cradock-Hofmeyer-pad, 42 km van Cradock af. GPS-koördinate: Suid 31°52.469 Oos 25°43.930 ²⁰²	<u>Klipstapel opgerig:</u> 1938/10/03 ²⁰³	<u>Voorsitter van Reëlingskomitee en eienaar van die plaas:</u> Mnr. Schalk Willem Opperman. ²⁰⁴	Tydens die geleentheid het Cradock die waens aan Hofmeyer oorgegee. ²⁰⁵ Die ronde silindervormige klipstapel wat met sement vasgemessel is, bestaan uit klippe met handgeskrewe inskripsies van die Opperman-familie. ²⁰⁶	<i>Baken op die "Pad van Suid-Afrika" Cradock-Maraisburg-grens tydens Ossewatrek 3 Okt 1938.</i> ²⁰⁷	28) C.J. Hay, 2006-10-21.

Danskraal	Natal-trek, 1938/12/07	Toegemesselde klipstapel				Ronde klipstapel en bewoording met wit letters geverf. ²⁰⁸		29) J.J. van Tonder, p. 114.
Daisyfield, Rhodesië	Oafhanklike Eeufeesviering, 1938/11/10-11	Hoeksteen van die Voortrekkerskool		<u>Hoeksteen gelê:</u> 1938/11/11 ²⁰⁹	<u>Hoeksteen gelê:</u> Eerw. A.J. Botha. ²¹⁰			
Dealesville	Vrystaters se trek, 1938/10/17	Hoeksteen in gedenkmonument opgeneem en waspore van die Andries Pretorius-wa in sement	By die N.G. Kerk. ²¹¹	<u>Hoeksteen gelê:</u> 1938/10/17 ²¹²	<u>Hoeksteen gelê deur:</u> Mnr. Roelf Olivier, die trekleier, en dr. B.A. de Wet, die onderleier van die trek. ²¹³	Dis 'n piramiedvormige monument. Die hoeksteen het die name van die trekgeselskap daarop. Klippe is simmetries in lae bo-op die hoeksteen gestapel. ²¹⁴ Van die klippe dra die name van die families wat in die gemeente voorkom. Die sementblok met die waspore en die spore van die twee agterosse, Bantam en Ysterman, sou ook ingemessel word. ²¹⁵		30) J.J. van Tonder, p. 113.
Danielskuil	Noordwestetrek, 1938/11/09	Gedenkteken	Onder die ou klipfort, op 'n heuwel aan die noordekant van die dorp. ²¹⁶		<u>Opgerig deur:</u> Danielskuil se Feeskomitee. ²¹⁷	Die bewoording <i>Eeufees 1938</i> is met wit kalkklippe teen die heuwel uitgepak. Die woorde is later deur die skool met die bewoording <i>Danielskuil</i> vervang. ²¹⁸		
Delareyville	Noordwestetrek, 1938/11/21	Waspore van die Johanna van der Merwe-wa in sement	Die plaas <i>Boesmanspan</i> . ²¹⁹		<u>Waspore gelê deur:</u> Familiëlede van mnr. Gert van Heerden, destydse eienaar van die plaas. ²²⁰			
Delareyville	Noordwestetrek,	Klipstapel	Op die plaas van mnr.			Genoem die Johanna van der Merwe-klipstapel. ²²²		

	1938/11/21		Hansie Meyer. ²²¹				
Delareyville	Noordwestetrek, 1938/11/21	Klipstapel wat later in 'n De la Rey-monument opgeneem sou word	<u>Klipstapelings</u> <u>plaasgevind:</u> Voor die Magistraats-hof. ²²³				
Delareyville	Noordwestetrek, 1938/11/21	Waspore in sement	By die Kerk. ²²⁴		<u>Wa getrek deur:</u> Lede van die Kerkraad. ²²⁵		
Delmas	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/05	Gedenkmoument	Voor die dorps Bibliotek. ²²⁶			Klippe in 'n piramiedvormige monument opgeneem met 'n spits punt van sement en 'n gedenkplaat voorop. ²²⁷	31) J.J. van Tonder, p. 114.
Delmas	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/05	Waspore in sement	Op die Plein. ²²⁸				
De Rust	Kaaplandse Hoof trek, 1938/09/05	Klipstapel in gedenk-teken opgeneem	By die kerk. ²²⁹				
De Rust	Kaaplandse Hoof trek, 1938/09/05	Gedenksteen	By die <i>Herrieklip</i> van Langenhoven in Meiringspoort, <i>De Rust</i> . ²³⁰			'n Marmergedenksteen is opgerig. Onder die aanwesiges was Langenhoven se vrou en Chris van Niekerk, die destydse president van die senaat. ²³¹	32) T. de Witte, p. 28.
Dewetsdorp	Trekroete onbekend, 1938/10/19	Klipstapel, waspore in sement en gedenkplaat	Dirkie Uys-terrein. ²³²		<u>Onthul deur:</u> Mnr. Klopper. ²³³	Die gedenkplaat is op die hek van die gronde aangebring. ²³⁴	
Dewetsdorp	Oanafhanklike Eeufeesviering	Standbeeld			<u>Beeldhouer:</u> Anton van Wouw. ²³⁵	Die aankoop van 'n standbeeld ter ere van genl. De Wet is in 1938 van stapel gestuur en 'n komitee is saamgestel om die	

						nodige fondse in te samel. Die borsbeeld van Anton van Wouw wat vier keer lewensgrootte is, is aanbeveel en sou ongeveer £600 gekos. Mnr. S.H. Pellisier het aanbeveel: "In hierdie jaar sal daar gewis baie monumente verrys en laat Dewetsdorp nie agterbly nie. Dewetsdorp is die ou woonplek van wyle genl. De Wet, daarom moet sy monument hier staan". ²³⁶		
Douglas	Hoeko-trek, 1938/11/06-07	Waspore van die Magrieta Prinsloo-wa in sement	Voortrekker-park op munisipale grond. ²³⁷			Die trekleiers, Attie Louw en Louis Nel, het hulle skoenspore ook in die nat sement afgedruk. ²³⁸		
Douglas	Hoeko-trek, 1938/11/06-07	Gedenkmoment	By die N.G. Kerk. ²³⁹			'n Basis van klippe in die vorm van 'n wiel en 'n fakkel bo-op. ²⁴⁰		33) INEG, Bloemfontein: PV 379 (ATKV), Lêer A 19/2 (a), 1968-02-28.
Dullstroom	Sarel Cilliers-trek, 1938/11/28	Waspore van die Sarel Cilliers-wa in sement	By die Burgermonument. ²⁴¹					
Dullstroom	Sarel Cilliers-trek, 1938/11/28	Toegemesselde klipstapel en waspore in sement	In die middel van die dorp by die Dullstroom Geloftefees Gedenktuin, Voortrekker-			Klein ronde klipstapeltjie wat boodskappe vir die jaar 2038 bevat. ²⁴³		34) V.R. Heunis, 2006-12-30.

			straat. ²⁴²					
Durbanville, Koebergdistrik	Kaaplandse Hoof trek, 1938/08/09-10	Klipstapel opgeneem in gedenk-teken	Munisipale tuin voor die Stadsaal. ²⁴⁴	<u>Klipstapel</u> : 1938/08/09 ²⁴⁵	<u>Opgerig deur</u> : Lede van die publiek. ²⁴⁶			
Edenburg	Vrystaters se trek, 1938/10/04	Klipstapel	Op 'n kliprantjie net buite die dorp, herdoop tot Andries Pretorius-kop. ²⁴⁷					
Edenville	Vrystaatse Hoof trek 1938/10/31	Dirkie Uys gedenkmo-nument	Dirkie Uys-sportterrein. ²⁴⁸		<u>Idee ontstaan by</u> : Mnr. Wynand Wessels, onder-inspekteur van skole, het die naam met 'n klippie op die grond geskryf en die hoop uitgespreek dat “dit die eerste klippie sal wees vir 'n monument op hierdie terrein vir die kinderheld van die Voortrek” ²⁴⁹	Die monument bestaan uit klippe met inskripsies vir die Eeufeesjaar 1938. Dit het 'n stewige struktuur van klipstene en begin piramied-vormig. Aan die bopunt word dit weer reghoekig en eindig met vier hoekstene (in die vorm van 'n kasteel). ²⁵⁰ Die name <i>Piet Retief</i> en <i>Andries Pretorius</i> verskyn op die linker- en regterkantste hoekstene bo-op die monument. ²⁵¹	<i>Voortrekkers, 1838-1938, Dirkie Uys-Sportveld.</i> ²⁵²	35) P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, p. 28.
Edenville	Vrystaatse Hoof trek 1938/10/31	Gedenkmo-nument en waspore van die Andries Pretorius-wa in sement	Voor die N.G. Kerk. ²⁵³	<u>Waspore gelê</u> : 1938/10/31 ²⁵⁴	<u>Granietbybel geskenk deur</u> : Die voorsitter van die reëlingskomitee, ds. P.J. van Vuuren. ²⁵⁵	Aan weerskante van die monument is die spore van die Sarel Cilliers-wa (links) en die Andries Pretorius-wa (regs). Die granietbyskrif vertoon 'n illustrasie van 'n ossewa. ²⁵⁶ Die monument het 'n granietbybel bo-op. In die	1838 <i>Voortrekkereuefees 1938 Sarel Cilliers spoor – Links Andries Pretorius spoor – Regs Gelê 31 Okt. 1938</i>	36) P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, p. 27.

						monument is verskeie items geplaas, onder meer programme van die Edenville en Pretoria Eeufees. ²⁵⁷	<i>Liefde en Vrede.</i> ²⁵⁸	
Elsburg	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/09	Gedenkmument	By die Kerkhof in <i>Elsburg.</i> ²⁵⁹			Nege grafte van die eerste inwoners van die dorp (o.a. Sarel Johannes Smit) is tydens die besoek van die waens herstel en skoongemaak en 'n groot klipgedenkteken met 'n toepaslike inskripsie is by die grafte aangebring. ²⁶⁰	<i>Ons onthou Onthul tydens die besoek van die 1938-Ossewatrek, deur die trekleier.</i> ²⁶¹	
Elsburg	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/09	Waspore in sement	By die Elsburg-skool. ²⁶²					
Enkeldoorn, Rhodesië	Onafhanklike Eeufeesviering, 1938/12/16	Hoeksteen vir gedenksaal			<u>Onthul deur:</u> Luit.-kol. E.L. Guest. ²⁶³			
Ermelo	Sarel Cilliers-trek, 1938/11/19-20	Waspore in sement	By die N.G. Kerk en ook die Herv. Kerk. ²⁶⁴					
Ermelo	Sarel Cilliers-trek, 1938/11/19-20	Klipstapel in 'n gedenkmument opgeneem	Op die kerkplein. ²⁶⁵					
Estcourt	Natal-trek, 1938/11/15	Gerrit Maritz-monument	Op die plaas <i>Zaailager</i> waar die laer van Gerrit Maritz oorspronklik gestaan het. ²⁶⁶	<u>Onthul:</u> 1938/11/15 om 14:30. ²⁶⁷	<u>Onthul deur:</u> Mev. Natalie Marais, kleindogter van die regter-president, en mej. Molly Behrens, die agterkleinkind. ²⁶⁸ <u>Opgerig deur:</u>	Die monument is in die vorm van 'n graniet-gedenknaald en staan vermoedelik op die plek waar Maritz se laer uitgespan het. ²⁷⁰	<u>Voor:</u> <i>Opgerig ter ere van Gerrit Marthinus Maritz Trekkerleier en Eerste president van Burgerraad 1797-1838.</i> ²⁷¹ <u>Agter:</u> <i>Onthul met besoek van die ATKV</i>	37) D. Mostert, p. 590.

					Historiese Kommissie van die Saamwerk-Unie. ²⁶⁹		<i>Voortrekkerwa 15 Nov 1938.</i> ²⁷²	
Evaton	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/05	Waspore in sement	By <i>Modderfontein</i> en op die plaas <i>Jachtfontein</i> . ²⁷³					
Excelsior	Oos-Vrystaatse trek, 1938/10/22-24	Gedenkmonument	By die N.G. Kerk. ²⁷⁴	<u>Onthul:</u> 1938/10/22 ²⁷⁵		Die monument bestaan uit sandsteenblokke en is in die vorm van 'n gedenknaald. Op die sandsteenblokke is die name van die deelnemers aan die 1938-feesvieringe gegraveer. Aan weerskante van die monument is 'n teerputs en watervaatjie van sandsteen en twee ysterremskoene is voor die monument gemonteer. ²⁷⁶	<i>Eeufees Ossewatrek 22 Okt. 1938.</i> ²⁷⁷	38) D. Ferreira, 2006-08-30.
Fauresmith	Vystaters se trek, 1938/10/03	Gedenkmonument en waspore van die Andries Pretorius- of Vrou-en-Moederwa	Voor die Stadsaal. ²⁷⁸			'n Vierkantige klipstruktuur in die middel van 'n wawel wat op die sementblad uitgebeeld is. Tussen die speke is grond om plantjies te plant. Die sementblad met die waspore is voor die monument. ²⁷⁹	<i>1838-1938 Voortrekkereeufees Ossewatrek Fauresmith 3 Okt 1938.</i> ²⁸⁰	39) P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, p. 29.
Fauresmith	Vystaters se trek, 1938/10/03	Klipstapel wat in 'n gedenkteken opgeneem sou word	Op die plaas <i>Boomplaats</i> by die rantjie waar die slag van Boomplaats plaasgevind het. ²⁸¹					
Ficksburg	Onafhank-	Gedenkmo-	Voor die		<u>Onthul deur:</u>	'n Tradisionele monument in		40) Koerant-

	like Eeu- feesviering, 1938/12/16	nument ter ere van genl. J. Fick	Stadsaal. ²⁸²		Mnr. Coenie Fick, seun van genl. Fick. ²⁸³	die vorm van 'n gedenknaald waaroor 'n klee gedrapeer is, met die OVS-vlag in reliëf voorop. ²⁸⁴		knipselplak- boek 9, p. 1514.
Fochville	Trekroete en datum onbekend	Gedenkmo- nument	Langs die hoofstraat voor die Landdros- kantoor. ²⁸⁵			Aalwyne is rondom die naaldvormige monument geplant. ²⁸⁶		41) J.J. van Tonder, p. 145.
Fochville	Trekroete en datum onbekend	Waspore van die Magrieta Prinsloo-wa in sement	<i>Jachtfontein.</i> ²⁸⁷					
Frankfort	Sarel Cilliers-trek, 1938/11/03	Gedenkmo- nument en klipstapeling	By die N.G. Kerk. ²⁸⁸			'n Reghoekige graniet- monument met 'n groot illustrasie van 'n kakebeewa voorop. ²⁸⁹	<i>Die Ossewatrek, Eeufees, 3 November, 1838- 1938.</i> ²⁹⁰	42) V.R. Heunis, 2005-09-04.
Frankfort	Sarel Cilliers-trek, 1938/11/03	Gedenktuin en gedenk- ereboog	Die munisipale tuin, herdoop tot die Voortrekker- tuin, oorkant die Stadsaal. ²⁹¹	<u>Onthul:</u> 1938/11/03 ²⁹²	<u>Onthul deur:</u> Mev. P. Havenan en mev. D. Albertyn. ²⁹³	By die oostelike ingang van die tuin is 'n ereboog van beton met die naam <i>Voortrekkertuin</i> , die datum 1938, en die leuse <i>Hou Koers</i> daarop. Op die pilare aan weerskante van die boog is illustrasies van 'n ossewatrek. Van die ander ingange het hekke van gietystertraliewerk met die datum 1938 daarop. ²⁹⁴ Persone kon teen betaling (5/-) hulle name op 'n koperplaat laat verskyn wat teen die pilare van die ereboog aangebring sou word. ²⁹⁵ Tydens 'n besoek in 2005 kon geen teken van koperplate gesien word nie. ²⁹⁶		43) V.R. Heunis, 2005-09-04.
Fraserburg	Hoeko-trek,	Waspore	By die					

	1938/10/12	van Magrieta Prinsloo-wa in sement	kerkplein. ²⁹⁷					
Fraserburg	Hoeko-trek, 1938/10/06	Gedenkmoment	Aan die bopunt of westelike punt van Voortrekkerstraat. ²⁹⁸			Die klipmonument van Beaufort-skalie is parmiedvormig, maar eindig in 'n platform met 'n sement wawiel bo-op. 'n Brons gedenkplaat van 'n ossewatrek is voorop gemonteer. ²⁹⁹		44) A. Woodman, 2006-05-12.
Glen	Vrystaatse Hoof trek, 1938/10/24	Gedenksteen en gedenkplaat	Tussen die hoofgeboue van die Landbouskool. ³⁰⁰	<u>Onthul op:</u> 1938/10/24 ³⁰¹	<u>Onthul deur:</u> Mev. I.J.P. du Plessis (eggenote van die hoof van die Landbou-skool). ³⁰²	Die gedenksteen is 'n rooi ysterklip van 2 ton met 'n brons gedenkplaat daarop. ³⁰³ Die klip is met 'n Vrystaatse vlag omhul wat blykbaar by Magersfontein gewapper het. ³⁰⁴	<i>Voortrekker-Eeufees 1838-1938 Die ossewaens van die A.T.K.V. (S.A.S. en H.) het hierlangs getrek op die pad van Suid-Afrika Glen, 24 Oktober, 1938.</i> ³⁰⁵	
Goodwood	Kaaplandse Hoof trek, 1938/08/08	Gedenksteen				Die geld wat vir die gedenkmonument ingesamel is, is eerder vir die Kinderstrandhuisfonds gebruik. Die besluit om eerder 'n gedenksteen op ter rig, het nie gerealiseer nie.		
Graaff-Reinet	Onafhanklike Eeufeesviering, 1938/12/16	Fondsinsameling en idee vir Andries Pretoriusmonument	Langs die hoofpad na Middelburg (Kaap) ongeveer 2 km noord van Graaff-Reinet. ³⁰⁶	<u>Hoeksteen gelê op:</u> 1938/12/16 ³⁰⁷ <u>Onthul op:</u> 1943/11/27 (op Andries Pretorius se verjaarsdag). ³⁰⁸	<u>Hoeksteen gelê deur:</u> Tant Annie du Toit. ³⁰⁹ <u>Beeldhouer:</u> Coert Steynberg. ³¹⁰ <u>Monument onthul deur:</u>	Die hoeksteen is van swart Transvaalse graniet. ³¹² Die monument bestaan uit 'n 5 m hoë granietborsbeeld van genl. Andries Pretorius met sy kenmerkende pluiskiel en strikdas. Sy linkerhand rus bo-op 'n wawielvoetstuk. ³¹³	<i>Eenmaal sal daar wel 'n wiel oor ons wêreld rol, wat vir u en vir my onkeerbaar is – Woorde wat A. Pretorius aan Sir Harry Smith in Natal gerig het.</i> ³¹⁴	45) M.J. Swart, p. 175.

					Mev. Preller. ³¹¹			
Graaff-Reinet	Langkloof-trek, 1938/09/17	Toegemesselde klipstapel	Langs die hoofpad net buite die dorp. ³¹⁵	<u>Klipstapel opgerig:</u> 1938/09/17 ³¹⁶	<u>Klippe gestapel deur:</u> Ongeveer 5000 feesgangers. ³¹⁷	Klippe is later in 'n hoë, ronde spitsvormige gedenkteken toegemessel. ³¹⁸		46) J.J. van Tonder, p. 115.
Grabouw	Bolandse trek, 1938/12/09	Dirkie Uys-monument	Op die terrein van die plaaslike (Sekondêre) Hoërskool. ³¹⁹	<u>Onthul:</u> 1938/12/09 tydens die besoek van die Dirkie Uys-wa. ³²⁰	<u>Kranslegging:</u> Mev. Wiesner, die trekleier se vrou. <u>Onthul en ontwerp deur:</u> Die skoolhoof, mnr. S.L. Stassen en is met geld gebou wat deur die leerlinge en personeel ingesamel is. ³²¹	Die monument is van graniet en is beskryf as "'n waardige monument vir die kinderheld van die Groot Trek". ³²²	<i>1838 Dirkie Uys 1938.</i> ³²³	47) D. Mostert, p. 699.
Grabouw	Bolandse trek, 1938/12/09	Klipstapel	In die hoek van die park. ³²⁴					
Graskop	Trekroete en datum van besoek onbekend	Klipstapel in gedenkteken opgeneem	By die N.G. Kerk. ³²⁵					
Greytown	Natal-trek, 1938/11/29	Gedenkmument	By die N.G. Kerkerrein. ³²⁶	<u>Onthul op:</u> 1938/11/29 ³²⁷	<u>Onthul deur:</u> Mev. S. Maartens, agterkleinkind van Piet Retief; mev. M. Minnie, afstammeling van Gerrit Maritz en mev. E. Stieger, afstammeling	Die klipgedenkteken bestaan uit 'n driehoekige klip met 'n reghoekige basis en 'n koperplaat met 'n afbeelding van 'n kakebeenwa daarop. ³³⁰	<i>Voortrekker-Eeufees 1838 – 1938 Ossewatrek Op die Pad van Suid-Afrika Greytown 29 November 1938.</i> ³³¹	48) J.J. van Tonder, p. 115.

					van Sarel Cilliers. ³²⁸ <u>Opgerig deur:</u> Die Reëlingskomitee waarvan dr. A.J. du Plessis die voorsitter was. ³²⁹		
Greytown	Natal-trek, 1938/11/29	Gedenk-bome	By die N.G. Kerkerrein. ³³²			Die twee bome wat op die gedenkwaardige dag geplant is, het die name van Piet Retief en die Vrou-en-Moeder gekry, vernoem na die twee waens wat die dag die dorp besoek het. Die name is op plaatjies by die bome aangebring. ³³³	
Griekwastad	Noordweste-trek, 1938/11/03	Klipstapel in gedenkmonument opgeneem	<u>Klipstapel opgerig:</u> Op die kerkplein. ³³⁴ <u>Klipstapel verskuif na:</u> 'n Spesiale terrein op die hoek van Hoof- en Voortrekkerstraat. ³³⁵			Langs die boompie wat deur ds. Lückhoff geplant is, is 'n Klipstapel op die kerkplein opgerig. Twee klippe van Bloedrivier af is deur mnr. en mev. Cornelius Britz gelê. ³³⁶ Die klipstapel is verskuif en in 'n klipmuur vasgemessel wat deel van die gedenkmonument vorm. Die monument het 'n halwe sementwiel op vier pilare en is in die middel van die klipmuur. Teen die klipmuur aan weerskante van die monument is borsbeelde van twee ingespande osse met jukke. In die gedenktuin voor die monument is ook 'n gravure en sonwyser opgerig. ³³⁷	49) J.J. van Tonder, p. 115.

Grootdrink	Noordwestetrek, 1938/10/21-23	Waspore in sement	By <i>Matjiesrivier</i> . ³³⁸					
Grootdrink	Noordwestetrek, 1938/10/21-23	Gedenkteken	By <i>Karos</i> , by die skool. ³³⁹			'n Gedenkteken van klip en sement. ³⁴⁰		
Grootdrink	Noordwestetrek, 1938/10/21-23	Klipstapel in gedenkteken opgeneem en die waspore van die Johanna van der Merwe-wa in sement	By <i>Straussburg</i> , langs die kerkhof. ³⁴¹			Ds. Lückhoff se skoenspore is ook langsaan die klipstapel in sement afgedruk. ³⁴²		
Grootdrink	Noordwestetrek, 1938/10/21-23	Klipstapel	By <i>Wilgenhoutsdrif</i> . ³⁴³					
Groot-Marico	Transvaalse Hoof trek, 1938/11/23	Klipstapel wat in 'n gedenkmonument opgeneem sou word	By <i>Kleinfontein</i> . ³⁴⁴					
Harrismith	Natal-trek, 1938/11/08	Burgermonument	Voor die munisipale tuin oorkant die Stadsaal, Wardenstraat. ³⁴⁵	<u>Onthul:</u> 1938/11/08 ³⁴⁶	<u>Model:</u> Groot Gert de Jager. <u>Beeldhouer:</u> Onbekende Italiaanse beeldhouer. <u>Geïnisieer deur:</u>	Die Burgermonument is opgerig ter ere van die burgers, vroue en kinders wat tydens die Anglo-Boereoorlog gesterf het. ³⁴⁹ Die monument bestaan uit 'n marmer-burgerfiguur ('n brandwag) wat op 'n granietvoetstuk bo-op 'n	<i>Tot eer en gedagtenis aan die moeders en kinders oorlede in die konsentrasiekamp op Harrismith en ander plekke in die Driejarige Oorlog</i>	50) C.J. de Vos, 2007.

					<p>Kol. P. du Plessis, kmdt. J. Jacobs en genl. W. Wessels</p> <p><u>Boukontrakteur:</u> Gelraeders Crankshaw.</p> <p><u>Onthul deur:</u> Kol. J.F.J. van Rensburg en genl. Wessel Wessels.³⁴⁷</p> <p><u>Opgerig deur:</u> Harrismith Kommando en Burgergrafte-komitee met die samewerking van die Sentrale Burgergrafte-komitee in Pretoria en die inwoners van Harrismith en distrik.³⁴⁸</p>	<p>ereboog geplaas is. Die monument het £900 (R1 800) gekos.³⁵⁰</p>	<p><i>1899-1902 Ons sal julle altyd onthou.</i></p> <p><i>Tot eer en gedagtenis aan die gesneuwelde Offisiere en Burgers van die Harrismith Kommando en wat vir hulle vryheid gestry en gely het in die Driejarige Oorlog 1899-1902 Ons sal julle altyd onthou.</i></p> <p><i>Hierdie monument is in die nag van 1 Maart 1940 deur die vyand van die Boerevolk geskend.³⁵¹</i></p>	
Harrismith	Natal-trek, 1938/11/08	Gedenktuin en gedenkplaat	Die munisipale tuin regoor die Stadsaal, Wardenstraat ³⁵²			Die tuin is deur die destydse burgemeester, mnr. Von Doring, na die Debora Retief-tuin herdoop. ³⁵³	<i>Debora Retief Tuine 1938.</i> ³⁵⁴	51) P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, p. 38.
Harrismith	Natal-trek, 1938/11/08	Waspore van die Piet Retief-wa in sement	By die N.G. Kerk, voor die Burgermonument. ³⁵⁵					52) P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, p. 40.
Hartenbos	Kaaplandse	Gedenk-	Het eers by die			Geld is nog tot en met 1943	<i>Trekbaken</i>	53) V.R.

	Hoof trek, 1938/08/26	steen	MS Pienaar Rusoord gestaan, maar word nou in die Hartenbos-museum gehuisves. ³⁵⁶			vir die Hartenbos-gedenksteen of trekbaken soos wat dit bekend gestaan het, ingesamel. Die gedenksteen is in 'n pragtige houtboekrak vervat. ³⁵⁷	<i>van die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (S.A.S. en H) ter gedagtenis aan die Simboliese Ossewatrek en die feesviering op Hartenbos 26 Augustus 1938.</i> ³⁵⁸	Heunis, 2006-09-29.
Hartenbos	Verskeie trekroetes, 1938	Gedenkstene	Langs die looppaadjie by die hoofingang van die Hartenbos-museum. ³⁵⁹	<u>Opgerig:</u> Is na 1938 na Hartenbos gestuur en in 1979 ingebou. ³⁶⁰		Die A.T.K.V. het 'n oproep vir gedenkstene gedoen (ook genoem trekbakens) in die vorm van klippe (ongeveer 250 cm x 400 cm) met die dorp se naam en datum van besoek daarop. ³⁶¹		54) V.R. Heunis, 2006-09-29.
Hartenbos	Kaaplandse Hoof trek, 1938/08/26	Waspore van die Andries Pretorius-wa in sement	Langs die Hartenbos-museum. ³⁶²					
Heidelberg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/08	Klipstapel	Tussen die grafte in die Heidelberg Konsentrasie-kampkerkhof. ³⁶³					
Heidelberg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/08	Klipstapel. Is nog nooit in 'n gedenkmonument vervat nie ³⁶⁴	By die feesterrein op <i>Driemanskop-pie</i> , noord van die Onderwys-kollege. ³⁶⁵					

Heidelberg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/08	Gedenkmuur	By die Heidelberg Volksskool. ³⁶⁶			'n Ossewa is daarop uitgebeeld. ³⁶⁷		
Heilbron	Vrystaatse Hoof trek, 1938/11/02	Gedenkmument	By Laerskool (Primêre skool) Vegkop. ³⁶⁸			Bestaan uit reghoekige klippe wat 'n trap na bo vorm met twee groot klipblaai wat 'n oop Bybel voorstel, met <i>Die Voortrekkers</i> se kenteken bo-op. ³⁶⁹	<i>Ossewatrek Heilbron 2 Nov. 1938.</i> ³⁷⁰	55) P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, p. 44.
Heilbron	Vrystaatse Hoof trek, 1938/11/02	Gedenkmument	By die N.G. Suidkerk. ³⁷¹			Die Vrou-en-Moeder-gedenkmument is 'n silindervormige klipmonument met 'n granietbybel bo-op met die bewoording <i>U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad</i> . Die graniet-byskrif bevat 'n illustrasie van 'n Voortrekkervrou. ³⁷²	<i>Vrou-en-moeder Voortrekker-eupees Ossewatrek op die Pad van Suid-Afrika Heilbron 2 Nov. 1938.</i> ³⁷³	56) P.J. Nienaber en C.P.J. le Roux, p. 42.
Hendrina	Sarel Cilliers-trek, 1938/11/22	Gedenkteken ³⁷⁴						
Hertzogville	Onafhanklike Eeu-feesviering, 1938/12/16	Klipstapel	By die Geloftefeesterrein by Morester. ³⁷⁵					
Hobhouse	Trekroete en datum onbekend	Miniatuur gedenkmument	By die Hoërskool Sarel Cilliers. ³⁷⁶			'n Miniatuurmodel van die Geloftekerk. ³⁷⁷	<i>Hoërskool Sarel Cilliers ter herdenking aan die Eeufesjaar 1938.</i> ³⁷⁸	57) P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, p. 45.
Hoeko	Hoeko-trek, 1938/09/29	Waspore van die Magrieta Prinsloo-wa in sement	By die woning van C.J. Langenhoven (die skrywer van <i>Die Pad van Suid-Afrika</i>). ³⁷⁹				Mev. Langenhoven het met haar vinger die woorde op die sementblok geskryf: <i>Voortrekker-eupees</i> , 1938,	

							<i>Vroutjie.</i> ³⁸⁰	
Hofmeyer	Oos-Kaaplandse Hoof trek, 1938/10/04	Gedenk-naald	By <i>Fonteintjie</i> , die destydse plaas van die Du Plessis-broers. ³⁸¹			Opgerig ter ere van C.J. du Plessis wat die die eerste 'Dingaansfees' in 1911 in Kaapland geïnisieer het en die grond as feesterrein geskenk het. ³⁸²		58) Koerantknipselplakboek 6, p. 1049.
Hofmeyr	Oos-Kaaplandse Hoof trek, 1938/10/04	Hoeksteen vir die nuwe kerksaal	Kerkplein. ³⁸³			'n Soliede klip gelê ter herinnering aan die besoek van die Piet Retief-, Hendrik Potgieter- en Louis Trichardt-wa. ³⁸⁴		
Hofmeyr	Oos-Kaaplandse Hoof trek, 1938/10/04	Toegemes-selde klipstapel	In die munisi-pale tuin in die middel van die dorp. ³⁸⁵			Piramiedvormig. ³⁸⁶		
Hopetown	Hoeko-trek, 1938/11/02	Waspore van die Magrieta Prinsloo-wa in sement en toegemes-selde kipstapel	By die kerk opgerig. ³⁸⁷			Klipstapel en waspore in sement is vernietig toe die ou kerk gesloop en 'n nuwe hostelgebou opgerig is. ³⁸⁸		
Humansdorp	Langkloof-trek, 1938/09/06	Hoeksteen van die Piet Uys-monument		<u>Hoeksteenleg-ging:</u> Die middag van 1938/09/06 ³⁸⁹				
Humansdorp	Langkloof-trek, 1938/09/06	Waspore van die Andries Pretorius-wa in sement	Erf nr. 275 tussen Piet Uys-, Alexander- en Kingstraat. ³⁹⁰					
Jacobsdal	Trekroete onbekend, 1938/11/19	Gedenkm-ument	By <i>Perde-berg</i> . ³⁹¹			Die omheinde monument het 'n langwerpige, reghoekige struktuur en bestaan uit		59) P.J. Nienaber en C.J.P. le

						vasgemesselde gegraveerde klippe. ³⁹²		Roux, p. 47.
Jacobsdal	Trekroete onbekend, 1938/11/19	Gedenkplaat	By die Voortrekkerplein. ³⁹³					
Jamestown	Grensboerse trek, 1938/10/11	Waspore van die Sarel Cilliers-wa in sement	Markplein, ook genoem die Voortrekkerplein. ³⁹⁴					
Jamestown	Grensboerse trek, 1938/10/11	Klipstapel in gedenkmonument opgeneem	<u>Klipstapel:</u> Op die plaas <i>Die Nek</i> , ongeveer 10 km buite Jamestown. <u>Verskuif na:</u> Ongeveer 40 km van die nuwe pad af. ³⁹⁵			'n Klipstapel is ter ere van Louw Wepener opgerig aan wie die plaas behoort het voordat hy Vrystaat toe getrek het. Die klipstapel is later verskuif en in 'n piramiedvormige gedenkmonument ingemessel. ³⁹⁶		
Jansenville	Langkloof-trek, 1938/09/14	Klipstapel	By die Hoërskool. ³⁹⁷					
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/06	Klipstapel en gedenksaal	By die Dingaans/Geloftefeesterrein in <i>Alberton</i> . ³⁹⁸	<u>Klipstapel opgerig:</u> 1938/12/06 ³⁹⁹	<u>Opgerig deur:</u> Germiston-Alberton Dingaansfeeskommissie. ⁴⁰⁰	Klipstapel sal opgerig word net voor die plek waar die gedenksaal gebou word. ⁴⁰¹		
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/06	Waspore van die Andries Pretorius-wa in sement	Die N.G. Kerk in <i>Alberton</i> . ⁴⁰²					
Johannesburg	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/06	Gedenkplaat	By die Gereformeerde Kerk in <i>Benoni</i> . ⁴⁰³	<u>Onthul op:</u> 1938/12/06 ⁴⁰⁴	<u>Onthul deur:</u> Mnr. Japie Boshoff. ⁴⁰⁵			

Johannesburg	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/06	Gedenksteen	By die Hoërskool Brandwag in <i>Benoni</i> . ⁴⁰⁶	<u>Onthul op:</u> 1938/12/06 ⁴⁰⁷	<u>Onthul deur:</u> Mev. Preller. ⁴⁰⁸ <u>Geskenk deur:</u> Die Oudleerlingbond. ⁴⁰⁹			
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/10	Gedenkstenen	By <i>Bezuïdenhoutsvallei</i> . ⁴¹⁰					
Johannesburg	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/08-09	Klipstapel	Die N.G. Kerk <i>Boksburg</i> . ⁴¹¹	<u>Klipstapel opgerig:</u> 1938/12/08 ⁴¹²				
Johannesburg	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/08-09	Hoeksteen van die Voortrekker-gedenkkerk	Die N.G. Kerk <i>Boksburg-Noord</i> , ook genoem die “Voortrekkerkerk” in Sarel Cilliersstraat nr. 47. ⁴¹³	<u>Hoeksteen gelê:</u> 1938/12/08 ⁴¹⁴ <u>Ingewy:</u> 1939/05/20 ⁴¹⁵	<u>Hoeksteen gelê deur:</u> Mnr. H.J. Klopper. <u>Gedenksteen gelê deur:</u> Ds. G.J.J. Boshoff. ⁴¹⁶ <u>Argitekte:</u> Geers en Geers. ⁴¹⁷	Nog ’n wa het by die Sarel Cilliers-wa aangesluit, gevul met historiese klippe wat oor die hele land langs die trekroetes versamel is (van die Kaap af tot terreine waar bekende veldslae plaasgevind het) om in die oostelike en westelike mure van die kerk ingebou te word. ⁴¹⁸ ’n Klip is onder meer uit die fondament van die bouval van die Marianna-kerkie op die plaas <i>Doventon</i> in die distrik Winterton, gebreek om in die kerkgebou ingemessel te word. ⁴¹⁹ ’n Gedeelte van die Kaaplandse Hoof trek-geselskap het ook tydens ’n funksie op die plaas <i>Voorbaai</i> , naby Hartenbos, ’n klip gaan haal wat namens die A.T.K.V. in die Voortrekkerkerk ingemessel sou word. ⁴²⁰ Mnr. Klopper het ook ’n onderdeel	60) D. Mostert, p. 659.	

						of wiel van een van die waens aangebied om deel van die kerk se preekstoel te vorm. ⁴²¹ Na die kerk is verwys as “een van die pragtigste gedenktekens van die Trek”. ⁴²²		
Johannesburg	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/08-09	Waspore van die Sarel Cilliers-wa in sement	By die N.G. Boksburg-Noord Kerk, ook genoem die Voortrekkerkerk. ⁴²³	<u>Waspore gelê:</u> 1938/12/08 ⁴²⁴				
Johannesburg	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/08-09	Klipstapel	By die Hoërskool Voortrekker in Boksburg-Oos. ⁴²⁵	<u>Klipstapel opgerig:</u> 1938/12/09 ⁴²⁶		Klippe sou vir ’n Voortrekkerrotstuin gebruik word. ⁴²⁷		
Johannesburg	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/08-09	Gedenkpaneel	By die Voortrekker Hoërskool in Boksburg-Oos, by die Voortrekker-saal teen die muur onder die vensters. ⁴²⁸	<u>Onthul:</u> 1938/12/09 ⁴²⁹	<u>Onthul deur:</u> Mnr. H.J. Klopper. <u>Beeldhouer:</u> Mnr. Anton van Wouw. ⁴³⁰	Die Voortrekkergedenkpaneel is in basreliëf en stel ’n trektoneel voor. ⁴³¹		61) C. Kruger, s.a.
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/03	Hoeksteenlegging van gedenkmument	Hoërskool Helpmekaar, tans die Helpmekaar Kollege in Braamfontein. ⁴³²	<u>Drieledige hoeksteen gelê:</u> 1938/12/03 om 10:00 ⁴³³ <u>Onthul op:</u> 1939/08/19 ⁴³⁴ <u>Heronthul op:</u> 1960/09/16 ⁴³⁵	<u>Hoekstene gelê deur:</u> Ds. W. Nicol, stigter van die skool, mnr. J.G. Brink, die hoof en mej. Naomi van Niekerk, die hoofmeisie. ⁴³⁶ <u>Onthul deur:</u>	Die drie hoekstene van ’n miniatuurmodel van die Voortrekkermonument is gelê. ⁴⁴⁰ Die monument is in 1948 deur vandale beskadig (waentjies is afgebreek en gate is in die traliewerk van die vensters gekap) – vermoedelike uit wraaksug omdat die NP die verskiesing	1) <i>Aanskou die rots waaruit julle gekap is</i> 2) <i>Komaan</i> 3) <i>Ons sal onthou en dien.</i> ⁴⁴²	62) M.J. Swart, p. 267.

					<p>Mev. J.G. Brink.⁴³⁷ <u>Ontwerp deur:</u> Gerard Moerdijk.⁴³⁸ <u>Gebou deur:</u> Firma Lupinibroers vir £600 (R1200).⁴³⁹</p>	<p>gewen het. As gevolg van aanbouings by die skool, is die monument in 1955 afgebreek en verskuif.⁴⁴¹</p>	
Johannesburg	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/07	Klipstapel in gedenkmonument opgeneem	By die Stadsaal in <i>Brakpan</i> in Kingsway-laan. ⁴⁴³			Na afloop van die Eeufeesvieringe is by die Stadsraad aansoek gedoen vir agt granietpilare om in die monument op te neem. ⁴⁴⁴	
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/03	Gedenkmonument	By die <i>Brixton</i> Afrikaanse Medium Skool. ⁴⁴⁵		<u>Onthul deur:</u> Ds. De Klerk. ⁴⁴⁶		
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/03	Oudstrydersmonument ⁴⁴⁷	Naby die New Nation skool in <i>Cottesloe</i> , oostelike end van Eerste-straat, oorkant die Hervormde Kerk. ⁴⁴⁸	<p><u>Klipstapelning:</u> 1938/11/19⁴⁴⁹ <u>Onthul:</u> 1938/12/03 om 8:00⁴⁵⁰</p>	<p><u>Georganiseer deur:</u> Mnr. Gert Jooste, 'n Oudstryder uit die Anglo-Boereoorlog.⁴⁵¹ <u>Onthul deur:</u> Kmdt. Koos Jooste.⁴⁵² <u>Behoort aan:</u> Voorheen behoort aan die Oudstryders Monument Komitee, maar behoort nou aan die Stadsraad van Johannesburg.⁴⁵³</p>	<p>Die 2 m hoë reghoekige monument is ter ere van Oudstryders opgerig wat aan die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) deelgeneem het. In 1938 het Oudstryders elk 'n klip of gedenkplaat saamgebring wat in die monument ingemessel is.⁴⁵⁴ Stene van sandsteen, graniet, seepsteen en leiklip met inskripsies van Oudstryders kom teen die vier kante van die monument voor, asook voor teen die basis. Deur die jare het van die inskripsies al begin verdof. Die monument is in 2006 deur CoJ Arts Culture and Heritage gerestoureer.⁴⁵⁵ Verskeie</p>	63) M.J. Swart, p. 267.

						<p>voorwerpe is in 'n ou driepootpot in die monument geplaas, o.m. die <i>Transvaler</i>, <i>Vaderland</i> en <i>Rand Daily Mail</i> van 19 November 1938; 'n kersfeeskaartjie met illustrasie van die Voortrekkermonument; 'n herdenkingsboek van die Transvaal Onderwysvereniging; <i>Kerkblad</i>, <i>Voorligter</i>, <i>Taalgenoot</i> en <i>SA Railways and Harbours</i> - tydskrifte van 1938; 'n Afrikaanse en Hollandse Bybel en Psalmboek; 'n boek van Andrew Murray; 'n foto en glasnegatief van Paul Kruger; 'n brosjure en besoekersgids van Johannesburg en 'n kaart van die roetes van die Simboliese Ossewatrek.⁴⁵⁶</p>		
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/03	Klipstapel	By die ou Cottesloeskool, nou die New Nation skool in <i>Cottesloe</i> . ⁴⁵⁷		<p><u>Onthul deur:</u> Mnr. Tienie van Schoor.⁴⁵⁸ <u>Klippe gestapel deur:</u> Honderde skoolkinders.⁴⁵⁹</p>	Die klipstapel is toegemessel met 'n gedenksteen daarop ⁴⁶⁰		
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/07	Gedenkmument	<i>Elandsfontein</i> . ⁴⁶¹			Ter ere van die 18-jarige Willem Kamffer wat in die Anglo-Boereoorlog gesneuwel het. ⁴⁶²		
Johannesburg	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/09	Waspore en voetspore in sement	By die Elsburgskool in <i>Elsburg</i> . ⁴⁶³			By die spore is ook 'n visdam, priel en vlagpaal opgerig waar die personeel soms tee gedrink het. Die vlagpaal,		64) J.J. van Tonder, p. 92.

						dammetjie en prieel is later verwyder. ⁴⁶⁴		
Johannesburg	Sarel Cilliers-trek, 1938/12/09	Gedenkmument	By die Kerkhof in <i>Elsburg</i> . ⁴⁶⁵					
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/03	Toegemeseelde klipstapel	By die Laerskool Fairland in <i>Fairland</i> . ⁴⁶⁶			Piramiedvormige klipgedenkteken. Verskeie voorwerpe is in die monument geplaas wat eers in 2038 oopgemaak moet word. ⁴⁶⁷		65) J.J. van Tonder, p. 114.
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/05	Gedenkpaneel	By die Stadsaal in <i>Germiston</i> . ⁴⁶⁸		<u>Onthul deur:</u> Mnr. H.J. Wannenburg. ⁴⁶⁹			
Johannesburg	Onafhanklike Eeufeesviering	Gedenksaal ⁴⁷⁰						
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/05	Gedenknaamplaat	Op die hoek van Voortrekkerstraat en Gardenweg in <i>Germiston</i> . ⁴⁷¹		<u>Onthul deur:</u> Oud-burgemeester J.H. Rossouw. ⁴⁷²			
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/06	Gedenktuin, gedenksteen en klipstapel	By die destydse Feesterrein by <i>Grassmere</i> . ⁴⁷³		<u>Onthul deur:</u> Tant Sarie Lückhoff. ⁴⁷⁴	Die gedenksteen in die vorm van 'n wawiel teen ruwe rotse is onthul deur 'n Vierkleur daarvan af te trek. 'n Rotstui met inheemse plante en blomme is aangelê. Op dieselfde dag is serde- en eikebome ook geplant. ⁴⁷⁵		
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/07	Klipstapel en waspore in sement	By die Skool by <i>Hartzenbergfontein</i> . ⁴⁷⁶					
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/10	Gedenkplaat	Die Abraham Kriel Kinderhuis by <i>Langlaagte</i> . ⁴⁷⁷			'n Koperplaat met 'n toepaslike opskrif sal aan mev. Kriel oorhandig word. ⁴⁷⁸		
Johannesburg	Transvaalse	Waspore	Voor die					

burg	Hoof trek, 1938/12/09	van die waens, asook die spore van die klein Rachel de Beer-waentjie. ⁴⁷⁹	gedenksaal van die Abraham Kriel-kinderhuis by <i>Langlaagte</i> . ⁴⁸⁰					
Johannesburg	Transvaalse Hoof trek, 1938/12/09	Gedenkplaat	By die <i>Langlaagte</i> Stasie. ⁴⁸¹			'n Bronsplaas ter ere van genl. De la Rey wat op 14 Desember 1914 daar naby doodgeskiet is. ⁴⁸²		
